



**DIE ONTWIKKELING EN EVALUASIE VAN 'N
SENSITISERINGSHULPMIDDEL VIR OPVOEDERS IN GESONDE
PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING**

deur

RENCHÉ NEL

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die graad**

DOCTOR PHILOSOPHIAE (SIELKUNDE)

aan die

**FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

OKTOBER 1999



VOORWOORD

In hierdie studie was twee navorsers betrokke by die ontwikkeling, samestelling en evaluering van 'n sensitiseringshulpmiddel. Die navorsers was van mening dat 'n substansiële bydrae op die gebied van persoonlikheidsontwikkeling deur hierdie spesifieke betrokkenheid gemaak kon word.

Die rykheid van die bydrae het daaruit gespruit dat daar vanuit twee (in plaas van een) verskillende persoonlikheidskonstrukte, naamlik lokus van kontrole (LVK) en egosterkte (ES) gewerk kon word. Die voordele van hierdie werkswyse was dat 'n groter veld van persoonlikheidsfunksionering deur dieselfde werkswyse gedek kon word, ooreenkomste en verskille verreken kon word (dus 'n kontrole funksie) en dat die geïdentifiseerde patroonkategorieë uit die konstrunkte meer verteenwoordigend van persoonlikheidsfunksionering kon wees.

Beide navorsers en die besluitnemers van die akademiese instelling waar die studie geregistreer is, het tydens die beplanningsfase van die studie die waarde ingesien van 'n geïntegreerde werkswyse. Die dokumentering van die proefskrifte gebaseer op die navorsing, kan met 'n sistemies-gestruktureerde dinkskrum vergelyk word. Beplanning is gedoen deur 'n breë raamwerk daar te stel. Hierna is argumente of standpunte ingedeel en geformuleer. Hierdie proses van gesamentlike formulering was geweldig tydrowend, aangesien die twee navorsers met hulle verskillende denkstyle en uitdrukkingsvermoëns voortdurend die inligting en idees moes integreer tot voordeel van die studie.

Die gebruikelike akademiese vereistes van die Universiteit vir toekenning van die doktorsale graad is egter dat elke navorser ook 'n unieke bydrae met betrekking tot die proefskrif moet lewer. Dit het die navorsers genoop om, afgesien van die gesamentlike navorsing, ook individuele bydraes te maak.

Die gekose konstrunkte (ES en LVK) is teoreties bestudeer en word in Deel I uitvoerig uiteengesit. Hoewel beide navorsers hul vergewis het van die teoretiese begronding, is Deel I deur I. De Beer gefinaliseer. Die navorsingsprojek en evaluasie is eweneens die produk van beide navorsers se wetenskaplike ingesteldheid. Die afronding, soos uiteengesit in Deel II van die studie, oor die ontwikkeling en evaluasie van 'n sensitiseringshulpmiddel vir opvoeders in gesonde persoonlikheidsfunksionering, is egter

deur R. Nel gefinaliseer. Twee afsonderlike titels is ook vir graaddoeleindes as Deel I en Deel II geregistreer, naamlik: *Egosterkte en lokus van kontrole: 'n Sisteemteoretiese studie vir die ontwikkeling van 'n opvoedkundige sensitiseringshulpmiddel* (Deel I), en *Die ontwikkeling en evaluasie van 'n sensitiseringshulpmiddel vir opvoeders in gesonde persoonlikheidsfunksionering* (Deel II).

By nabetrugting lê die grootste bydrae van die navorsingsproses egter steeds in die integrasie van die inligting en idees soos tydens die beplanning voorsien. Die studie, hoewel kompak aangebied, is hierdeur omvangryk en goed deurtrap: die sensitiseringshulpmiddel is ontwikkel, geëvalueer en ook in 'n bemerkbare formaat daargestel.

'n Werkswyse soos hierdie het hoë eise op interpersoonlike vlak aan die betrokke navorsers gestel. Die navorsers moes hul verskillende denkstyle en uitdrukkingsvermoëns voortdurend integreer om reg aan die studie te laat geskied. Beide se unieke persoonlikhede en omstandighede moes geakkommodeer word en logistieke probleme het bykomende druk gebring. Die persoonlike en akademiese voordele wat hierdie proses ingehou het, het egter die eise daarvan by verre oorskadu.

Navorsers: Ilse de Beer & Renché Nel

DANKBETUIGINGS

My opregte dank aan die volgende persone vir hul hulp en ondersteuning tydens die studie:

- * Dr. Carina Fiedelley-Van Dijk, my studieleier, vir haar raad en leiding tydens die studie op beide akademiese en persoonlike vlak
- * Prof. D. Beyers vir die finale afronding en tegniese hulp met die afhandeling van die proefskrif
- * My mede-navorser, Ilse de Beer, vir die finalisering van die basis waaruit die sensitiseringsprogram ontwikkel is
- * Al die respondente wat deelgeneem het aan die studie vir hul entoesiasme en bydraes
- * Die opvoeders wat deelgeneem het aan die evaluering van die hulpmiddel
- * Elmarie de Bruyn vir die netjiese tik van die proefskrif
- * Herman van Niekerk vir sy kreatiewe hulp en bydrae met die saamstel van die hulpmiddel
- * Mariëtte Kriel vir die taalversorging van die proefskrif
- * My man Rudi en my dogters, Lana en Linda, vir hul liefde, opofferings en aanmoediging
- * My familie en veral my moeder en suster vir hul onbaatsugtige bystand en ondersteuning tydens die studie
- * My Hemelse Vader wat my deur hierdie proses gedra het

OPSOMMING

DIE ONTWIKKELING EN EVALUASIE VAN 'N SENSITISERINGSHULPMIDDEL VIR OPVOEDERS IN GESONDE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

KANDIDAAT: R. Nel
DEPARTEMENT: Sielkunde
PROMOTOR: Dr. C. Fiedeldey-Van Dijk
GRAAD: Doctor Philosophiae

Die doel van hierdie studie was om 'n sensitiseringshulpmiddel oor gesonde persoonlikheidsfunksionering te ontwikkel. Dit kan dien as 'n hulpmiddel vir opvoeders wat dit kan aanwend as deel van hul opvoedkundige kennis. Die vaardighede wat hierdie hulpmiddel onderskryf, is daarop gerig om gesonde persoonlikheidsfunksionering te bevorder.

Die denkraamwerk van waaruit die navorsers gewerk het, was idealisties interpreterend met realisasie in die sisteemteorie. Die keuse van die denkraamwerk was gebaseer op die feit dat persoonlikheidsfunksionering oor die algemeen as multi-dimensioneel beskou word, asook dat persone voortdurend in interaksie is met ander persone. Mense funksioneer ook in veranderlike situasies en kontekste.

Twee persoonlikheidskonstrukte naamlik Lokus van Kontrole en Egosterkte is akademies ontleed en die resultate hiervan is geïntegreer. Alhoewel die keuse van die twee konstrukte arbitrêr was, was dit geregverdig op grond van praktykondervinding, uitgesproke behoeftes van ander opvoeders en die klem wat tans akademies op die twee konstrukte geplaas word.

Die totale studie soos uiteengesit in twee volumes (Deel I en Deel II) soos onderskeidelik gefinaliseer deur die navorsers, I. De Beer en R. Nel, was deurlopend gerig deur drie vlakke van data-ontleding. Op die eerste-orde-ontledingsvlak is die bestaande literatuur oor die twee konstrukte geëkstrapoleer. Die inligting is geïntegreer en 'n konsephulpmiddel is hieruit ontwikkel. Hierdie ontwikkeling het plaasgevind deur patroonkategorieë te skep met behulp van tweede-orde-ontleding. Die konsephulpmiddel

het bestaan uit 'n gestruktureerde deel (vyf-puntskaal) en 'n semi-gestruktureerde deel (bydraes wat respondente spontaan moes genereer). Die konsephulpmiddel is aangebied aan 'n geselekteerde steekproef van 32 opvoeders naamlik ouers, onderwysers en sielkundiges. Die opvoeders het die hulpmiddel geëvalueer en ook hulle eie idees weergegee. Inligting wat hieruit verkry is, is in fokusgroepsessies bespreek en verfyn.

Die data wat hieruit verkry is, is kwalitatief ontleed, statisties verwerk, geïntegreer en as 'n konsephulpmiddel ontwikkel. Die konsephulpmiddel is deur opvoeders in die praktyk geëvalueer. Die finale hulpmiddel is in gebruikersvriendelike taal en vorm saamgestel. Hierna is die hulpmiddel teruggekoppel na die oorspronklike konstruksie waaruit dit ontwikkel is. Laastens is die studie en die hulpmiddel konseptueel in terme van die huidige stand van die sielkunde, asook binne die groter konteks van Suid-Afrika bespreek. Verskeie aanbevelings vir verdere navorsing is gemaak, soos byvoorbeeld om 'n werkboek saam te stel wat voorsiening maak vir die meting van die doeltreffendheid van die hulpmiddel, asook om die hulpmiddel vir groepe met unieke behoeftes toepasbaar te maak.

SUMMARY

THE DEVELOPMENT AND EVALUATION OF A SENSITIZATION AID FOR EDUCATORS CONCERNED WITH HEALTHY PERSONALITY FUNCTIONING

CANDIDATE: R. Nel
DEPARTMENT: Psychology
PROMOTER: Dr. C. Fiedeldey-Van Dijk
DEGREE: Doctor Philosophiae

The aim of this study was to develop a sensitisation aid for healthy personality functioning. It can be used as an aid by educators who can utilize it as part of their educational knowledge. The skills that this aid underwrites are aimed at promoting healthy personality functioning.

The frame of reference used by the researchers was idealistic interpretation with realisation in the systems approach. The choice of the reference framework was based on the fact that personality functioning is in general, considered to be multi-dimensional and that people are continually interacting with others. People also function in variable situations and contexts.

Two personality constructs namely Locus of Control and Ego Strength were academically analysed and the results were integrated. Although the choice of constructs was arbitrary, they were justified on the grounds of experience obtained in practices, expressed needs from other educators and the emphasis currently placed on the two constructs by academics.

The completed study as explained in two volumes (Part I and II) and finalized by the researchers I. De Beer and R. Nel respectively, was conducted at three levels of data analysis. In the first-order analytical level, the existing literature on the constructs was extrapolated. This information was integrated and a concept aid was developed hereafter. This development was done by the creation of pattern categories with the aid of second-order analysis. The concept aid consisted of a structured section (a five point scale) and a semi-structured section (inputs that had to be generated spontaneously by respondents).

The concept aid was presented to a selected sample of 32 educators namely parents, teachers and psychologists. The educators evaluated the aid and also included their own ideas. The information gathered from this process was discussed and refined in focus groups.

The data that was acquired was quantitatively analysed and statistically processed and re-integrated as a concept aid. The concept aid was evaluated in practice by educators. The final aid was compiled in an user friendly language and format. Hereafter the researchers re-coupled the aid back to the original constructs from which it was derived. To conclude with, the study and the aid were discussed conceptually in terms of the current state in psychology as well as within the broader context of South Africa. Numerous recommendations for further research were made. Examples of these are the compilation of a workbook that provides for the measurement of the effectiveness of the aid and the adaptation of the aid to meet the requirements of groups with unique needs.



SLEUTELBEGRIJPE

Sensitiseringshulpmiddel

Opvoeder

Sisteembenadering

Voorkoming

Ontwikkeling

Persoonlikheidsfunksionering

Funksionele gedrag

Gedragsmanifestasies

Persoonlikheidskonstrukte

Egosterkte

Lokus van kontrole

KEY CONCEPTS

Sensitization aid

Educator

Systems approach

Prevention

Development

Personality functioning

Functional behaviour

Behavioural manifestations

Personality constructs

Ego strength

Locus of control

INHOUDSOPGAWE

DEEL II

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN OORSIG: TEORETIESE ONDERBOU

1.1	Inleiding	1
1.2	Oorsig van Deel I	1

HOOFSTUK 2

NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

2.1	Inleiding	3
2.2	Paradigmatiese begronding	5
2.3	Formulering van empiriese doelstellings	10
2.4	Navorsingsontwerp	11
2.4.1	Ontwikkeling van die konsephulpmiddel: Navorsingsontwerp	12
2.4.1.1	Steekproefneming	12
2.4.1.2	Data-insameling	14
2.4.1.3	Data-ontleding	14
2.4.2	Evaluasie van die konsephulpmiddel: Navorsingsontwerp	15
2.4.2.1	Steekproefneming	15
2.4.2.2	Data-insameling	16
2.4.2.3	Data-ontleding	16
2.5	Geldigheidsverklaring van die hulpmiddel	16
2.6	Samevatting	18

HOOFSTUK 3

STATISTIESE ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN DATA

3.1	Inleiding	19
3.2	Posisionering ten opsigte van ontwikkeling	19
3.3	Respondenteprofiel: Ten opsigte van ontwikkeling	20
3.4	Kwalitatiewe integrasie: Ten opsigte van ontwikkeling	21
3.5	Doelstellings en statistiese aannames: Ten opsigte van ontwikkeling	24

3.6	Statistiese resultate ten opsigte van die doelstellings van die statistiek:	
	Ontwikkeling	26
3.7	Inleiding: Posisionering ten opsigte van die hulpmiddel evaluasie	35
3.8	Respondenteprofiel: Evaluasie van die hulpmiddel	36
3.9	Kwalitatiewe ontleding en integrasie: Evaluasie van hulpmiddel	37
	3.9.1 Opvoeders se insette	37
	3.9.2 Hoërskool kinders se insette	40
3.10	Samevatting	42

HOOFSTUK 4

DIE FINALISERING VAN 'N SENSITISERINGS- HULPMIDDEL VIR OPVOEDERS VAN GESONDE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

4.1	Inleiding	43
4.2	Sistemiese begroning van die ses sambreelbegrippe	43
4.3	Toepassing van die hulpmiddel in die praktyk	45
	4.3.1 Toepassingsaspekte	46
	4.3.1.1 Populêre weergawe van die ontwikkelde inhoud	46
	4.3.1.2 Aanwending van Die Sambreelboek van Welwees	50
4.4	Die Sambreelboek van Welwees	53
4.5	Samevatting	101

HOOFSTUK 5

KOPPELING TUSSEN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPMIDDEL EN LVK EN ES

5.1	Inleiding	102
5.2	Die terugkoppeling tussen die opvoedkundige hulpmiddel en lokus van kontrole	102
5.3	Die terugkoppeling tussen die opvoedkundige hulpmiddel en egosterkte	104
5.4	Koppeling met ander persoonlikheidskonstrukte	105
5.5	Samevatting	107

HOOFSTUK 6
SAMEVATTING VAN DIE STUDIE

6.1	Inleiding	108
6.2	Konteksplasing van die studie	108
6.3	‘n Kritiese bespreking van die aard en die doel van die navorsing	109
6.4	Aanbevelings	111
6.5	Slot	112
BIBLIOGRAFIE		115
BYLAES:		
Bylae A:	Evaluasie van ‘n konsephulpmiddel oor gesonde persoonlikheidsfunksionering	125
Bylae B:	Biografiese gegewens van fokusgroepe	147
Bylae C:	Verklaring van kodering	150
Bylae D:	Volledige lys van die items soos deur die spontane bydraes gegenerer	162
Bylae E:	‘n Volledige lys van die gemiddeldes en standaardafwykings van die items van die vyf-puntskaal en die frekwensies van die spontane bydraes	187
Bylae F:	Die gegenererde items van die vyf-puntskaal en spontane bydraes volgens rangordes	189
Bylae G:	‘n Voorbeeld van die navorsers se ooreenstemming en verskil in die interpretasie van spesifieke items in ‘n bepaalde tema en sub-temas	191
Bylae H:	Brief aan opvoeders	192
Bylae I:	Vraelys aan opvoeders	193
Bylae J:	Vraelys aan leerlinge	199



LYS VAN TABELLE

Tabel 2.4.1.1.1:	Uiteensetting van respondente	14
Tabel 3.3.1:	Datastelle	20
Tabel 3.6.1:	Temas en sub-temas	27
Tabel 3.6.2:	Rangorde van die gekombineerde items in temas en sub-temas	29
Tabel 3.8.1:	Evalueerdersprofiel	36

LYS VAN FIGURE

Figuur 3.4.1:	Skematiese voorstelling van die integrasieproses	23
Figuur 3.9.1:	Grafiese voorstelling voor aanpassing in die konsephulpmiddel	39
Figuur 3.9.2:	Grafiese voorstelling na aanpassing in die finale hulpmiddel	39

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN OORSIG: TEORETIESE ONDERBOU

1.1 INLEIDING

Die navorsing oor Lokus van Kontrole en Egosterkte wat deur twee navorsers onderneem is, is uiteengesit in twee volumes. Deel I vorm hoofsaaklik die teoretiese besinning en onderbou tot die studie. Dié deel van die navorsing verskyn onder die naam van die navorser, I. De Beer, en is getitel *Egosterkte en lokus van kontrole: 'n Sisteemteoretiese studie vir die ontwikkeling van 'n opvoedkundige sensitiseringshulpmiddel*.

Hierdie afdeling handel oor die ontwikkeling en evaluasie van 'n sensitiseringshulpmiddel vir opvoeders vir gesonde persoonlikheidsfunksionering. Anders gestel: die teoretiese onderbou (Deel I) dien as vertrekpunt vir 'n navorsingsontwerp wat weer in 'n volgende stap vergestalt word naamlik, om die hele studie in 'n toegepaste proses te ontwikkel en te omskep (Deel II).

1.2 OORSIG VAN DEEL I

In die teoretiese onderbou van die studie (Deel I) is die doel van die studie uiteengesit. Die operasionele doelstellings is die:

- * Identifisering van innerlike sterktes (ook bekend as persoonlikheidskonstrukte) wat gesonde persoonlikheidsfunksionering kan bevorder
- * Formulering van persoonlikheidskonstrukte in gebruikersvriendelike taal om toeganklikheid hiertoe vir die algemene persoon te verhoog
- * Ontwikkeling van 'n instrument wat opvoeders kan help - in hierdie verband sal 'n sensitiseringshulpmiddel ontwikkel en geëvalueer word
- * Die evaluering van die konsephulpmiddel deur opvoeders in praktyk
- * Die finalisering van die sensitiseringshulpmiddel

- * Sensitiseringshulpmiddel wat só ontwikkel moet word dat dit kontekstsensitief sal wees en die effek daarvan sistemies uitkringend van aard kan wees (sien Deel I, bladsy 1 tot 3).

Die navorsers se proses van inligtingsondersoek (Deel I, Afdeling A, Hoofstuk 2) en die sisteemteoretiese perspektiewe ten opsigte van die konstrakte Lokus van Kontrole (LVK) en Egosterkte (ES) (Deel I, Hoofstukke 3 en 4) word uiteengesit. Afdeling B van Deel I bied die groepering van LVK en ES in nuwe patroonkategorieë aan.

In die volgende hoofstuk word nou gelet op die navorsingsontwerp en --metode.

HOOFSTUK 2

NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

2.1 INLEIDING

Dit is noodsaaklik dat navorsers hulle paradigmas formuleer wanneer 'n hulpmiddel of 'n program ontwikkel word (Lincoln & Guba, 1985; Fishman, 1991). Paradigmas is die basiese uitgangspunte waarop navorsers se kennis berus. Dit bied kriteria vir die relevansie en geldigheid van 'n groepering van kennis (Fishman, 1991).

Volgens Gudykunst en Kim (1984), asook Lincoln en Guba (1985), het alle paradigmas plek in navorsing. In sommige studies kan momente van verskeie paradigmas geakkommodeer word.

Paradigmas van sosiale wetenskappe kan in twee hoofstrome verdeel word, naamlik die Empiriese paradigma (ook genoem die kwalitatiewe paradigma) en die Naturalistiese paradigma (ook genoem die kwantitatiewe paradigma). Die differensiasie tussen die twee hoofstrome het sy oorsprong in die 19de eeu, hoofsaaklik onder die filosofie van Positivisme versus Idealisme (Fiedeldey-Van Dijk, 1993). Die debat het sedertdien uitgebrei en navorsers se paradigmas sluit nou hulle keuse van metode, data-analise en data-interpretasie in.

Navorsers wat hulle vertrou stel in Empiriese data, redeneer, ontwikkel en gebruik wetenskaplike wette om verskynsels te beskryf, te verklaar, te verduidelik en te voorspel. Binne hierdie skool van denke het verskeie belangrike kontemporêre idees ontwikkel. Een van hierdie idees is dat navorsers los kan staan van hul onderwerp en dat hulle in 'n objektiewe verhouding kan wees wat geen intrinsieke betekenis het nie. 'n Verdere idee binne hierdie skool is dat navorsers die rol van waarnemer van 'n onafhanklik-bestaande realiteit kan aanneem. Sosiale ondersoeke word dus as 'n neutrale aktiwiteit ten opsigte van waardes beskou. Navorsers kan laastens alle vooroordele uitskakel, nie

emosioneel betrokke wees, of 'n spesifieke houding teenoor die onderwerp hê nie (Smith, 1983 in Fiedeldey-Van Dijk, 1993).

Daarteenoor redeneer Naturalistiese navorsers dat realiteit nie onafhanklik van ons denke bestaan nie, maar afhanklik is van die samestellende aktiwiteite van ons denke. Hierdie navorsers beskou die tweeledigheid van denke en realiteit as onaanvaarbaar. Vanuit hierdie uitgangspunt is dit onmoontlik om die interverhouding tussen die navorser en die respondente te skei. Dit sluit ook subjektiwiteit, emosies en waardes as onlosmaaklik deel van die verhouding in.

Volgens die Naturalistiese uitgangspunte skep elke navorser sy eie realiteit, of territorium binne die navorsingskonteks. Navorsers beskryf 'n realiteit vir hulself deur differensiasie wanneer hulle respondente in 'n spesifieke situasie waarneem. Dit mag wel 'n klein deeltjie van die navorsingsgebied uitmaak, maar dit is nogtans wesenlik vir die navorser (Fiedeldey-Van Dijk, 1993).

Binne die Naturalistiese benadering is die navorser se waarnemings en beskrywings konteksgebonde. Daar kan geen konteks-vrye of neutrale wetenskaplike metode wees waarmee 'n respondente se idees en gedrag uitgedruk word nie.

Volgens Fishman (1991) vorm die volgende benaderings deel van die Naturalistiese uitgangspunte, naamlik kwalitatiewe, sisteem-, kontekstuele en etnografiese benaderings en die Konstruktivisme, Hermeneutiek en Fenomenologie. Deel van die Empiriese uitgangspunte is die kwantitatiewe, reduserende, analitiese en eksperimentele benaderings.

Hierdie navorsing is in wese geskoei op die Naturalistiese uitgangspunte, en meer spesifiek op die sisteembenadering, maar daar is ook gebruik gemaak van bestaande empiries-gefundeerde literatuur. Volgens die Naturalistiese denkraamwerk word Empiriese werkswyses nie oor die algemeen onderskryf nie, mits die verband tussen bepaalde empiries-gefundeerde kennis en die idees wat

die spesifieke studie onderskryf, duidelik tot mekaar spreek (Lincoln & Guba, 1985).

2.2 PARADIGMATIESE BEGRONDING

Alle navorsing het bepaalde gekose uitgangspunte. Die aard van hierdie uitgangspunte word bepaal deur navorsers se paradigmas waaruit gewerk word. Die sisteembenadering, wat gebed is in die Naturalistiese paradigma, is dié denkraamwerk waarbinne die huidige navorsing uitgevoer word. Binne hierdie denkraamwerk kan die relevante kriteria vir hierdie navorsing (Lincoln & Guba, 1985) soos volg saamgevat word:

* Kriterium 1: Die benutting van beleefde realiteit

Binne die sisteembenadering word begrippe soos *die realiteit, feite en die waarheid*, soos dit deur die tradisioneel Empiriese paradigma beskryf word, slegs as belewenisse van persone beskou. Daar is nie 'n sogenaamde objektiewe realiteit binne hierdie denkwysie nie, want *realiteit is alleenlik gekonstrueerde idees op grond van hoe persone onder andere bepaalde situasies, dinge en mense beleef*.

Binne navorsingsverband word evaluasieresultate nie beskou as net die beskrywing van 'n situasie, na aanleiding van hoe dinge werk of die sogenaamde *ware* toedrag van sake nie. Dit behels eerder die verteenwoordiging van betekenisvolle konstruksies (beleefde idees oor realiteit) van alle betrokke aandeelhouders (individuele persone of groepe), in 'n poging om sin te maak uit die situasie waarin hulle hulself bevind. Konstruksies word letterlik geskep deur 'n interaktiewe proses van aandeelhouders met inligting, konteks, agtergrond, situasie en ander aandeelhouders. Hierdie proses word ook gerig deur die aandeelhouders se vorige ervarings, geloofstelsels, waardes, vooroordele, vrese, verwagtings, teleurstellings en prestasies.

Alle konstruksies word as waardevol beskou, totdat argumente tot staving van die teendeel ingebring kan word of totdat aandeelhouders meer gesofistikeerd raak in hul hantering van die betrokke inligting. Gesamentlike of ooreengekome konstruksies vorm *die norm* binne 'n spesifieke tydvak, konteks en situasie. Algemeen aanvaarde *realiteit/feite* is dus onderhandelde konstruksies waarop 'n vlak van gesamentlike begrip bereik is. Deur dialoog kan konstruksies verfyn word en groter sintese bewerk en konsensus bereik word. Die resultaat is een of meer konstruksies van wat die *realiteit* van die geval/situasie is.

Die navorsers se konstruksies het alreeds by die waarneming en formulering van die navorsingsprobleem 'n rol gespeel. Verder is konsensus bereik oor die formulering van die navorsingsprobleem, deurdat ander aandeelhouders (kollegas en ander opvoedkundiges) gekonsulteer is en bestaande Empiriese navorsing bygewerk is.

Binne die konteks van hierdie navorsing word die unieke konstruksies van elke opvoedkundige situasie erken. Voortspruitend uit die genoemde prosesse het elke situasie sy eie reëls, sienings, verwagtings en prosesse. Die beoogde hulpmiddel moet so gedefinieer word dat dit buigsaam genoeg is om in verskeie opvoedkundige situasies, na gelang van die konstruksies van die situasie, geïnterpreteer en toegepas kan word. Hierdeur kan die gesamentlike begrip (die hulpmiddel wat ontwikkel is in samewerking met verteenwoordigende aandeelhouders) op 'n unieke wyse in elke situasie toegepas word.

✱ **Kriterium 2: Die fasilitering van interaksie tussen alle aandeelhouders**

Interaksie binne die navorsingsproses word aangemoedig. Hierdie proses is eerstens gebaseer op 'n voortdurende interaksie tussen al die aandeelhouders om verskillende sienings te akkommodeer. Die interaktiewe karakter van die navorsingsparadigma kom verder na vore in die bywerk van alle nuwe idees wat op welke wyse ook al gegeneer word.

Verskille in die konstruksies van die aandeelhouders ten opsigte van die navorsingsprobleem word by wyse van dialoog aangespreek. Al die aandeelhouders word dus voortdurend met al die ander gegengereerde idees gekonfronteer. In hierdie proses kan van die oorspronklike idees verander word deur 'n konfrontasie met nuwe inligting. Sodoende word 'n proses van wedersydse beïnvloeding bewerk en kan konsensus bereik word. 'n Verdere moontlike gevolg is dat konstruksies meer gesofistikeerd kan raak.

Hierdie interaktiewe navorsingsproses word alreeds deur die generering van die aanvanklike idee, die verloop van die navorsingsproses en die evaluering daarvan in die praktyk, gereflekteer. Die aanvanklike behoefte of leemte is in die praktyk waargeneem, van tyd tot tyd deur ander opvoedkundiges geartikuleer en op 'n meer formele vlak alreeds in die sielkundeliteratuur gereflekteer. Deur die verloop van die navorsingsproses sal insette en invloede van ander aandeelhouders bygewerk word. Die inhoud van die hulpmiddel sal by wyse van konsensus daargestel word.

* Kriterium 3: Die inagneming van kontekssensitiwiteit

Die konteks waarin elke opvoedkundige hulpmiddel ontwikkel is, word vanuit die huidige navorsers se paradigma as uniek beskou. Gevolglik kan geredeneer word dat die toepasbaarheid van hulpmiddels beperk is tot die kontekste waarin hulle ontwikkel is (konteksspesifiekheid). Hieruit kan afgelei word dat veralgemenings van die inhoude op sigself nie sinvol is nie.

In teenstelling met die idee dat die *konteksspesifieke aard* van inhoude die veralgemening daarvan inperk, lê die waarde van opvoedkundige hulpmiddels juis in hul *span/rekwydte*. 'n Oorbrugging vanaf *konteksspesifiekheid* (slegs toepaslik in die konteks van die aanvanklike ontwikkelingsituasie) na *kontekssensitiwiteit* (toepaslikheid in verskillende kontekste) moet gevind word. Cronbach (1975) het bevind dat indien soveel as moontlik van die faktore verreken word wat bydra tot die konteks van (i) die unieke situasie waarin die hulpmiddel ontwikkel is en (ii) waarin die hulpmiddel toegepas word, 'n basis van *oordraagbaarheid* van een

konteks na 'n ander konteks gegeneer kan word. Cronbach (1975) het hierdie basis *werkbare hipoteses* in teenstelling met gevolgtrekkings genoem (hulpmiddels is op sigself veralgemeenbaar).

Die huidige navorsers sal hierdie kriterium van kontekssensitiwiteit tydens die ontwikkeling van die hulpmiddel nastreef. Dit word gedoen deur soveel as moontlik faktore in ag te neem wat bydra tot die konteks waarin die hulpmiddel ontwikkel is. Tweedens word daarna gestreef om die hulpmiddel só te formuleer dat die kennis wat die opvoeder deur die hulpmiddel bekom binne sy/haar unieke opvoedkundige situasie geïnterpreteer en toegepas kan word. Die rekwydte vir die toepassing van die hulpmiddel word so vergroot.

* Kriterium 4: Die inagneming van die multidimensionele aard van die persoonlikheid

Die kriterium van multidimensionaliteit word vir die doeleindes van hierdie navorsing toegepas op die vlak van persoonlikheidsontwikkeling op sigself en op die vlak van persoonlikheidsontwikkeling binne konteks van die opvoedkundige situasie. Dit sal vervolgens bespreek word.

Dit het duidelik uit Afdeling A (Deel I) geblyk dat gesonde persoonlikheidsontwikkeling en -funksionering multidimensioneel van aard is. Hierdie aard word sigbaar in verskeie gedragsmanifestasies. Alhoewel teoreties onderskeibaar, is dit wat sigbaar raak in gedrag nie skeibaar nie. Hierdie gedragsmanifestasies is interafhanklik van mekaar en funksioneer meestal in samehang met mekaar. Hierdie samehangende funksionering word vir die doeleindes van hierdie studie as funksionele gedragseenhede gegroepeer. Tydens die ontwikkeling van die hulpmiddel word die multidimensionele aard van persoonlikheid geanaliseer en omskryf aan die hand van funksionele gedragseenhede en die gedragsmanifestasies daarvan.

Binne die opvoedkundige situasie is die bydraende faktore tot persoonlikheidsontwikkeling en -funksionering so verweef dat die resultaat

nie enkel van aard verklaar kan word nie. Faktore in verskillende patrone van samehang kan as meer of minder gunstig vir gesonde persoonlikheidsontwikkeling geïnterpreteer word. Die navorsers maak, met inagneming hiervan, die afleiding dat indien 'n groep positiewe beginsels in verskillende gelyktydige kombinasies in die opvoedkundige situasie nagestreef word, dit 'n positiewe invloed op persoonlikheidsontwikkeling kan hê. Die effek hiervan kan dus as kumulatief tot, of uitkringend na, gesondheid beskou word. In die toepassing van hierdie kriterium is verskeie opvoedkundiges betrek om soveel as moontlik bydraende faktore te verreken.

* Kriterium 5: Die aanspreek van opvoedkundige leemtes en behoeftes

Die navorsers het waargeneem dat die huidige tydskonteks bepaalde opvoedkundige leemtes en behoeftes het en hierdie waarneming in die navorsing gereflekteer. Hierdie waarneming het gegroei deur blootstelling aan, en kontak met, die volgende situasies:

Daar het die afgelope dekades 'n klemverskuiwing van die siektemodel na die gesondheidsmodel in die breë sielkundeveld plaasgevind. Hierdie model beklemtoon voorkoming, eerder as genesing van patologie. Hierdie klemverskuiwing belig leemtes aan toepaslike inligting en vaardighede.

Tweedens het die navorsers binne praktykkonteks die genoemde leemtes, dit is 'n tekort aan beskikbare inligting, ervaar. Dit blyk dat hierdie leemtes verreikende gevolge op sistemiese vlak kan hê.

Derdens is leemtes en behoeftes met kollegas bespreek met die doel om hul indrukke rakende die aangeleenthede by te werk. Ander opvoedkundiges is ook gekonsulteer. Hulle het bogenoemde leemtes en gebrek aan kennis en vaardighede bevestig.

Die navorsers het bestaande literatuur bestudeer en gevind dat konstrunkte beskryf word in 'n poging om die genoemde probleem te ondervang. Die

navorsers ervaar dat hierdie konstruerte oorwegend akademies beskryf word en oor die algemeen nie gebruikersvriendelik is of direkte toepassingswaarde het nie.

Bogenoemde situasies het daartoe gelei dat die navorsers 'n geleentheid gesien het om akademies en prakties 'n bydrae te maak wat uiteindelik gesonde persoonlikheidsfunksionering sal bevorder. Buiten die tesis wat as teoretiese basis dien, is 'n bydrae in die vorm van 'n bemerkbare sensitiseringshulpmiddel aan opvoeders ontwikkel. Weens die kontekstsensitiwiteit van die hulpmiddel kan die gebruikers dit binne hulle unieke situasie toepas. Die navorsers meen dat die resultaat van die hulpmiddel 'n uitkringende effek kan hê, wat nie net van waarde kan wees vir individue nie, maar ook vir die sisteme waarbinne hulle funksioneer.

2.3 FORMULERING VAN EMPIRIESE DOELSTELLINGS

Die eerste empiriese doelstelling wat in die proefskrif aangespreek word, is om die reeds ontwikkelde teoretiese idees oor die funksionele gedragseenhede soos in hoofstuk 5 (Deel I) beskryf, in hulpmiddelformaat te formuleer (kyk Bylae A). Die volgende doelstelling van die proefskrif is om hierdie konsephulpmiddel verder te ontwikkel en te verfyn tot op 'n vlak waar dit gebruikersvriendelik vir opvoeders sal wees.

Die ontwikkelings- en verfyningsproses het eerstens behels dat die konsephulpmiddel (gestruktureerde stellingsformaat soos verkry uit 'n samevatting van Afdeling A, Deel I) aan drie opvoeders voorgelê word. Die hulpmiddel is doelbewus in oorleg met persone wat vanuit verskillende invalshoeke binne die opvoedkundige realiteite staan, ontwikkel. Hierdie proses het verseker dat potensiële haakplekke deur die aanvanklike bydrae van die drie individue ondervang is.

Die tweede fase in die ontwikkeling en verfyning van die hulpmiddel is dat data oor die hulpmiddel ingesamel is. Dit is gedoen deurdat die tien geïdentifiseerde

funksionele gedragseenhede deur albei die navorsers in verskillende fokusgroepsessies bespreek is. Elke navorsers het drie fokusgroepsessies gefasiliteer.

Die rasionaal vir die verdeling was om:

- * Die metodologiese invloed op die hulpmiddelontwikkeling so ver as moontlik te minimaliseer
- * Die invloed van die navorsers tot die minimum te beperk
- * Aan Kriteria 2 te voldoen, naamlik om die interaktiewe aard van die verhouding tussen alle aandeelhouers te reflekteer
- * Literatuurbevindings te verifieer (soos in Afdeling A, Deel I, gegeneer).

'n Verdere empiriese doelstelling was om die werkbaarheid en die toepasbaarheid van die konsephulpmiddel te laat evalueer. Om 'n sensitiseringshulpmiddel aan 'n evaluasieproses te onderwerp mag lyk na 'n teenstrydigheid, aangesien die waarde van sensitisering alleenlik oor tyd sigbaar raak. Die ideaal sou wees dat die impak en waarde van die hulpmiddel deur 'n longitudinale studie bepaal moet word. Die omvattende navorsingsproses, ten opsigte van die akademiese inhoudelike (items) van die hulpmiddel, het genoeg bevestiging aan die navorsers gegee om nie die waarde van die inhoud te bevraagteken nie. Evaluering van die hulpmiddel was dus ten opsigte van die formaat en aanbiedingstyl, asook of toepassers die hulpmiddel buikbaar vind.

Die laaste fase van die navorsingsontwerp was die evaluasie van die konsephulpmiddel aan die hand van die paradigmatiese begronningskriteria en konvensionele geldigheidskriteria. Dit sal in paragraaf 6.5 bespreek word.

2.4 NAVORSINGSONTWERP

Aangesien die hulpmiddel ontwikkel en geëvalueer word, moet vir beide 'n navorsingsontwerp beskryf word. Die twee dele van die navorsingsontwerp is beskryf in paragrawe 6.4.1 en 6.4.2.

2.4.1 Ontwikkeling van die konsephulpmiddel: Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp ten opsigte van die ontwikkeling van die konsephulpmiddel behels steekproefneming, data-insameling en data-ontleding. Dit sal vervolgens bespreek word.

2.4.1.1 Steekproefneming

Verskeie aandeelhouders word, met verwysing na paragraaf 6.2 (Kriterium 2), geselekteer. Die doel hiervan is om deur 'n interaktiewe proses met aandeelhouders insette te verkry om 'n sinvol gekonstrueerde hulpmiddel daar te stel. Volgens Lincoln en Guba (1985) kan seleksie van die genoemde persone plaasvind op grond van die verwagting dat hulle bydraes so volledig as moontlik sal wees. Daar sal dus van hulle verwag word om insette te lewer tot die verbetering van die konsephulpmiddel.

Eerstens is drie tipes opvoeders geselekteer om die eerste fase in die verfyningsproses te fasiliteer. Hierdie opvoeders het bestaan uit ouers, onderwysers en sielkundiges wat die drie mees waarskynlike groepe opvoeders vir hierdie studie verteenwoordig.

Daarna is ses groepe aandeelhouders vir fase twee geselekteer (kyk Bylae B). Drie van hierdie groepe aandeelhouders is deur een van die navorsers gefasiliteer (Groep X), terwyl die ander drie groepe deur die ander navorser gefasiliteer is (Groep Y). Vir elke navorser is een van elk van die drie onderskeie groepe aandeelhouders ingesluit. Die ses groepe aandeelhouders het bestaan uit:

- * Twee groepe sielkundiges bestaande uit vier per groep
- * Twee groepe ander professionele opvoeders, byvoorbeeld onderwysers, maatskaplike werkers en predikante, ses per groep
- * Twee groepe ouers, ses per groep.

Eerstens moes die betrokke aandeelhouders spontaan idees genereer oor die moontlike gedrag waardeur die kernidee verwesenlik kan word. Die aandeelhouders moes ook die gedragsmanifestasies van die tien kernidees wat deur die navorsers in die vorm van 'n vyf-puntskaal voorsien is, evalueer. Hierdie proses het in die aandeelhouders se eie tyd geskied voor die fokusgroepsessies plaasgevind het.

- ✱ Ter voorbereiding van die fokusgroepsessies het die navorsers die bogenoemde individuele evaluasies (vyf-puntskaal) verwerk en die aandeelhouders se spontane bydraes gegroepeer.
- ✱ Tydens die fokusgroepsessies is die oorhoofse doelstellings aan die groepe oorgedra.
- ✱ 'n Volgende fase van die fokusgroepsessies was besprekingsessies. Terugvoering oor die aandeelhouders se evaluasie van die vyf-puntskaal en die gegroepeerde spontane bydraes is gegee. Ander of nuwe idees wat uit hierdie bespreking gekom het, is bygewerk.
- ✱ Kommentaar oor die tegniese formulering is laastens gevra.

Die individuele ouers is oorwegend geselekteer op grond van die feit dat hulle bekend is aan die navorsers. Die onderwysers het gereageer op 'n versoek wat die navorsers aan drie skole gerig het. Die individuele sielkundiges is kollegiaal betrek. Die groepe was homogeen ten opsigte van die genoemde professie, taal, (Afrikaans), geslag en Westerse oriëntasie. Die homogeniteit van die groepe onderling het fasilitering van die sessies vergemaklik. Vir die doel van duidelikheid word die profiel van die 32 aandeelhouders (ook genoem respondente) wat deelgeneem het aan die navorsingsproses in Tabel 2.4.1.1.1 weergegee.

Tabel 2.4.1.1.1: Uiteensetting van respondente (n=32)

GROEP	N	GROEPSVLAK	OPVOEDERS
A	6	1	Ouers
D	6		
B	6	2	Onderwysers
C	6		
E	4	3	Sielkundiges
F	4		
TOTAAL	32		

2.4.1.2 Data-insameling

Die data is met behulp van fokusgroepsessies ingesamel. Hierdie was semi-gestruktureerde sessies en is deur die navorsers self gefasiliteer. Die proses vir die twee oorhoofse groepe (X en Y) het as volg verloop:

2.4.1.3 Data-ontleding

Data-ontleding het plaasgevind op die tweede- en derde-ordevlakke van betekenisgewing. Deur hierdie ontledingsproses is die bestaande patroonkategorieë bevestig en is die weg sodoende gebaan in die daarstel van die finale hulpmiddel.

In die ontledingsproses is gebruik gemaak van die SAS-rekenaarprogram. Die volgende statistiese metodes is toegepas:

Beskrywende statistiek, naamlik frekwensietabelle, gemiddeldes en standaardafwykings is gebruik om die data te ontleed en te interpreteer. Bogenoemde is gebruik in 'n formule wat ontwikkel is om die twee stelle data (vyf-puntskaal en spontane bydrae) statisties aanpasbaar te maak sodat dit geïntegreer kan word en

rangordes bepaal kan word. Die doel hiervan was om die in- of uitsluiting van items statisties te bevestig.

Die proses het behels dat die inligting wat uit die fokusgroepsessies verkry is, kwalitatief en statisties verwerk en geïntegreer is en in hoofstuk 3 bespreek sal word. Die resultate wat verkry is het as basis gedien om die finale hulpmiddel saam te stel. Die finale hulpmiddel word in paragraaf 4.4 weergegee.

2.4.2 Evaluasie van die konsephulpmiddel: Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp ten opsigte van die evaluasie van die konsephulpmiddel behels onderling uitsluitende steekproefneming, data-insameling en data-ontleding. Dit sal vervolgens bespreek word.

2.4.2.1 Steekproefneming

Vir die evaluasie van die konsephulpmiddel is gebruik gemaak van 'n gerieflikheidssteekproef. Vier opvoedkundiges was in die proses betrek as evalueerders. Die groep het bestaan uit:

- * Twee onderwysers, een laerskool- en een hoërskoolonderwyser
- * Een sielkundige in privaatpraktyk
- * Een opleidingsbeampte wat werksaam is in die industrie.

Drie van die gekose evalueerders is ook ouers.

Waar die groepe homogeen was tydens die ontwikkeling van die hulpmiddel was dit vir die navorsers belangrik om terugvoer van 'n heterogene opvoedersgroep te verkry. Die navorsers wou bepaal of die hulpmiddel toepasbaar en bruikbaar in verskillende kontekste sal wees.

Eerstens moes die betrokke evalueerders hulle vergewis van die inhoud van die konsephulpmiddel. Daarna moes die evalueerders die konsephulpmiddel toepas in hul onderskeie opvoedkundige situasies. Twee van die evalueerders het die konsephulpmiddel toegepas in 'n groepsituasie, waarby laerskool- en hoërskoolleerlinge onderskeidelik betrek is. Die ander twee evalueerders het die konsephulpmiddel met verskeie persone in 'n een-tot-een situasie toegepas, een in 'n industriële opset en die ander in privaatpraktyk as deel van 'n ontwikkelingsprogram.

2.4.2.2 Data-insameling

Na toepassing moes die vier evalueerders die meegaande vraelys (Bylae I) voltooi het. Die hoërskoolleerlinge wat deelgeneem het moes die terugvoer-vraelys (Bylae J) voltooi. Vyf-en-twintig vraelyste is in laasgenoemde verband terug ontvang.

2.4.2.3 Data-ontleding

Die data verkry uit die evaluasie-vraelyste was kwalitatief ontleed deur die inligting te vergelyk en te integreer. 'n Samevattende verslag (paragraaf 3.9) is hieroor geskryf. Voorstelle, kommentare en aanbevelings is bygewerk by die finalisering van die hulpmiddel.

2.5 GELDIGHEIDSVERKLARING VAN DIE HULPMIDDEL

Alhoewel die geldigheidsverklaring van 'n hulpmiddel in tradisioneel-empiriese studies 'n afsonderlike stap in die daarstelling van 'n finale hulpmiddel is, maak die proses van geldigheidsverklaring van hierdie navorsing ook deel uit van die verloop daarvan. Die ontwikkeling van die sensitiseringshulpmiddel voldoen aan die paradigmatiese begrotingskriteria (paragraaf 2.2). Hierdie begrotingskriteria is ook gebruik as parameters op weg na geldigheid met

betrekking tot die evaluering van die hulpmiddel. In die volgende bespreking sal die verband tussen al die kriteria sigbaar raak.

Die konsephulpmiddel voldoen aan die vereistes van Kriterium 1 (benutting van beleefde realiteit), omdat die konstruksies daarvan gesamentlik of ooreengekom is. Die konsephulpmiddel verteenwoordig sodoende 'n onderhandelde norm/basis binne die spesifieke tydvak, konteks en situasie waarbinne die hulpmiddel ontwikkel is. Die konsephulpmiddel is so geformuleer dat die betrokke aandeelhouers dit na gelang van die behoeftes van hul unieke opvoedkundige situasies kan interpreteer en toepas. Die evaluasieresultate het bevestig dat die onderhandelde basis van die program in wese sinvol is. Slegs enkele onduidelikhede moes opgeklaar word.

Die konsephulpmiddel voldoen aan die vereistes van Kriterium 2 (interaktiewe aard van die verhouding tussen alle aandeelhouers). Die konsephulpmiddel word daargestel deurdat daar deurlopende interaksie (tussen alle aandeelhouers) plaasgevind het. Hierdie interaksieproses was daarop geskoei om voortdurend nuwe idees te genereer en bestaande idees te evalueer. Die insette en invloede van al die aandeelhouers is sodoende bygewerk. Die evaluasieproses het ook meegewerk tot die voldoening aan Kriterium 2. Verskeie opvoeders is betrek en hulle insette is bygewerk.

Die konsephulpmiddel voldoen aan die vereistes van Kriterium 3 (mate van kontekssensitiwiteit) deurdat die navorsers soveel as moontlik faktore van die konteks waarbinne die konsephulpmiddel ontwikkel is, in ag geneem het. Verder is die konsephulpmiddel so geformuleer dat dit toepasbaar is in verskeie kontekste, deurdat dit na gelang van die unieke gebruikerskonteks van die betrokke aandeelhouers geïnterpreteer en geëvalueer kan word. Die evaluasieresultate het bevestig dat die hulpmiddel in verskeie kontekste (laerskool-, hoërskool-, bedryfs-, sielkundige praktyk- en tuis opvoedingskonteks) toegepas kan word.

Die konsephulpmiddel voldoen aan die vereistes van Kriterium 4 (multidimensionele aard van persoonlikheid). Die navorsers erken die multidimensionaliteit van persoonlikheidsontwikkeling. In ooreenstemming hiermee is die konsephulpmiddel so geformuleer dat persoonlikheidsontwikkeling nie simplisties verklaar word nie, maar dat die hulpmiddel juis voorsiening maak vir die groot aantal van faktore wat in samehang met mekaar, gedrag daarstel. Die evalueerders se terugvoer ten opsigte van die *soepelheid* van die hulpmiddel was positief. Alle opvoedlinge het aangehak by die hulpmiddel afgesien van elkeen se unieke persoonlikheidsfunksionering.

Die konsephulpmiddel voldoen aan die vereistes van Kriterium 5 (aanspreek van opvoedkundige leemtes en behoeftes). Opvoedkundige leemtes en behoeftes ten opsigte van gesonde persoonlikheidsontwikkeling en -funksionering is op 'n formele en informele wyse geïdentifiseer. Die navorsers meen dat die finale hulpmiddel geïdentifiseerde leemtes kan aanspreek. Voorts word verwag dat die invloed van die hulpmiddel 'n uitkringende effek kan hê, wat van waarde sal wees vir die individuele gebruiker, asook vir die sisteme waarbinne die gebruikers funksioneer. Die evalueerders se algemene terugvoer was dat hulle die hulpmiddel as van opvoedkundige waarde ervaar het.

Daar sal volstaan word by die voldoening van die sensitiseringshulpmiddel aan die paradigmatische grondingskriteria. Dit word egter aanbeveel dat die sensitiseringshulpmiddel onderwerp word aan empiriese geldigheidskriteria vir doeleindes van die ontwikkeling van 'n tweede weergawe van die hulpmiddel.

2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling en evaluering van die hulpmiddel metodologies gefundeer. Vervolgens word oorgegaan tot die bespreking van die resultate soos uit die fokusgroepsessies verkry. Dit sal in hoofstuk 3 gedoen word. Die resultate van die evaluasie van die konsephulpmiddel sal ook in hoofstuk 3 bespreek word.

HOOFSTUK 3

STATISTIESE ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN DATA

3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die navorsingsmetode beskryf. In die eerste deel van hoofstuk 3 (paragrafe 3.2 tot 3.6) word die statistiese ontleding en interpretasie van die fokusgroepsessies ten opsigte van ontwikkeling van die konsephulpmiddel hanteer. In die daaropvolgende gedeelte van hoofstuk 3 (paragrafe 3.7 tot 3.9) word die resultate soos uit die evaluasie van die konsephulpmiddel verkry, ten opsigte van die bruikbaarheid van die hulpmiddel ontleed en geïnterpreteer.

3.2 POSITIONERING TEN OPSIGTE VAN ONTWIKKELING

'n Werksdokument vir evaluasie van die geïdentifiseerde items (Bylae A) is uit Afdeling A (Deel I) saamgestel en op die gekose respondente in fokusgroepsessies toegepas soos beskryf in Afdeling B (Deel I). Hierdie werksdokument het ook voorsiening gemaak vir generering van items deur die respondente self. Twee stelde data is gevolglik hieruit verkry. Dit word genoem vyf-puntskaal-data en spontane bydraes-data. Hierdie data is kwalitatief geanaliseer, kwantitatief geïntegreer en in temas en sub-temas aangebied. 'n Geheelbeeld van die iteminhoud vir 'n opvoedkundige hulpmiddel word hierdeur bereik.

In die daarstel van interbeoordelaarsbetroubaarheid ten opsigte van die integrasie van die items, het die huidige navorsers aanvanklik die resultate van die fokusgroepe afsonderlik geïnterpreteer. Die hoë interbeoordelaarsbetroubaarheid dui op ooreenstemming in hul interpretasies. In Bylae G word 'n voorbeeld in hierdie verband weergegee. Die huidige navorsers het dus wetenskaplike rede gevind om die resultate van beide stelde data geïntegreerd in die hulpmiddel aan te bied.

Die daaropvolgende statistiese verwerking het op die tweede-orde vlak van ontleding plaasgevind. Sommige van die statistiese resultate het interpretasie op konseptuele vlak vereis. Hierdie konseptuele bespreking is op die derde-orde vlak van betekenisgewing. Die samestelling van die finale hulpmiddel en kritiese beskouing daarvan vind ook op die derde-orde vlak van betekenisgewing plaas (Keeney, 1983).

3.3 RESPONDENTEPROFIEL: TEN OPSIGTE VAN ONTWIKKELING

Dit is sinvol om kortliks te verwys na die gekose respondente deur hul data deur middel van 'n respondenteprofiel in perspektief te plaas. Die $n=32$ respondente was verdeel in $k=6$ groepe. Die onderskeie groepe was op grond van hulle beroepe (naamlik ouers, onderwysers en sielkundiges) in $m=3$ groepsvlakke verdeel (kyk Bylae B).

Data wat uit die fokusgroepsessies verkry is, is op twee wyses van die respondente gevorder naamlik, spontane bydraes (op digotome vlak) soos deur die respondente gegenerer (kyk Bylae A) asook 'n kategoriese evaluasie van items op 'n vyf-puntskaal (waar een *bykans geen* bydrae verteenwoordig en vyf 'n *wesentlike* bydrae verteenwoordig). Twee stelde data is dus hieruit verkry, wat beide op beskrywende vlak ontleed is om passing tussen die twee te bemoontlik. Die groottes van die datastelle word in Tabel 3.3.1 weerspieël.

Tabel 3.3.1: Datastelle

TIPE DATASTEL	AANTAL ITEMS	AANTAL RESPONDENTE n
Spontane bydraes	80	32
Vyf-puntskaal	52	32

Die spontaan-gegenereerde bydraes (80 items) was aansienlik meer as die 52 items wat die navorsers vir beoordeling aan die respondente verskaf het, met groot oorvleueling tussen die datastelle. Die navorsers se belewenis van die respondente se entoesiasme tydens die fokusgroepsessies word onder andere deur die 80 gegenereerde items gereflekteer. Een afleiding wat die navorsers hieruit kan maak, was dat daar onder die gekose groep opvoeders 'n behoefte en beleefde vermoë bestaan het om oor hierdie onderwerp te kommunikeer en 'n bydrae in hierdie verband te lewer.

'n Verdere afleiding wat die navorsers uit die verskillende hoeveelhede items maak, is dat tydens spontane generering weinig kategorisasie kan plaasvind. Die respondente was in hierdie fase onbeperk ten opsigte van die aantal en kwaliteit van die items wat hulle gegenereer het. Die prosedures van generering en kategorisering vind gewoonlik op verskillende tydsvlakke in gesprekvoering plaas. Soos verwag is daar dus spontaan meer items gegenereer as wat in die vyf-puntskaal vervat is, hoewel daar nie nuwe funksionele-eenhede gegenereer is nie. Daarenteen was items van die vyf-puntskaal reeds deur die proses van kategorisering en klassifisering, met die gevolglike resultaat van minder items.


Die items van die vyf-puntskaal is numeries gekodeer en die items van die spontane bydrae is in kombinasies van letters en syfers gekodeer, met die doel om die statistiese verwerking te bemoontlik. 'n Verkorte verklaringslys van die koderings van die vyf-puntskaal en die spontane bydraes word in Bylae C aangeheg. In Bylae D word 'n volledige verbatim lys van die items wat deur die spontane bydraes gegenereer is, verskaf. Die leser word aangemoedig om hierdie twee bylaes kortliks te bestudeer alvorens daar tot paragraaf 3.4 oorgegaan word.

3.4 KWALITATIEWE INTEGRASIE: TEN OPSIGTE VAN ONTWIKKELING

'n Konserwatiewe benadering van insluiting van die items eerder as uitsluiting is gevolg. Derhalwe is die totale aantal items (132) kwalitatief beoordeel as insluitbaar in die hulpmiddel vir doeleindes van die eerste weergawe van die

sensitiseringshulpmiddel. Die navorsers het egter ook waargeneem dat verskeie van die items onderlinge ooreenkomste en verbande (dus gedeelde betekenseenhede) toon. Hierdie waargenome ooreenkomste en verbande het veranderde konseptuele idees by die navorsers gestimuleer. In die lig hiervan het die aanvanklike tien kernidees vervaag en ander verteenwoordigende idees het vorm aangeneem.

By wyse van 'n kwalitatiewe integrasieproses is die bogenoemde idees in die hulpmiddel opgeneem. Integrasie het geskied deur die groepering van verwante items uit die kernidees en daarna is die idees by wyse van konseptualisering gekategoriseer. Vier-en-twintig kategorieë het tot stand gekom en is op grond van groter konseptuele ooreenkomste in ses sambreelbegrippe (patroonkategorieë) ingedeel. In Figuur 3.4.1 word die proses skematies voorgestel. Vlakke B en E is verkort ter wille van leesbaarheid.



Figuur 3.4.1: Skematiese voorstelling van die integrasieproses

Die ses nuwe sambreelbegrippe en al die items daarvan wat deur bogenoemde kwalitatiewe proses tot stand gekom het, is gegroepeer om die basis van die hulpmiddel te vorm. Sommige van die gekombineerde 94 items is op grond van praktiese oorwegings in twee items verdeel, sodat 'n totaal van 120 items in die finale hulpmiddel ingesluit is. Die bywerk van voorstelle, kommentare, kritiek en idees wat uit die fokusgroepsessies gekom het, het deel gevorm van die

bogenoemde proses. Die insluiting van die gekombineerde items, sub-temas en temas is by wyse van 'n kwantitatiewe proses van rangordening bevestig.

3.5 DOELSTELLINGS EN STATISTIESE AANNAMES: TEN OPSIGTE VAN ONTWIKKELING

Die primêre doelstelling van die statistiese verwerkings was om te bepaal of die items van die twee datastelle (vyf-puntskaal en spontane bydraes) ingesluit kon word by die finale hulpmiddel. Hierdie doelstelling is ooreenstemmend met die doel van die tesis, naamlik die ontwikkeling van 'n sensitiseringshulpmiddel vir opvoeders om gesonde persoonlikheidsfunksionering te bevorder by diegene wat in hulle invloedssfeer staan (kyk Hoofstuk 1, Deel I).

Vanweë die feit dat die navorsers met twee stelle data (vyf-puntskaal en spontane bydraes) werk, het dit die navorsers genoop om sekere aannames te maak, naamlik:

- * Albei stelle data word deur die navorsers as nagenoeg ewe belangrik beskou (1:1). Die datastelle verskil eerstens as gevolg van die verskillende dataformate wat gebruik is, naamlik gestruktureerd (vyf-puntskaal) en ongestruktureerd (spontane bydrae). Die gestruktureerde data was reeds deur 'n proses van literatuurontwikkeling, kategorisering en klassifisering. Die ongestruktureerde data het uit praktykervaring van opvoedkundiges gespruit. Beide het komplimentêrend en ondersteunend ingewerk op die hulpmiddel wat nog in 'n ontwikkelingsproses was.

Die navorsers het gebruik gemaak van 'n formule om die twee stelle data in die vorm van potensiële items op gelyke basis te integreer. Die doel van die formule was om 'n geïntegreerde totaalstelling van die onderskeie items te kon bereken op die mees onpartydige wyse moontlik. 'n Item kon dus bestaan uit 'n kombinasie van vyf-puntskaal item(s) en/of spontane bydrae item(s). Die formule is as volg:

$$\text{Totaal} = 2 (\bar{x}_{\text{vyf-puntskaal}}) + [5 - 5 (s_{\text{vyf-puntskaal}}) / 2] + f_{\text{spontane bydrae}} / 2$$

Die formule is geskoei op bepaalde aannames, naamlik:

- Die gemiddelde waarde (\bar{x}) van elkeen van die vyf-puntskaalitems is bykans ewe belangrik as die standaardafwyking(s) daarvan, ten spyte daarvan dat beide die steekproefgrootte en variasiebreedte van die skaal klein was en die standaardafwykings van die items in verhouding hiermee klein variasie vertoon het. Die rede hiervoor is dat items krediet kry volgens die mate waartoe hulle met ooreenstemming en met onderskeiding 'n hoë telling uit vyf behaal het. Dit is gedoen deur die gemiddeld (minimum 1; maksimum 5) met twee te vermenigvuldig en die standaardafwyking (minimum 0; maksimum 2) met vyf te vermenigvuldig en dan deur twee te deel, met inagneming van elke statistiek se minimum en maksimum moontlike waardes. So kon 'n effense kompensasie vir die lae diskriminasie verkry word. Om 'n gunstige standaardafwyking te verkry moes 'n omkeerbaarheid in die formule ingebou word. Die wyse waarop dit gedoen was, was om die standaardafwyking se transformasie bloot van die maksimum moontlike getransformeerde standaardafwykingswaarde af te trek. 'n Item op die vyf-puntskaal kon 'n maksimum telling van 15 behaal het, volgens bogenoemde formule.
- Die frekwensies wat behaal is op die spontane bydraes word gehalveer om 'n maksimum moontlike telling van 16 te verkry. Die rede hiervoor is dat die maksimum telling wat 'n spontane-bydrae-item kon behaal het, 32 was. Teoreties gesproke kon al 32 respondente (of geen respondente) dieselfde item gegenerer het. Derhalwe is die minimum telling 1 en nie 0 nie. 'n Telling van 0 beteken dus dat die item nie spontaan genoem is nie. Dit mag dus wees dat sekere items by die hulpmiddel uitgesluit is bloot omdat hulle nie deur die respondente genoem is nie. Binne 'n sistemiese raamwerk is dit egter aanvaarbaar, waarvolgens voorgehou word dat items wat nie genoem is nie, vir die doel waarvoor dit nou gegenerer word, nie van wesenlike belang is nie.

In kritiese beskouing van die formule kan die genoemde aannames bevraagteken word. So byvoorbeeld moet die formule toepaslik aangepas word indien die leser van mening is dat een metode belangriker resultate voortbring as die ander metode. 'n Ander vorm van omkeerbaarheid van die standaardafwyking kan ook gebruik word, byvoorbeeld die produk van 'n konstante en die resiprook (dit wil sê $1/\text{standaardafwyking}$) van die standaardafwyking. Die minimum en maksimum waardes van hierdie bydraer kan effektief met die konstante beheer word.

Daar kan ook gevra word of dit toelaatbaar is om antwoorde op twee vrae met verskillende dataformate, vyf kategorieë teenoor twee kategorieë (genoem – nie genoem nie) direk bymekaar te tel. Daar kan bevestigend geredeneer word dat:

- Geweegde dataformate kan bymekaar getel word en die somtotaal is interpreteerbaar.
- Beide die rekenkundige gemiddeld en standaardafwyking van die vyf-puntskaal is verwerkings van die frekwensietelling wat per item verkry is. Derhalwe is die twee metodes wiskundig kombineerbaar.

In Bylae E word die gemiddeldes en standaardafwykings van die vyf-puntskaal, asook die frekwensies van die spontane bydraes in tabelvorm weergegee. Hierdie inligting is gebruik in die toepassing van die formule.

Die bogenoemde formule is op die items toegepas nadat die items kwalitatief in temas gegroepeer is. Die resultate ten opsigte hiervan word in die volgende paragraaf bespreek.

3.6 STATISTIESE RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DIE DOELSTELLINGS VAN DIE STATISTIEK: ONTWIKKELING

In hierdie paragraaf word die datastelle van die vyf-puntskaal en die spontane bydraes geïntegreerd aangebied. Die items is eerstens kwalitatief in temas en

sub-temas gegropeer. Die volgende stap was om met behulp van die formule die items kwantitatief te integreer en rangordes toe te ken, eers in geheel (kyk Bylae F) en daarna in temas en sub-temas (in Tabel 3.5.2).

Tydens die kwalitatiewe ontleding is ses oorhoofste temas met vier sub-temas elk geïdentifiseer. Om die temas gebruikersvriendelik te maak, is die temas populêr benaam. Tabel 3.6.1 bevat 'n opsomming van die benaming van die temas en sub-temas. Hierdie temas en sub-temas is vervat in die hulpmiddel.

Tabel 3.6.1: Temas en sub-temas

TEMA	POPULÊRE BENAMING	SUB-TEMAS
Gebalanseerdheid	Opweeg	Selfondersoek Goeie oordeel Aanpasbaarheid en buigzaamheid Etiese uitlewing
Probleemhantering	Planmaak	Hantering van mislukkings Selfbeheersing Herstelvermoë Taaigheid
Positiewe ingesteldheid	Skitter	Gesonde selfbeeld Selfmotivering Entoesiasme en humor Persoonlike ontwikkeling
Ideale en doelgeörienteerd	Koerskry	Formulering van ideale en doelwitte Beplanning en taakontleding Verwesenliking Aanvaarbaarheid van optrede
Gemeenskaplikheid	Uitleef	Sensitiwiteit en meeleving Aanvaarding van uniekheid Kommunikasie Handhawing van balans
Selfstandigheid	Deurdruk	Aanvaarding verantwoordelikheid Selfbestuur Aktiewe leefwyse Aanvaarding van uitdagings

- * Die eerste letter van die populêre benaming vorm die anagram “**OPSKUD**”, wat impliseer dat aksies wat geestelike welstand bevorder deurlopend aandag moet kry.

Die onderstaande tabelle bevestig die sinvolheid van die werkswyse wat die navorsers gevolg het, naamlik om by wyse van kwalitatiewe- sowel as kwantitatiewe ontleding die items te beoordeel vir insluiting by die hulpmiddel. Die kwalitatiewe groepering en kategorisering van die gekombineerde items word deur die kwantitatiewe rangordening van die gekombineerde items bevestig. Hierdie bevestiging word afgelei uit die gebalanseerde verspreiding van items. So was 'n kombinasie van items met hoë, gemiddelde en lae rangordes oorwegend in elkeen van die sub-temas gereflekteer.

Tabel 3.6.2: Rangordening van die gekombineerde items in temas en sub-temas

1. TEMA: OPWEEG (GEBALANSEERDHEID)
SUB-TEMA: Selfondersoek

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
X (iv)	4.84	0.36	0	13.78	34
II INTROS	0.00	0.00	21	15.50	20
IV (iii)	4.59	0.61	0	12.66	52
III (ii); III INTRO; IV INTROS	4.75	0.43	7	16.93	18

SUB-TEMA: Goeie oordeel

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
IV ONDERS	0.00	0.00	7	8.50	80
II (iii)	4.53	0.50	0	12.81	50
VI BALANS	0.00	0.00	3	6.50	92

SUB-TEMA: Aanpasbaarheid en buigsamheid

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
VIII (v)	4.84	0.36	0	13.78	33
VII BALAN	0.00	0.00	7	8.50	81
V (i)	4.56	0.61	0	12.60	53
X (iii)	4.71	0.52	0	13.12	45

SUB-TEMA: Etiese uitlewing

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
X WAARDES	0.00	0.00	12	11.00	67
IX BALANS	0.00	0.00	12	11.00	66
IV (iv); IV BUIGSA	4.53	0.62	12	18.51	16

2. TEMA: PLANMAAK (PROBLEEMHANTERING)
 SUB-TEMA: Hantering van mislukkings

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
X (ii); [X FOUTEAA; III FOUTE]	4.71	0.45	20	23.30	8
X HOPTERU	0.00	0.00	4	7.00	88
IV FOUTEB	0.00	0.00	4	7.00	89

SUB-TEMA: Selfbeheersing

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
II (iv)	4.31	0.73	0	11.79	60
IX (ii)	4.68	0.53	0	13.04	46
II SELFBE; IV MIMPUL	0.00	0.00	30	20.00	12
VIII (ii)	4.78	0.79	0	12.59	54
VIII KONT	0.00	0.00	21	15.50	19

SUB-TEMA: Herstelvermoë

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
II KONFLK	0.00	0.00	8	9.00	75
VII (iii); VOLHARD	4.78	0.49	23	24.84	4
V (ii); [VI DEURSE; I DEURSET; I VOLHAR]	4.84	0.44	25	26.08	2
X ONVOORS	0.00	0.00	18	14.00	30

SUB-TEMA: Taatheid

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
VII FOUTE	0.00	0.00	13	11.50	63
III (v)	4.78	0.49	0	13.34	42
V (iii)	4.62	0.55	0	12.87	49

3. TEMA: SKITTER (POSITIEWE INGESTELDHEID)
SUB-TEMA: Gesonde selfbeeld

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
II (v)	4.84	0.44	0	13.58	37
III (i)	4.59	0.61	0	12.66	51
I (vi)	4.62	0.49	0	13.02	47
VII SELF A	0.00	0.00	26	18.00	17
IV SELF BE	0.00	0.00	6	8.00	83
VI SELF VR	0.00	0.00	10	10.00	69

SUB-TEMA: Selfmotivering

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
V MOTIVER	0.00	0.00	16	13.00	48
V POSINGE	0.00	0.00	11	10.50	68
VII (i)	5.00	0.00	0	15.00	25
VI MOTIVE	0.00	0.00	6	8.00	82
IX (i); I (v)	4.84	0.47	0	13.51	40

SUB-TEMA: Entoesiasme en humor

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
I MOTIVEE	0.00	0.00	21	15.50	21
IV HUMORS; VII HUMOR	0.00	0.00	3	6.50	93
VII MOTIV	0.00	0.00	8	9.00	74
X (i)	4.75	0.50	0	13.25	43

SUB-TEMA: Persoonlike ontwikkeling

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
III SELFG	0.00	0.00	7	8.50	79
IV INGEST	0.00	0.00	3	6.50	91

4. **TEMA: KOERSKRY (IDEALE- EN DOELGEORIëNTEERD)**
SUB-TEMA: Formuleer ideale en doelwitte

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
I DOELFOR	0.00	0.00	19	14.50	28
[I (i); I (ii)]	4.79	0.56	0	13.18	44
VI (v)	4.65	0.70	0	12.55	55

SUB-TEMA: Beplanning en taakontleding

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
[I (iii); I (iv)]	4.20	0.85	0	11.28	65
I BEPLANN	0.00	0.00	29	19.50	14
VI BEPLANN	0.00	0.00	9	9.50	72

SUB-TEMA: Verwesenliking

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
V BEPLANN	0.00	0.00	18	14.00	29
V FIKSHEI	0.00	0.00	5	7.50	86
V BALANSH	0.00	0.00	6	8.00	84

SUB-TEMA: Aanvaarbaarheid van optrede

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
V KEUSED0	0.00	0.00	8	9.00	73
V (v)	4.34	0.86	0	11.53	62



5. **TEMA: UITLEEF (GEMEENSKAPLIKHEID)**
SUB-TEMA: Sensitiwiteit en meeleving

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
[VIII (vi); III (iii)]	4.51	0.74	0	12.17	58
VIII INTE	0.00	0.00	13	11.50	64
III ATMOS	0.00	0.00	7	8.50	78
[VIII (iii); VI (ii)]	4.54	0.71	0	12.31	57
IV SENSIT	0.00	0.00	3	6.50	90

SUB-TEMA: Aanvaarding van uniekheid

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
VII ANDER	0.00	0.00	20	15.00	24
VI (ii); VIII SENS	4.84	0.36	15	21.28	11
II ERKEN	0.00	0.00	15	12.50	56
III (iv); [VIII UNIK; •IV VERSKI; III VERSK]	4.68	0.53	35	30.54	1
X HANTEE	0.00	0.00	14	12.00	59

SUB-TEMA: Kommunikasie

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
IV (i); X KOMMUNI	4.78	0.42	11	19.01	15
VIII (i)	4.78	0.42	0	13.51	38
VIII KOMM	0.00	0.00	17	13.50	41
[IV HANTEE; III ANDER]	0.00	0.00	38	24.00	7

SUB-TEMA: Handhawing van balans

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
IX DELEGR	0.00	0.00	4	7.00	87
[VII (iv); VI (i)]; VI SOSIAL	4.62	0.64	19	22.14	9
VIII BALN	0.00	0.00	8	9.00	76
VI (iii); IV BALANS	4.12	0.94	6	13.89	32

6. **TEMA: DEURDRUK (SELFSTANDIGHEID)**
SUB-TEMA: Aanvaarding van verantwoordelijkheid

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
VI VERANT	0.00	0.00	2	6.00	94
I (iii); I INVLOED	4.18	0.89	5	13.64	35
II (ii); II VERANT	4.87	0.33	24	25.92	3
II (i)	4.87	0.32	0	13.92	31
I (vii); III (vi); IX RMODEL	4.46	0.70	6	15.17	22

SUB-TEMA: Selfbestuur

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
V VERANTW	0.00	0.00	9	9.50	71
IV KENNIS	0.00	0.00	10	10.00	70
VII (ii); [VII VERAN; VIII JOUS]	4.78	0.42	21	24.01	6
IX (iii); V (iv)	4.78	0.42	0	13.51	39

SUB-TEMA: Aktiewe leefwyse

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
IX (iv); II KONTE	4.78	0.42	3	15.01	23
VII AKTIE	0.00	0.00	8	9.00	77
II VERWY	0.00	0.00	19	14.50	26
VI (iv)	4.84	0.44	0	13.58	36
III (vii); [VI AKTIEF; V HULPBR; II HULPBR]	4.50	0.76	19	21.60	10

SUB-TEMA: Aanvaarding van uitdagings

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE f	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
III ONDER	0.00	0.00	6	8.00	85
VI (v); IX SELFST	4.65	0.70	24	24.55	5
IX VERANT	0.00	0.00	19	14.50	27
IX TOERUS; VI PERONT	0.00	0.00	30	20.00	13
VIII (vi)	4.53	1.01	0	11.54	61



Bogenoemde tabelle bevestig dat al die temas en sub-temas in die hulpmiddel ingesluit behoort te word. Die range van die items van die temas en sub-temas is oorwegend gebalanseerd in terme van hoog, gemiddeld en laag. Die sub-tema persoonlike ontwikkeling (sien tema drie, positiewe ingesteldheid, Tabel 3.4.2) se gemiddelde rangorde waarde is relatief laag. Die navorsers het egter besluit om hierdie sub-tema en items daarvan te behou aangesien dit uit die fokusgroepsessies duidelik geblyk het dat die respondente onseker voel oor die betekenis van die sub-tema. Sommige respondente het die items geïnterpreteer in terme van egosentrisme terwyl ander respondente 'n selfverwesenliking-betekenis daaraan gekoppel het. Uit besprekings in die fokusgroepsessies met betrekking tot bogenoemde verskil in interpretasie, het dit geblyk dat die respondente dit moeilik vind om hierdie sub-tema gebalanseerd te interpreteer. Gevolglik het die respondente versoek dat hierdie sub-tema in die hulpmiddel ingesluit moet word. Die insluiting van al die items is konserwatief gegewe dat die hulpmiddel in sy ontwikkelingsfase is, die steekproefgrootte klein is, en die geldigheid daarvan nog nie empiries in die vorm van óf samevallendheid óf voorspelling vasgestel kan word nie. Laasgenoemde val buite die bestek van hierdie studie.

3.7 INLEIDING: POSISIONERING TEN OPSIGTE VAN DIE HULPMIDDEL EVALUASIE

'n Evaluasie-vraelys oor die toepasbaarheid en bruikbaarheid van die hulpmiddel (Bylae I) is saamgestel om die kwalitatiewe proses van terugvoer tot 'n mate te standardiseer. Die doel van die evaluasie was dus om terugvoer te verkry oor die toepaslikheid en bruikbaarheid van die hulpmiddel. Evaluasie in hierdie verband het dus nie gehandel oor die geldigheid van die items nie, maar oor die praktiese toepassingswaarde van die hulpmiddel in totaliteit. Die evaluasie was in die vorm van 'n vraelys aan die evalueerders. Kommentaar is oor vier oorhoofse aspekte ten opsigte van die hulpmiddel gevra, naamlik: oorsigtelike kommentaar; kommentaar oor die tegniese aanbieding; kommentaar oor die gebruik van simboliek en kommentaar oor die toepaslikheid van die inhoud (kyk Bylae I). Die evalueerders moes gevolglik die hulpmiddel toepas in hul onderskeie

opvoedkundige situasies en daarna die vraelys voltooi (kyk Bylae H vir inleidende brief en instruksielys).

3.8 RESPONDENTEPROFIEL: EVALUASIE VAN HULPMIDDEL

Vier opvoeders wat aktief betrokke is by die opvoeding en opleiding van ander persone is by die evaluasieproses betrek. Die profiel van die evalueerders word saamgevat in Tabel 3.8.1.

Tabel 3.8.1: Evalueerdersprofiel

EVALUEER- DER	OPVOEDKUNDIGE BETROKKENHEID	ADDISIONELE OPVOEDKUNDIGE BETROKKENHEID
1	Hoërskool onderwyser	- Sportafrigting – Volwassenes en jeug - Veldskole en voorligting
2	Laërskool onderwyseres	- Ouer - Alle skoolkampe en leierskapontwikkeling
3	Sielkundige – privaatpraktyk	- Ouer - Jeugbediening - Onderwyser
4	Opleidingsbeampte – industrie	- Ouer - Toesighoudende beampte

Bogenoemde vier opvoeders het die hulpmiddel in hul onderskeie opvoedkundige situasies toegepas en die evaluasie-vraelys voltooi (Bylae I). Die hoërskool onderwyser het bykomend die terugvoer van vyf-en-twintig leerlinge (twaalf graad nege leerlinge en dertien graad elf leerlinge) verkry. Hierdie leerlinge het 'n terugvoer-vraelys (Bylae J) voltooi.

3.9 KWALITATIEWE ONTLEDING EN INTEGRASIE: EVALUASIE VAN HULPMIDDEL

Die evaluasie van die hulpmiddel het deur middel van twee groepe plaasgevind, naamlik 'n groep opvoeders en 'n groep hoërskool kinders. Eerstens sal die insette van die opvoeders bespreek word en daarna dié van die hoërskool kinders.

3.9.1 Opvoeders se insette

✱ **Oorsigtelike kommentaar**

Die kommentaar van die evalueerders was oor die algemeen positief en die hulpmiddel is as goed nagevors en toepaslik vir die opvoeders beskou. Al die evalueerders het die stimulering van gesonde persoonlikheidsfunksionering as 'n noodsaaklike deel van hul opvoedingstaak beskou. Al die evalueerders het die *Sambreelboek van Welwees* as hulpmiddel by die stimulering van gesonde persoonlikheidsfunksionering as waardevol gevind.

✱ **Tegniese aanbieding**

Die evalueerders het geen negatiewe kommentaar oor die tegniese uiteensetting en aanbieding gegee nie. Die evalueerder wat die hulpmiddel in die industrie toegepas het, het spesifiek melding gemaak van die gebruik van humor en kleur om die brug te slaan tussen persone van verskillende opvoedkundige vlakke, taal en kulture. Verdere kommentaar was dat die inhoudsopgawe en uitleg van die boek in temas en sub-temas opsporing, verwysing en gebruik vergemaklik. Beide die onderwysers het gevind dat die temas en sub-temas maklik geïntegreer kan word by bestaande lesaanbiedinge. Die bondigheid van die inligting in temas, sub-temas en spreuke het die onthou daarvan vergemaklik. Kommentaar is ook verkry dat die vereenvoudigde aanbieding dit moontlik maak om die onderskeie temas te integreer in bestaande kursusse en programme.

Verdere kommentaar was dat die gebruik van kleur assosiasie en assimilasië bevorder. Sterk ondersteuning ten opsigte van die gebruik van spreuke is deur al die evalueerders gegee. Die evalueerders het na die spreuke verwys as een van die mees effektiewe vorme om inligting oor te dra en vorm deel van die moderne leefwyse.

Die evalueerders het gevind dat mense oor die algemeen aansluiting gevind het by die gebruik van werkwoorde aan die begin van elke spreuk. Die onderwysers het gevind dat leerlinge *aksie georiënteerd* is en daarom is die gebruik van werkwoorde sinvol. In die bedryf is gevind dat die werkwoorde aksies verteenwoordig wat as doelwitte nagestreef kan word.


Wat invoeging van gelamineerde bladsye betref, was die terugvoer neutraal. Dit was as bruikbaar, maar nie as noodsaaklik beskou nie.

* Gebruik van simboliek


Die gebruik van simboliek in die algemeen is as bruikbaar deur die evalueerders gevind. Dit was veral van toepassing waar hul te doen gehad het met 'n verskeidenheid van kulture, ouderdomsgroepe en ontwikkelingsvlakke. Hulle was egter van mening dat waar dit nie van toepassing is nie, die beklemtoning daarvan weggelaat kan word.

Die gebruik van die simboliek van 'n sambreel as internasionale simbool van beskerming is veral sinvol gevind. Volgens die evalueerders kan daar deur alle ouderdomsgroepe daarmee geïdentifiseer word.

Die fabel van skilpad en haas kan volgens die evalueerders met gemak gebruik en van toepassing gemaak word. Twee van die evalueerders het egter gevoel dat die konsephulpmiddel se grafiese voorstelling van skilpad en haas, kinderlik vertoon. Na oorlegpleging met al die evalueerders en 'n grafiese kunstenaar is aanpassings in dié verband gemaak. Voorbeelde volg:



Figuur 3.9.1: Grafiese voorstelling: Voor aanpassing in die konsephulpmiddel



Figuur 3.9.2: Grafiese voorstelling: Na aanpassing in die finale hulpmiddel

Die beklemtoning van die dringendheid en noodsaaklikheid by wyse van die anagram "OPSKUD" het by die evalueerders groot byval gevind. Die boodskap dat elke geleentheid benut moet word en dat tyd optimaal gebruik word, is hierdeur beklemtoon.

* Toepaslikheid van die inhoud

Die algemene gevoel by die evalueerders was dat die beginsels van die boek relevant en verstaanbaar is en maklik in die meeste opvoedkundige situasies toegepas kan word.

Alhoewel elke evalueerder die hulpmiddel in 'n bepaalde ontwikkelingsfase toegepas het, was hulle van mening dat die *Sambreelboek van Welwees* net so maklik in ander fases toegepas sou kon word. Volgens die evalueerders is die opvoedkundige beginsels wat in die boek gebruik word, toepaslik oor die hele spektrum van 'n persoon se lewe. Hierdie beginsels kan in sowel 'n persoon se privaat lewe as in sy/haar professionele lewe aangeleer en toegepas word.

Wat die hulpmiddel vir die evalueerders so relevant maak, is dat dit gebruik kan word vir bepaalde opvoedkundige doelwitte en behoeftes en dan op 'n latere stadium weer vir ander doelwitte en behoeftes.

Die kommentaar van die evalueerders rakende die stimulering van idees was positief. Hulle was van mening dat dit werkbaar en bruikbaar vir aanwending in groepsbesprekings kan wees. Verder was hulle ook van mening dat die idees geïntegreer kan word by ander bestaande programme.

3.9.2 Hoërskool kinders se insette

'n Verdere terugvoer-vraelys is deur 25 hoërskool leerlinge ingevul. Twaalf graad 9 en dertien graad 11 leerlinge is by die steekproef betrek, soos reeds genoem. Veertien van hierdie leerlinge was dogters en elf was seuns. Die evalueerder wat met die hoërskoolleerlinge gewerk het was van mening dat hulle intellektueel en persoonlikheidsgewys

verteenwoordigend is van die gemiddelde hoërskool populasie. Van die leerlinge is verwag om kommentaar ten opsigte van drie vrae te lewer. Die vrae en verkreeë terugvoer sal vervolgens bespreek word.

* Die eerste vraag het gehandel oor *lewenslesse wat hulle onlangs geleer het*. Hierdeur wou die navorsers bepaal of die temas wat in die Sambreelboek behandel word verband hou en/of aansluiting vind by dié vraagstukke waarmee tieners te make het. Vier van die ses temas het veral aanklank by die tieners gevind naamlik, probleemhantering, positiewe ingesteldheid, gemeenskaplikheid en selfstandigheid. Die meeste van die lewenslesse wat die tieners beskryf het kan herlei word na die laasgenoemde temas. Voorbeelde van die tieners se lewenslesse was in terme van:

- Selfbeheersing (sub-tema); probleemhantering (tema)
- Gesonde selfbeeld en selfmotivering (sub-temas); positiewe ingesteldheid (tema)
- Aanvaarding van uniekheid, veral ten opsigte van hulle identiteit binne groepsverband (sub-tema); gemeenskaplikheid (tema)
- Selfbestuur (sub-tema); selfstandigheid (tema)

Die navorsers is gevolglik van mening dat die *Sambreelboek van Welwees* die temas waarmee tieners identifiseer, genoegsaam aanspreek.

* Deur die tweede vraag wat handel oor *wat geleer is tydens die groepbespreking*, wou die navorsers bepaal of tieners instaat is om die inligting wat verkry word uit die Sambreelboek te kan individualiseer. Die feit dat die tieners die idees van die sub-temas in hul eie woorde beskryf, en in meeste gevalle met persoonlike voorbeelde toegelig het, het die individualisering van die inligting bevestig. Taaluitdrukkingsverskille tussen die twee groepe kinders het voorgekom, wat verder bevestig dat die tiener die boodskap van die Sambreelboek kan *vertaal* in sy/haar eie portuurgroep-taal.

- * Die laaste vraag het hulle versoek om *spreuke te noem wat hulle kon onthou*. Die doel hiervan was om vas te stel of die tieners met die spreuke kon identifiseer en dit hulle eie maak. Die tieners het gemiddeld vyf spreuke per leerling onthou. Van die spreuke is woordeliks herhaal en ander het die tieners in hulle eie woorde weergegee. Die evalueerder wat die hulpmiddel met die tieners deurgewerk het, het gerapporteer dat die spreuke baie goed vir die kinders gewerk het en dat hulle positief daarop gereageer het. Die navorsers is van mening dat die spreuke byval gevind het en spesifiek die tieners goed daarmee geïdentifiseer het.

Binne die beperkte tyd van die evaluasieproses is hoofsaaklik aanspraak gemaak op die korttermyn geheuefunksie van die leerlinge. Die navorsers is egter optimisties dat die gemiddelde leerling in die algemeen wel instaat sal wees om korttermyn inligting oor die langtermyn te integreer.

3.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die items eerstens kwalitatief en kwantitatief geïntegreer en bevestig vir insluiting in die opvoedkundige konsephulpmiddel. Hierdie proses het beide op tweede- en derde-orde vlakke van ontleding geskied, deurdat die integrasieproses van die items op beide statistiese sowel as konseptuele vlakke van betekenisgewing plaasgevind het. Tweedens is die opvoedkundige hulpmiddel kwalitatief geëvalueer deur opvoedkundiges en hoërskoolleerlinge. Aanbevelings wat hieruit verkry is, is bygewerk ter finalisering van die hulpmiddel.

In hoofstuk 4 word die toepassing van die hulpmiddel bespreek en die hulpmiddel word in 'n bemarkbare formaat aangebied.

HOOFSTUK 4

DIE FINALISERING VAN 'N SENSITISERINGSHULPMIDDEL VIR OPVOEDERS VAN GESONDE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die data geïntegreer en die items is bevestig vir insluiting. Deur hierdie proses is die feitelike inligting wat in die uiteindelijke konsep hulpmiddel ingesluit is, gefinaliseer. Die konsep hulpmiddel is aan 'n groep opvoeders voorgelê vir evalueering ten opsigte van bruikbaarheid daarvan in die praktyk. Die resultate hieruit verkry is gebruik vir die finale samestelling van die hulpmiddel.

In hierdie hoofstuk word die ses sambreelbegrippe sistemies veranker en die toepassingsaspekte van die hulpmiddel word bespreek. Laastens word 'n populêre formaat van die hulpmiddel in die hoofstuk ingesluit.

4.2 SISTEMIESE BEGRONDING VAN DIE SES SAMBREELBEGRIPPE

Dit is belangrik om te onthou dat die hulpmiddel ontwikkel is vanuit die sisteem benadering. Die vorming van die ses sambreelbegrippe binne bogenoemde benadering is gevolglik van belang. Die ses begrippe, naamlik gebalanseerdheid, hantering van probleme, positiewe ingesteldheid, ideale en doelwit oriëntasie, mens tussen ander en selfstandigheid, is daarop gerig om die individu te bemagtig. Hierdie hulpmiddel het ook ten doel om die individu nie as 'n geïsoleerde entiteit te bemagtig nie, maar juis dat die individu binne die verskeidenheid van situasies en kontekste waarbinne hy of sy funksioneer, asook die interaksie prosesse waarbinne die individu staan, in ag te neem.

Die eerste begrip, naamlik gebalanseerdheid, het ten doel om die sisteem te bemagtig om gebalanseerd met die verskeidenheid van ander persone, situasies en kontekste, waarmee hy of sy te make kry, om te gaan. Alhoewel hierdie

vaardigheid eerstens intra-psigies vasgelê moet word, raak dit sigbaar wanneer die persoon in interaksie met die wêreld om hom of haar is. Gebalanseerdheid in hierdie sin help mee om 'n gesonde verhouding van gee en neem tussen die sisteem en die wêreld waarbinne die sisteem funksioneer, daar te stel.

Die vaardigheid om probleme sinvol te hanteer hou nie alleenlik vir die individuele sisteem voordeel in nie, maar ook vir ander sisteme waarbinne die individu in aksie is. Die verwagting is dat wanneer probleme op 'n toereikende wyse hanteer word, alle betrokkenes daarby kan baat. Die sistemiese beginsel van rekursiwiteit is hier ter sprake.

Die vaardigheid van positiewe ingesteldheid is so geformuleer in die hulpmiddel, dat die ontwikkeling van die vaardigheid die sisteem nie so eksklusief toerus dat dit die sisteem isoleer nie. Hierdie bemagtiging is juis daarop gerig om die sisteem se funksionaliteit ten opsigte van sy of haar hantering van sy of haar wêreld te verhoog. Bemagtiging op die gebied van ideaal- en doelwit oriëntasie het ten doel om sisteme vanuit 'n sosiale etiese ingesteldheid produktief te laat funksioneer. Inagneming van diegene waarmee die sisteem in interaksie is, asook sosiale-, morele- en fisiese kosteberekening van doelwit uitlewing op groter sistemiese vlakke, is belangrike komponente wat hierdie vaardigheid onderskryf. Die individue se produktiwiteit word binne die hulpmiddel aan die wêreld waarbinne hy of sy funksioneer, gekoppel.

'n Belangrike bemagtigende aspek wat die hulpmiddel aanspreek, is hoe die sisteem as *mens tussen ander* funksioneer. Hierdie vaardigheid koppel sterk aan die sisteembenadering, omdat dit daaroor handel dat die mens nie in isolasie leef nie. Die wedersydse invloed wat mense op mekaar het, word hier beklemtoon. Die verantwoordelike betrokkenheid van die mens by sy wêreld vorm die basis van hierdie vaardigheid.

Die vaardigheid van selfstandigheid in die konteks van hierdie hulpmiddel, is daarop gerig om die individuele sisteem toe te rus, om 'n deelnemer te word in sy of haar wêreld eerder as 'n passiewe rolspeler wat 'n las op die groter sisteem

plaas. Met inagneming van sistemiese werkings behoort produktiewe selfstandige deelnemers die groter sisteem in sy geheel te beoordeel.

Met bogenoemde sistemiese begroning voorhande, word daar in die volgende paragraaf die toepassingsaspekte van die hulpmiddel bespreek.

4.3 TOEPASSING VAN DIE HULPMIDDEL IN DIE PRAKTYK

Die hoofogmerk van ontwikkelingsprogramme en -hulpmiddels is om dit in die praktyk en in belang van die gemeenskap toe te pas. Daar is vele voorbeelde van programme en hulpmiddels wat ontwikkel is, maar wat op die biblioteekrakke van universiteite en ander instansies stof vergaar.

'n Moontlike oorsaak van bogenoemde toedrag van sake kan wees dat sommige ontwikkelingsprogramme en -hulpmiddels se inhoud los ontwikkel word van die teikenmark waarvoor dit bedoel is. Om bogenoemde te voorkom, stel die sisteembenadering die kriterium dat programme en hulpmiddels in samewerking met aandeelhouers (verteenwoordigers) daarvan ontwikkel moet word. In die proses word aandeelhouers betrek om ontwikkelingsleemtes/behoefte te identifiseer, asook vir die daarstel van wyses om sodanige leemtes/behoefte aan te spreek. Die gevolg hiervan is dat die inhoudsgeldigheid van sodanige programme en hulpmiddels bevestig word (Lincoln & Guba, 1985).

Verdere moontlike oorsake vir programme en hulpmiddels wat nie gebruik word nie, kan wees dat die programme en hulpmiddels nie gebruikersvriendelik geformuleer word nie, asook dat die bemerking daarvan te kort kan skiet. So word die programme en hulpmiddels nie in die regte formaat, of gladnie by diegene waarvoor dit bedoel is, uitgebring nie.

In die lig van bogenoemde probleme is groot moeite gedoen om die inhoudelike van die huidige hulpmiddel in samewerking met relevante aandeelhouers te ontwikkel (kyk Hoofstuk 2). In hierdie hoofstuk (Hoofstuk 4) word op die saamstel van die hulpmiddel (tegniese versorging daarvan) asook op die

toepassing en bemaking daarvan, gefokus. Toepassingsaspekte soos die verpopularisering van die inhoud, aanwending van die hulpmiddel en die finansiering daarvan, word vervolgens bespreek.

4.3.1 TOEPASSINGSASPEKTE

4.3.1.1 Populêre weergawe van die ontwikkelde inhoud

Oorkoepelend word verwys na die resultaat van vyf jaar se navorsing as die *Sambreelboek van Welwees*. Die *Sambreelboek van Welwees* is die eerste populêre weergawe van die idees wat die hulpmiddel onderskryf. Hierdie boek is 'n hulpmiddel in die ontwikkeling van gesonde persoonlikheidsfunksionering, vir gebruik deur Ouers, Opvoeders en Opleiers. Die belangrikste aspekte wat in gedagte gehou is met die hulpmiddel is die volgende:

* Teikenmark

Die teikenmark vir toepassing van die hulpmiddel is ouers, opvoeders en opleiers. Hierdie toepassers sluit dus alle persone in wat te make het met die ontwikkeling van kennis, houdings, gewoontes, waardes en karaktereienskappe van ander, deur middel van formele en nie-formele onderrig.

Die uiteindelijke doel is om deur middel van die toepassers van die hulpmiddel, persone, klein of groot, jonk of volwasse, in die algemeen en ook in die werkplek te bereik. Die verwagting is dat die hulpmiddel persone kan help om hul eie en ander se persoonlikheidsfunksionering te verstaan en te verbeter. In die werkplek kan dit produktiwiteit, begrip en samewerking verhoog.

* Titel

Die titel van die hulpmiddel gebruik die sambreel as toonbeeld van die skerm, beskutting of huls wat 'n persoon om hom of haar behoort te bou ten einde 'n aanvaarbare of ideale vlak van persoonlikheidsfunksionering te ontwikkel en te behou. Die simboliek van die sambreel dui dus op beskerming teen die elemente soos die son en reën, maar is in sy kleurvolle vorm ook 'n element wat bydra tot die mooi voorkoms (beeld) van die individu.

Die ses bane van die sambreel verteenwoordig elk een van die ses komponente (konstrukte) van gesonde persoonlikheidsfunksionering soos tydens die navorsing geïdentifiseer (kyk Tabel 1 in die Sambreelboek van Welwees). Dit word populêr aangebied as 'n anagram met die naam *Opskud*, soos volg: Opweeg, Planmaak, Skitter, Koerskry, Uitleef, Deurdruk. Die anagram *Opskud* impliseer ook dat geen persoon of instansie gesonde persoonlikheidsfunksionering van hom- of haarself of sy of haar personeel agterweë kan laat nie, maar dat dit onmiddellik en daaglik ernstige aandag verg.

Die ses komponente word elkeen in 'n spesifieke kleur aangebied. Die kleur is gekies op grond van die emosionele betekenis en waardes wat aan elk van die kleure geheg word (Sharpe, 1974; Hayes, 1995).

* Formaat van die hulpmiddel

Die formaat van die hulpmiddel is om elk van die ses komponente van geesteswelstand in 'n opgesomde en relatief eenvoudige wyse uit te beeld. Afgesien van die bespreking van die ses komponente, sal die boekie afgesluit word met

- i. 'n Opsomming van die navorsing (kort begrip van die hulpmiddel)
- ii. 'n Tabel met praktiese voorstelle en wenke om dit wat die hulpmiddel aanbeveel en voorskryf, in elk van die volgende kategorieë toe te pas: voorskoolse kinders, laerskoolkinders, tieners en volwassenes.

✱ Aanslag van die hulpmiddel

Die hulpmiddel word in eenvoudige taal geskryf, vir aanwending deur elke ouer, opvoeder en opleier, en vir gebruik by enige opvoedingsvlak. Voorbeelde, sketse, spreekwoorde en kwinkslae wat aangehaal word, is in 'n styl wat dit aanvaarbaar en verstaanbaar maak vir die kind en die volwassene (Cohen & Cohen, 1960; Muller, Claassen & Van Tonder, 1983; Combrink, 1993). Dit kan die aanbieder help om die begrippe op 'n eenvoudige en duidelike wyse by die kind sowel as die volwassene tuis te bring.

✱ Karakters in die hulpmiddel

Die stryd tussen Haas en Skilpad in verskeie volksverhale en legendes, en die konflik tussen die twee karakters se uitgangspunte en lewenswyse, het hulle die ideale paar gemaak om as karikature die boodskap van gesonde persoonlikheidsfunksionering te help uitdra. Skilpad se dop is 'n verdere simboliese voorbeeld van die sambreel van beskerming wat die hulpmiddel as tema het, en word as sulks in die hulpmiddel aangewend (Dawson, 1999).

Skilpad se naam is Fudu, en hy praat met 'n stadige, diep stem wat vertrouwe uitspreek. Hy is die leermeester. Haas se naam is Rabba-Dabba-Doe, en hy praat met 'n fyn, angstige stem, wat onsekerheid uitspreek. Hy is die leerling.

* Monitering van die effektiwiteit van die hulpmiddel

Die inhoud van die *Sambreelboek van Welwees* is in elke fase, en op elke vlak van menswees van toepassing. In sekere fases, of in sekere spesifieke omstandighede, byvoorbeeld in die werkplek, sal die klem moontlik net op verskillende hoofstukke, of riglyne wat die boek aanbied, geplaas word.

Die persoon wat reeds 'n redelike vlak van selfstandigheid en volwassenheid bereik het, kan met vrug en eie inisiatief sy persoonlikheidsfunksionering bevorder deur die *Sambreelboek van Welwees* te bestudeer en die wenke daarin vervat toe te pas. So 'n persoon kan ook deur introspeksie sy eie vordering bepaal en evalueer.

Vir enige ander persoon in 'n ontwikkelingsfase is dit verkieslik dat 'n ouer of opvoeder behulpsaam is met die interpretasie en oordra van die wenke in die boek. Die ouer of opvoeder, wat in daaglikse kontak met die betrokke persoon is, is dan ook in die ideale posisie om negatiewe aspekte by so 'n persoon waar te neem en te help oorkom, of om positiewe verandering waar te neem en te stimuleer. Dit is in werklikheid monitering op 'n daaglikse basis.

In bedryfsielkundige toepassings sal die personeelbestuurder of kursusleier dit moeiliker vind om te bepaal of daar na afhandeling van die hulpmiddel positiewe veranderinge by elke lid van sy groep ingetree het. Hier word aanbeveel dat 'n houdings- en meningsvraelys voor die aanvang van 'n kursus deur elke deelnemende lid van die groep ingevul word, en 'n tweede vraelys 'n bepaalde tyd na die kursus. Die kursusleier het dan 'n wetenskaplik-vergelykbare resultaat om te bepaal tot watter mate houdings en menings

positief verander is, en kan daaruit tekortkominge vir verdere aandag identifiseer.

4.3.1.2 Aanwending van Die Sambreelboek van Welwees

Om die hulpmiddel effektief tot die beskikking te stel van die teikenmark vir aanwending oor 'n breë spektrum van die bevolking, met verskillende ouderdoms- en ontwikkelingspeile, asook in die werkplek, word die volgende idees vir die hulpmiddel voorgestel:

* Publikasie

Die publikasie van die hulpmiddel word as belangrik beskou. Die hulpmiddel sal bemark word vir beskikbaarstelling in boekwinkels, deur boekklubs en deur die onderskeie onderwysdepartemente en ander opvoedkundige instellings. 'n Konsepvoorstelling van die publikasie word by hierdie hoofstuk ingesluit.

* Pakket: Hulpmiddels

Pakkette met toepaslike hulpmiddels soos plakkate, transparante, pette, speletjies en karikature kan ontwikkel word. Dit sal dan saam met die publikasie vir die volgende groepe gebruik kan word:

- i. Voorskoolse kinders, laerskoolkinders en tieners (byvoorbeeld pette en speletjies)
- ii. Volwassenes (byvoorbeeld plakkate en transparante)

* Opvolgprogramme en -hulpmiddels

Elk van die ses komponente van gesonde persoonlikheidsfunksionering kan as 'n opvolgprojek in 'n afsonderlike opvolgpublikasie verder ontwikkel word. Uitgebreide programme en hulpmiddels kan hierdeur tot stand kom.

✱ Strokiesprente

‘n Reeks strokiesprente met Fudu en Rabba word beoog vir aanwending in die media, en veral tydskrifte wat op jeugweerbaarheid ingestel is. Die strokiesprente sal die boodskap en toepassing van gesonde persoonlikheidsfunksionering vir die individu, en veral die jongeling, uitbeeld.

✱ Videoreeks

‘n Videoreeks word beoog in die vorm van jeugprogramme waardeur die *Sambreeelboek* in sy totaliteit in ‘n kort reeks vir die jeug aangebied kan word. Daar word beoog dat die program ook op videokassette aan die publiek te koop aangebied kan word.

✱ Radioverhaaltjies

‘n Reeks radioverhaaltjies, gebaseer op die strokiesprente wat reeds voorheen genoem is, word in die vooruitsig gestel. Die belang van hierdie reeks in Suid-Afrika se inheemse tale, kan nie onderskat word nie.

✱ Professionele seminare

Persone kan geïdentifiseer word wat die hulpmiddel professioneel en op bedryfsielkundige vlak aan toepaslike gehore kan aanbied. Hierdie persone kan die hulpmiddel by groter werkgewers aanbied, en algemene seminare vir die publiek lei.

Alhoewel die hulpmiddel in Afrikaans en ook tans in Engels ontwikkel word, sal dit so gou as prakties moontlik in die ander inheemse tale van Suid-Afrika beskikbaar gestel word.

Die Engelse naam sal waarskynlik *The Umbrella Book of Wellbeing* wees.

✧ Programme en hulpmiddels vir die buiteland

Ondersoek kan ingestel word om die hulpmiddel ook in die buiteland bekend te stel. Die VSA is een van die teikenmarkte. Navorsing behoort onderneem te word om te bepaal watter aanpassings in styl, formaat en aanbieding nodig sal wees om die hulpmiddel suksesvol in die buiteland te loods. Die aanpassings hang af van taalverskille, interpretasie van kleure, eiesoortige fabels en legendes, ensovoorts.

✧ Finansiering van hulpmiddel

Die kostes verbonde aan die saamstel van *Die Sambreelboek van Welwees*, is hoog. Dit is egter uiters belangrik dat die hulpmiddel, veral in die huidige ontwikkelingsfase waarin Suid-Afrika hom bevind, suksesvol geïmplementeer moet word.

Die volgende bronne van finansiering sal gevolglik oorweeg word om die hulpmiddel so spoedig moontlik te bemark, sodat dit toegepas kan word:

- Eie fondse
- Fondse verkry uit verkope van hulpmiddel/publikasies
- Borgskappe vanuit die privaatsektor (versekeraars, banke, ensovoorts)
- Owerheidshulptoekennings
- Buitelandse skenkers

Teen hierdie agtergrond word die hulpmiddel soos dit in Afrikaans ontwikkel is, vervolgens aangebied.

4.4 DIE SAMBREELBOEK VAN WELWEES

Die Sambreelboek van Welwees



'n Hulpmiddel in die Ontwikkeling
van Gesonde Persoonlikheids-
funksionering vir Gebruik
deur Ouers, Opvoeders
en Opleiers

Ilse de Beer & Renché Nel

© Kopiereg voorbehou

Die Sambreelboek van Welwees

Die persoon wat moeilike dinge maklik
kan maak, is 'n opvoeder

- Ralph Waldo Emerson

Inhoudsopgawe

Die Sambreelboek van Welwees

	Bladsy
Voorwoord	
Erkenning en Dankbetuiging	3
1. Legendariese ankering	4
2. Voorgestelde gebruik	5
3. Die Sambreel van Welwees	6
3.1 Gebalanseerdheid (Opweeg)	8 9
3.2 Probleemhantering (Planmaak)	14 14
3.3 Positiewe ingesteldheid (Skitter)	19 19
3.4 Ideale en Doelwitoriëntasie (Koerskry)	24 24
3.5 Gemeenskaplikheid (Uitleef)	29 29
3.6 Selfstandigheid (Deurdruk)	34 34
4. Slot en Verdere Aanwendings	1
Tabel 1: Kortbegrip van Welwees	39
Tabel 2: Praktiese Wenke per Ouderdomsgroep	41 42
Tabel 3: Idees vir toepassing van Die Sam- breelboek van Welwees	44 44

Nota: Die inhoud van bladsy 5, Voorwoord, en bladsy 6, Erkenning en Dankbetuiging, word op 'n later stadium voorberei. Slegs die inhoud van die Sensitiseringshulpmiddel is van belang vir doeleindes van hierdie studie.

1. Legendariese Ankering

In die legendes en fabels van verskeie lande, word die eskapades van Haas en Skilpad uitgebeeld: 'n Ewige stryd.

Gewoonlik raak Haas en Skilpad in 'n wedren betrokke, en Haas spring selfvoldaan en met 'n hoë spoed weg. Skilpad vat ook die lang pad en beur ongestoord voort. Haas dink egter die wedstryd is klaar gewen, en sy gedagtes begin afdwaal op lekkerkry paadjies van koeltebome en geelwortels. Hy waag dit selfs om 'n uiltjie te knip, want die ou strompelende Skilpad kan hom mos onmoontlik nie inhaal nie.

Skilpad byt egter vas, en sonder om links of regs te kyk, en beskut teen die moordende strale van die son, deur sy beskermende dop, hou hy sy oë stip op die pad, en beur hy meter vir meter vorentoe na die eindpunt.

Wanneer Haas onder die koelteboom wakker skrik met 'n stuk geelwortel wat nog by sy mond uithang, sien hy tot sy uiterste onsteltenis hoe Skilpad selfvoldaan en trots oor die wenstreep beur. Eers daarna begin Skilpad ontspan en rustig aan die groen gras knaag. Haas is rasend van teleurstelling, en verwyf homself vir die moles waarin hy alweer beland het - hy is die spot van die hele diereryk!

Waarom wen Skilpad elke resies teen Haas? 'n Mens kan redeneer dat Skilpad een van weinige oerdiere is wat tot in die moderne tyd oorleef het, terwyl Haas as 'n soogdier maar 'n betreklik jong diertjie is. In skilpad se innerlike wese en uiterlike vorm is daar gevolglik die insigte, ondervinding en kenmerke van baie eeue opgesluit. Kenmerke wat hom ideaal weerbaar maak, vir sy welstand sorg en hom 'n groot voorsprong in die lewe gee.

Skilpad se unieke, harde, beskermende dop is net soos 'n sambreel vir hom. 'n Beskutting teen die aanslae van son, reën en wind. Dit is 'n vesting teen gevare en vyande. Dit is die ideale woonhuis waarin hy lewenslank gelukkig kan woon. Skilpad se dop is ook mooi, en trek die aandag van die teenoorgestelde geslag wanneer dit nodig is vir sy welstand.

Skilpad se innerlike kenmerke is sy uithouvermoë, wat hom toelaat om vir dae sonder water te bly, sy deursettingsvermoë om oor struikelblokke wat in sy pad geplaas word, te kom, en die oënskynlike rustige en gebalanseerde uitkyk wat hy oor die lewe het.

Haas, daarenteen, is altyd haastig, skarrel onbeplan rond en lewe in vrees en bewing, wat hom meermale noodsaak om in 'n gat in die grond skuiling te vind.

2. Voorgestelde Gebruik

Die karakters van Haas en Skilpad is ideaal om die begrippe van gesonde persoonlikheidsfunksionering aan die leser tuis te bring. Die karikature is ook so ontwikkel, dat die boodskap van die publikasie maklik daarmee aan die algemen persone, van kleuters tot volwassenes, oorgedra kan word.

Die inhoud van die publikasie is gesistematiseer vir maklike toepassing in enige opvoeding- of opleidingsomgewing, en vir verwysing. Die tabelle "Kortbegrip van Welwees", wat die publikasie opsom, en "Idee vir Toepassing" is veral handig hiervoor.

Dit word beklemtoon dat die publikasie daarop ingestel is om persoonlikheidsfunksionering as onderwerp vir alle ouderdomsgroepe te sensitiseer. Die inhoud is gevolglik daarop gemik om as stimulus te dien, om idees te genereer en om leiding te verskaf.

Die idee van die Sambreeboek van Welwees is om opvoeders te sensitiseer ten opsigte van die noodsaaklikheid om gesonde funksionering te bevorder binne hulle invloedssfeer.

Hierdie boek is nie 'n vaste program of werkmethode vir 'n spesifieke groep nie, maar eerder inligting, idees en spreuke wat dien as 'n riglyn en hulpmiddel. Dit kan na gelang van behoefte deur die opvoeder toegepas en aangewend word.


Die inligting en spreuke dek die ontwikkelingsgang van 'n persoon. Daar is dus inligting wat sekere tye meer relevant as ander sal wees. 'n Bykomende interessante kenmerk van die publikasie, is dat die kleure wat vir die verskillende afdelings aangewend word, gekies is op grond van die emosionele betekenis en waardes wat aan elk van die kleure geheg word.

Agter in die boek is 'n lys van idees (Tabel 3) wat die opvoeder by die toepassing van die Sambreeboek van Welwees kan gebruik. Die opvoeder het egter die vryheid om sy of haar kreatiwiteit te gebruik om die inligting op enige wyse vir sy of haar situasie werkbaar te maak. Die boek is dus 'n hulpmiddel en kan byvoorbeeld soos volg aangewend word:

- * Groepbespreking met voorbeelde wat uitgedink moet word
- * As spreekwoorde of flitskaarte
- * Stap-vir-stap werksprogram wat uit sommige of al die temas kan bestaan.

Dit bly egter belangrik dat die inhoud van die publikasie deur 'n verantwoordelike persoon (ouer, onderwyser, personeelbestuurder) aan sy/haar kind of teikengehoor oorgedra word. As bykomende hulpmiddel word die wesenskenmerke van die belangrikste teikengroepe in Tabel 2 opgesom.

Ontmoet vir Skildpad en Haas:



3. Die Sambreel van Welwees

Soos wat Fudu, die Skilpad, 'n ondeurdringbare sambreel het om sy welstand in die lewe mee te verseker, net so het elke mens 'n sambreel van geestelike beskerming nodig. 'n Sambreel wat hom weerbaar maak teen die geestelike en emosionele aanslae van die lewe.

Die sambreel van beskerming, of die **Sambreel van Welwees**, is nie iets waarmee die mens gebore word nie. Dit is nie vergelykbaar met byvoorbeeld die oorlewingsdrang, wat 'n basiese instink vir voortplanting is nie. Die **Sambreel van Welwees** is vaardighede wat die mens aanleer om sy welstand op die beproewende geestelike en emosionele vlakke van die lewe mee te verseker. Daar moet onthou word dat:

- Elke persoon grootliks **op hom- of haarself**, en die vaardighede wat hy of sy aangeleer het, aangewese is vir sy of haar welstand
- Elke persoon moet 'n **Sambreel van Welwees vir hom- of haarself** en vir sy of haar eie, unieke omstandighede skep. Jou maat of 'n buurman se sambreel sal jou niks baat nie, alhoewel wisselwerking met jou medemens in die proses tog belangrik is.
- Die **werking** van die **Sambreel van Welwees**, en die interaksie tussen die verskillende komponente daarvan, en met die groep, moet deur die individu verstaan word voordat hy of sy dit kan toepas.
- Die **beskerming** wat die **Sambreel van Welwees** vir die individu bied, kom nie vanself nie. Daar moet hard binne groepsverband voor **gewerk** word, en vaardighede aangeleer word.
- Die **Sambreel van Welwees** moet **volledig** wees, dit wil sê jou sambreel, sowel as die van elke ander lid van jou groep (jou medemens), moet oor al die elemente wat nodig is vir geestelike welstand, beskik, anders gaan jy soos onder 'n stukkende sambreel, nat reën en siek word.

Die ses beskermende panele van die sambreel van welwees, of die ses elemente, word saamgevat onder die ondergenoemde belangrike punte:

Gebalanseerdheid (opweeg), **Probleemhantering** (planmaak), **Positiewe ingesteldheid** (skitter), **Ideale en doelwitoriëntasie** (koerskry), **Gemeenskaplikheid** (uitleef) en **Selfstandigheid** (deurdruk). Die eerste letter van die woord tussen hakies vorm die anagram **Opskud**, wat impliseer dat geestelike welstand deurlopend aandag verg.

3.1 Gebalanseerdheid

Opweeg



Selfondersoek	bl 10
Goeie oordeel	bl 11
Aanpasbaarheid en buigzaamheid	bl 12
Etiese uitlewing	bl 13



Selfondersoek

Opweeg

*Jou gedrag het 'n bepaalde inslag
op jou lewe en op dié van ander.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Verdra die verskeidenheid in mense en die
verskillendheid in situasies



Beoordeel jou eie waarnemings krities en
pas aan waar nodig



Evalueer die uitwerking van jou gedrag op
ander objektief



Handhaaf 'n balans tussen die fisiese, psigiese,
religieuse en sosiale lewensfasette



Wees bereid om geykte gedagtes, stereo-
tipes of voorkeure ter verbetering te verander



Goeie oordeel

*Oorweeg verskillende uitweë
en dink voordat jy optree.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Ontwikkel en benut 'n gesonde
oordeelsvermoë



Neem die gevoelens wat uit jou denke
of dade mag voortspruit, in ag



Hanteer situasies met nuwe, skeppende
idees en handeling



Leef jou selfstandigheid binne bestaande
beperkinge uit



Koester realistiese verwagtinge - dit dra by
tot 'n positiewe ingesteldheid

Aanpasbaarheid en Buigzaamheid

Jy kan doelwitte op verskillende maniere bereik.

Lees elkeen van die onderstaande spreuke aandagtig deur en:

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Ruim altyd tyd en ruimte in vir vernuwende inligting en denke



Onthou dat elke persoon dieselfde basiese behoeftes en begeertes het



Hou 'n balans tussen jou eie en ander se aktiwiteite



Aanvaar dat mense en elke dag se gebeure onvoorspelbaar is



Ontleed die faktore wat 'n gebeurtenis of situasie veroorsaak het

Etiese uitlewing

*Elke optrede is gekoppel
aan verantwoordelikheid.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Neem jou eie besluite binne jou eie waarde-
sisteem, maar neem ander steeds in ag



Waak daarteen om jou selfstandigheid ten
koste van ander te handhaaf, of om te domineer



Maak aanpassings of toegewings binne jou
persoonlike gestelde waardes en normes



Verseker dat jou etiese en morele waardes sin
maak en op normes geskoei is



Akkommodeer veranderinge of maak toege-
wings sonder om beginsels prys te gee

Planmaak

3.2 Probleemhantering



Hantering van mislukkings	bl 15
Selfbeheersing	bl 16
Herstelvermoë	bl 17
Taaigheid	bl 18



Hantering van mislukkings

Planmaak

*Lief en leed, hoe goed of wreed,
verg jou positiewe optrede
vir lewensvrede.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Aanvaar dat die maak van foute menslik is, en dat dit reggestel kan word



Onthou dat foute nie optrede hoef te staak nie, maar slegs positiewe regstellings verg



Maak vrede met elemente wat jy nie met jou vermoëns kan verander of regstel nie



Aanvaar dat elke optrede nie elke keer suksesvol sal wees nie, maar streef steeds vir verbetering



Onthou dat alles wat jy wil bereik, nie noodwendig maklik of lekker gaan wees nie



Planmaak

Selfbeheersing

*Dit is in jou hande hoe jy gebeure en
onvoorspelbaarhede op jou weg
beveg en geskille besleg.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Staal jouself teen probleme en teleurstellings



Waak teen oormatige fyngevoeligheid en leer om kritiek positief aan te wend



Wees emosioneel beheers en hanteer probleme kalm en rustig



Erken jou foute en maak toegewings of verskonings as jy verkeerd was



Handhaaf jou eie en die ander persoon se waardigheid in enige gesprek of handeling



Planmaak

Herstelvermoë

*Moenie gaan lê as die lewe jou druk
of probleme jou laat skrik nie, maar
rol op jou moue en bly behoue.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Moet nie tou opgooi nie, maar herstel
na teleurstellings en mislukkings



Hanteer elke krisis of probleem, en
handel dit stelselmatig af



Aanvaar dat die lewe gekompliseerd is, en
plaas probleme in konteks



Volhard met stamina ten spyte van
teleurstellings



Oorkom teëspoed deur stelselmatig stap vir stap
te herstel totdat momentum weer opgebou is



Planmaak

Taaigheid

*Takel elke probleem tromp-op
en los dit daadwerklik op.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Moet nie wegdeins van komplekse of moeilike
take of situasies nie, maar los dit vinnig op



Moet nie die skuld van jou foute op ander plaas,
of verantwoordelikheid vir ander se foute neem nie



Neem standpunt in sonder om te oorheers, en
moet in geen omstandighede onttrek nie



Probeer om in elke situasie gemaklik te voel
en positief op te tree



Verkry oplossings binne sosiaal aanvaarbare
norme en reëls



3.3 Positiewe Ingesteldheid



Gesonde selfbeeld	bl 20
Selfmotivering	bl 21
Entoesiasme en humor	bl 22
Persoonlike ontwikkeling	bl 23



Gesonde selfbeeld

Skitter

*Jy is jou eie beste vriend
vir inspirasie en lewensgrasie.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Glo dat jy hier is met 'n doel en 'n verskil kan en moet maak



Sien jouself as suksesvol en produktief, en dat jy in jou omgewing 'n positiewe bydra maak



Vertrou op jou vermoëns en vaardighede om sukses mee te bereik



Waardeer jou uniekheid en die reg om jouself te wees



Oefen jou reg op keuses uit, en bepaal hoe jy elke omstandigheid gaan beheer



Selfmotivering

Skitter

*Jy ervaar lewenssuksesse
deur positiewe denke en optrede.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Beheer jou gedagtes en denke tot jou voordeel



Steun op jou vaardighede en deursettingsvermoë



Konsentreer op jou sterkpunte en bestuur en verbeter jou swakpunte



Aanvaar 'n leuse vir jouself, herhaal dit daagliks en streef om dit uit te leef



Leer by leiers en meningsvormers en put inspirasie uit gebeure en plekke



Entoesiasme en humor

Skitter

*Leef in Glimlagland
en verseker geestelike welstand.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Raak entoesiasies en wees geesdriftig oor dit
wat jy beplan



Fokus op die positiewe in die lewe en wees
opgeruimd daaroor



Ontwikkel 'n sin vir humor, en verbloem die
swaarkry of die negatiewe met humor



Geniet die lewe en put iets positiefs uit elke
situasie



Waardeer die goeie in die lewe en wend
dit in jou daaglikse omgang aan



Persoonlike ontwikkeling

Skitter

*Deur net 'n paar trappe op 'n keer te klim,
word die hoogste sport makliker bereik.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Skep elke dag geleenthede vir groei en ontwikkeling



Ontwikkel jou eie standpunte en menings oor sake



Ontwikkel belangstellings en leersame stokperdjies en hou vol daarmee



Stel bereikbare en sosiaal aanvaarbare ideale en mikpunte vir jouself



Wees ingestel op vernuwing en geleenthede wat groei en ontwikkeling in die hand werk



3.4 Ideale en Doelwitoriëntasie

Koerskry



Formulering van ideale en doelwitte	bl 25
Beplanning en taakontleding	bl 26
Verwesenliking	bl 27
Aanvaarbaarheid van optrede	bl 28



Formulering van ideale en doelwitte

*Deur bloot te bestaan, sal jy vergaan,
maar deur na hoër doelwitte te streef,
kan jy jouself uitleef.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Stel vir jouself ideale om na te streef



Formuleer spesifieke doelwitte waarmee ideale bereik kan word



Bepaal wat in jou omstandighede belangrik is, en waarom



Versprei ideale en doelwitte om al die fasette van die lewe in te sluit



Stel jou doelwitte uitdagend hoog, en poog om dit ten alle koste te bereik

Bepanning en taakontleding

Koerskry

*Deur te wag, verdwyn die dag,
maar deur 'n plan uit te voer
word vooruit geboer.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Ontwikkel planne om elke doelwit mee te bereik



Stel vas of jy oor die vereiste vermoëns, vaardighede en hulpbronne vir jou planne beskik



Koppel tydskedules aan elke fase van elke plan



Verkry samewerking en ondersteuning van alle betrokkenes by jou planne



Implementeer jou planne, en kontroleer deurlopend of jy op die beplande koers bly



Verwesenliking

*Net werk sonder speel en rus
laat jou sonder lewenslus.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Herinner jouself daaglik aan jou planne en doelwitte



Wees fisies fiks en gesond sodat jy krag en stamina het vir die uitvoer van jou planne



Ruim tyd in vir ontspanning, stiltetye en meditering



Handhaaf 'n balans tussen die tyd wat jy spandeer aan die nastreef van doelwitte en rus



Behou perspektief en aanvaar dat jy, sowel as jou omgewing, nie elke dag dieselfde is nie

Aanvaarbaarheid van optrede

Koerskry

*As jy ander vertrap in die uitleef van jou ideale,
is dit slegs 'n skyn voorwaartse stap.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Maak 'n morele kosteberekening van die
gevolge van jou planne en doelwitte



Stel realistiese ideale en doelwitte en
handel dit in prioriteitsvolgorde af



Oorweeg ideale en doelwitte wat met jou
vermoëns en hulpbronne bereikbaar is



Stel jou planne en doelwitte binne aanvaar-
bare sosiale norme en realiteite op



Maak seker dat dit wat jy wil bereik, nie
tot ander se nadeel strek nie



3.5 Gemeenskaplikheid

Uitleef



Sensitiwiteit en meelewing	bl 30
Aanvaarding van uniekheid	bl 31
Kommunikasie	bl 32
Handhawing van balans	bl 33



Sensitieweiteit en meelewing

Uitleef

*Dit wat jy uit die lewe wil hê,
is ook wat jy terselfdertyd in ander moet belê.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Wees sensitief vir ander se reaksies en gevoelens



Toon deernis en meelewing met ander se gevoelens en omstandighede



Onthou dat daar vir ander mense se optrede ook rede en motivering bestaan



Beskou verhoudings as waardevol en hanteer dit met agting en goeie maniere



Aanvaar dat jou optrede uitkring na ander, en die verhouding tussen mense kan bepaal



Aanvaarding van uniekheid

Uitleef

*Dit is jou voorreg en eer
om elke mens se staanplek
in die son te respekteer.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Respekteer elke individu se uniekheid en akkomodeer hierdie verskille in jou optrede



Behandel elke mens met respek en waardigheid



Gee aan ander die geleentheid om hulleself in jou teenwoordigheid te wees



Aanvaar dat ander mense se gevoelens en optredes net so belangrik soos jou eie is



Fokus op die positiewe by alle mense en in alle situasies



Kommunikasie

Uitleef

Goeie kommunikasie is die grondslag vir begrip en goeie verhoudings.

Lees elkeen van die onderstaande spreuke aandagtig deur en:

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Maak seker dat kommunikasie 'n tweerigting-proses met openhartige bydraes deur almal is



Wees positief en vriendelik tydens kommunikasie



Aanvaar die verantwoordelikheid dat jou boodskap korrek ontvang en geïnterpreteer word



Wees in alle kommunikasiesituasies eerstens 'n goeie luisteraar



Skep kreatiewe kommunikasie en verskillende opsies om begrip mee te bevorder



Handhawing van balans

Uitleef

*Jy is individueel en uniek,
maar onlosmaaklik deel
van die groter mense-kliek.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Handhaaf 'n balans tussen individuele optrede
en optrede in groepverband



Wees konsidererend teenoor andere sonder
om die mindere of minderwaardig te wees



Aanvaar dat mense mekaar nodig het en
aanvul - raak betrokke en betrek ander



Wees eerlik met jouself en eerlik en opreg
teenoor ander in die samelewing



Erken dat jy en jou medemens regte en verplig-
tinge het, en dat almal nie altyd reg kan wees nie

Deurdruk

3.6 Selfstandigheid



Aanvaarding van verantwoordelijkheid

bl 35

Selfbestuur

bl 36

Aktiewe leefwyse

bl 37

Aanvaar uitdagings

bl 38



Aanvaarding van verantwoordelikheid

*Dit wat jy vandag doen,
moet jy jou nog
môre mee kan versoen.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Onthou dat jou eie besluite jou toekoms bepaal



Besef dat jou gedrag en optrede gevolge het waarvoor jy verantwoordelik is



Bepaal jou rol in elke aksie of handeling en kom jou beloftes en verantwoordelikheid na



Besin of jou optrede realisties, haalbaar en toepaslik is



Handhaaf deurgaans aanvaarbare waardes en norme

Selfbestuur

*Jy en jy alleen stuur jou lewe
met innerlike krag en steun
volgens jou strewe.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede,
en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe
jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Beheer jou emosies deur jou gevoelens
oor besluite wat jou raak te ontleed



Som elke situasie objektief op, en onthou dat
jou waarnemings persoonlik en subjektief is



Bestuur jou lewe sinvol deur jou sterkpunte,
swakpunte, behoeftes en belange te ken



Vermeerder jou kennis en ondervinding deur-
lopend deur nuwe dinge aan te pak



Leer om jou persoonlike sake self te bestuur

Aktiewe leefwyse

*Carpe Diem -
benut elke oomblik
en leef voluit.*

**Lees elkeen van die onderstaande spreuke
aandagtig deur en:**

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Benut elke geleentheid ten volle - dit word nie herhaal nie



Leef lewenskragtig en verbeter vaardighede en roetines - ontwikkel stokperdjies en belangstellings



Raak betrokke by verskillende aktiwiteite in jou omgewing en brei so jou verwysingsraanwerk uit



Leer om met elke taak of aksie te begin - onthou, van uitstel kom afstel



Onderneem net soveel as wat jy sinvol kan hanteer - moenie meer afbyt as wat jy kan kou nie

Aanvaarding van Uitdagings

Sien probleme as geleenthede wat jy kan benut.

Lees elkeen van die onderstaande spreuke aandagtig deur en:

- 1. Beoordeel 'n situasie uit jou onlangse verlede, en stel vas hoe jy anders sou kon optree.**
- 2. Dink aan 'n toekomstige situasie, en hoe jy die spreuke tot jou voordeel kan aanwend.**



Ondersoek en herrangskik bestaande idees en skep so nuwe, kreatiewe moontlikhede



Toets nuwe idees en denkrigtings, ongeag of jy daarmee slaag of nie



Vertrou op jou intuïsie en vermoë om selfstandig te kan optree



Aanvaar dat probleme met die behoorlike bestuur daarvan voorkom kan word



Probeer probleme eers self oplos, alvorens hulp ingeroep word

4. Slot en verdere aanwendings

Die **Sambreelboek van Welwees** is gebaseer op 'n doktrale proefskrif wat gerugsteun word deur vyf jaar se praktiese navorsing in die bedryf. Die bevindings van die navorsing is sterk teoreties gefundeer, maar ook van wesenlike praktiese belang vir elke mens in die samelewing. Dit was die beweegrede daaragter dat die proefskrifresultaat in 'n eenvoudige en hopelik gewilde vorm aan die publiek beskikbaar gestel word as **Die Sambreelboek van Welwees**, 'n hulpmiddel in die ontwikkeling van geesteswelstand.

Die publikasie is voorberei as hulpmiddel vir opvoeders en opleiers wat met mense van alle ouderdomsgroepe werk. Die outeurs is van mening dat die hulpmiddel 'n substansiële bydrae kan lewer tot die persoonlikheidsontwikkeling van kinders. Wat volwassenes betref, kan die publikasie ook 'n baie handige rol in die werkplek speel om by te dra tot die ontwikkeling, aanvaarding en groei van die individu in die komplekse werksomgewing. Personeelpraktisyns en opleiers kan die publikasie met vrug aanwend.

Om die leser verder behulpsaam te wees, verskyn daar in Tabel 2 praktiese inligting van die hoofkenmerke van verskillende ouderdomsgroepe. Dit is belangrik om ag te slaan op die wesenlike verskille tussen die lede van die verskillende ouderdoms- en volwassenheidsvlakke, en om die opvoeding en opleiding vir geestelike welstand streng daarby aan te pas.

Babas is tydens geboorte weerloos, en hulle is afhanklik van hul ouers en ander persone in hul omgewing om hulle te help opgroei. Die fisiese gedeelte van grootword soos kruip, loop, praat, leer en skoolgaan is maklik. Belangrike afronding van die kind (of persoon) op emosionele vlak is egter net so belangrik, indien nie belangriker nie, en nodig om die persoon normaal en volwasse tussen ander te laat funksioneer. Die kind moet groei van weerloos tot weerbaar. **Die Sambreelboek van Welwees** oorbrug die gaping tussen die maklike, fisiese opgroei- en leerproses, en die bereiking van die moeiliker vlak van volle emosionele volwassenheid.

Welwees word in die publikasie vergelyk met 'n sambreel wat ses belangrike emosionele komponente vir die verkryging en handhawing van emosionele volwassenheid het, saamgevat met die woorde **Opweeg, Planmaak, Skitter, Koerskry, Uitleef en Deurdruk**. Elke persoon is slegs op hom- of haarself aangewese om suksesvol die vlak van volwasse geestelike welwees te bereik.



Niemand anders kan geestelike welwees vir jou gee, of jou leer hoe om te voel of te reageer nie. Leiding kan egter deur ouers, opvoeders en opleiers gegee word, en **Die Sambreelboek van Welwees** kan 'n waardevolle hulpmiddel hiervoor wees.

Die inhoud van **Die Sambreelboek van Welwees** kan op verskillende maniere aangewend word om die inligting tot die beskikking van die teikengroep waarmee daar gehandel word, te stel. So kan daar vir kleuters eenvoudige rolvertolkings geskep word en in die werkplek kan opleidingseminare hierdie belangrike funksie vervul.

Die outeurs glo dat **Die Sambreelboek van Welwees** 'n baie belangrike bydrae kan lewer tot die geestelike welwees van die Suid-Afrikaanse bevolking.



Tabel 1: Kortbegrip van Welwees

No	Komponent	Aksie werkwoord *1	Elemente van hoofkomponent	Emosie van kleur
1.	Gebalanseerdheid	Opweeg	Selfondersoek Goeie oordeel Aanpasbaarheid en buigzaamheid Etiese uitlewning	Groen: Harmonie en balans
2.	Probleemhantering	Planmaak	Hantering van mislukkings Selfbeheersing Herstelvermoë Taalheid	Geel: Kreatiwiteit in denke Rasionalisering Vlugheid van gees
3.	Positiewe ingesteldheid	Skitter	Gesonde selfbeeld Selfmotivering Entoesiasme en humor Persoonlike ontwikkeling	Blou: Houding teenoor die lewe
4.	Ideale en doelwit oriëntasie	Koerskry	Formulering van ideale en doelwitte Beplanning en taakontleding Verwesenliking Aanvaarbaarheid van optrede	Rooi: Toewyding
5.	Gemeenskaplikheid	Uitleef	Sensitiwiteit en meelewing Aanvaarding van uniekheid Kommunikasie Handhawing van balans	Lila: Aanvaarding Verdraagsaamheid Volwassenheid
6.	Selfstandigheid	Deurdruk	Aanvaarding van verantwoordelikheid Selfbestuur Aktiewe leefwyse Aanvaarding van uitdagings	Oranje: Ambisie en dryfkrag

* 1 Die eerste letters van die werkwoorde in die lys vorm die anagram "OPSKUD", wat impliseer dat aksies wat geestelike welstand bevorder, deurlopend aandag moet kry.

Tabel 2: Praktiese wenke vir Toepassing van die Hulpmiddel van Welwees op verskillende Ouderdomsgroepe

Voorskoolse kinders

Kinders in hierdie fase is ingestel op hulleself en hul eie behoeftes. Die sosiale gevolge van hulle gedrag is nog nie vir kinders in hierdie groep van belang nie. Die opvoeder maak namens die kind die keuse van wat toegelaat kan word, en wat nie.

Voorskoolse kinders leer grootliks deur oer persone **dop te hou** en te evalueer. Uit hierdie evaluering van ander, ontwikkel kinders se siening van hulleself. Wat die opvoeder dus van die kind dink en aan hom of haar kommunikeer, kan die beeld word wat die kind uiteindelik van hom- of haarself het.

Kleuters in hierdie fase **boots hulle ouers of opvoeders byna slaafs** na. Die voorbeeld wat die opvoeder stel, is dus van die allergrootste belang.

Laerskoolkinders

Hierdie tydperk in 'n kind se ontwikkeling is relatief rustig en kalm, en kinders **aanvaar tradisionele gesag maklik**. Opvoeders kan 'n positiewe invloed op die opvoeding uitoefen, deur byvoorbeeld direk aan die kind te kommunikeer en voor te skryf wat aanvaarbaar is en wat nie.

In hierdie fase ontwikkel die kind 'n groter **sosiale bewustheid en ook morele insig**. Dit bied aan opvoeders die geleentheid om kinders bewus te maak van die sosiale en morele gevolge van hulle gedrag. Die kind kan dus ingelig word oor die gevolge wat sy gedrag vir hom- of haarself inhou. Tipies kan die ondergenoemde aanslag aan die kind in 'n konfliktsituasie voorgehou word: "Kom ons doen liever iets wat vir almal lekker is, dan is ons almal bly."

Tabel 2: Praktiese wenke vir Toepassing van die Hulpmiddel van Welwees op verskillende Ouderdomsgroepe (vervolg)

Tieners

By die tiener vind daar meestal 'n verskuiwing plaas vanaf die onvoorwaardelike aanvaarding van tradisionele gesag, na die aanvaarding van **verantwoordelikheid** en vertolking van die volwasse rol wat die kind uiteindelik in sy betrokke kultuur moet inneem. Dit lei daartoe dat gesagsfigure dikwels ervaar dat tieners gesag uitdaag en ondermyn. Die opvoeder se direkte aanslag, wat voorheen baie suksesvol was, lei dikwels in hierdie fase tot konflik.

Die kern is dat tieners **vir hulleself wil begin dink**. Daarom word hulle beter bereik deur 'n indirekte benadering. Vra vir 'n tiener sy of haar mening voordat jy jou eie mening gee. Onderhandel oor reëls eerder as dat reëls rigied voorgeskryf word. Die tiener moet voel dat sy of haar opinie belangrik is en dat daar na hom of haar geluister word. Konflik sal noodwendig voorkom. Benut dit sodat die tiener kan leer om keuses te maak wat tot volwasse besluitneming lei.

Volwassenes

Kenmerke van volwassenes is die drang om te groei en te presteer, wat insluit vestiging, vaardighede, materiële besittings, ens. Tog is daar by volwassenes 'n inherente weerstand teen verandering, en 'n voorkeur vir die reeds bekende.

Die kern is dat wanneer 'n volwassene daarvan oortuig word dat 'n verandering tot sy **voordeel** is, dit die nodige motivering tot 'n besluit en 'n bereidwilligheid om te ontwikkel, verskaf.

Van belang by volwassenes in opleiding is dus dat bepaalde voordele aan hulle uitgewys moet word, dat hulle met feite oortuig moet word, en dat van 'n deelnemende benadering gebruik gemaak moet word. Die volwassene moet voel dat hy in **beheer** van sy eie situasie is, en uit vrye keuse belangrike besluite neem.

Bron: Louw, D A (1990). Menslike Ontwikkeling. Tweede uitgawe. Pretoria: HAUM

Tabel 3: Idees vir toepassing van Die Sambreelboek van Welwees

Die bedoeling van *Die Sambreelboek van Welwees* is dat dit deurlopend in die opvoedingsproses by wyse van leering, versterking, modelering en voorspraak geïntegreer word. Indien 'n opvoeder dit meer gestruktureerd en formeel wil toepas, kan die ondergenoemde idees van hulp wees en op die teikenpersoon of teikengroep toegepas word:

1. Storievertel

Vertel 'n storie van wat jy waargeneem het wat bydra tot, of afbreuk doen aan die beginsels van 'n bepaalde stel spreuke.

2. Waarneming

Beskou 'n persoon in 'n negatiewe posisie aandagtig (bv hartseer/ongelukkig/kwaad). Probeer vyf redes gee waarom hy/sy moontlik negatief is, en gee dan vyf idees om hom/haar op te beur.

3. Wens-nastrewery

Noem vyf wense van wat jy graag in die lewe wil bereik. Probeer dit as doelwitte formuleer en stel planne op waarmee elke doel bereik kan word.

4. Heldeverering

Noem vyf van jou helde en bepaal die eienskappe van jou helde wat jy graag wil nastreef.

5. Versterking

Probeer om in een dag jou beste maat vyf keer te prys vir verskillende dinge wat hy/sy mooi en reg doen.

6. Doelwitte

Stel drie doelwitte vir jouself elke dag, byvoorbeeld lees 'n mooi boek, bedank ouers vir huislike omstandighede, leer 'n nuwe tegniek aan, ens. Moet nie gaan slaap voor al drie doelwitte uitgevoer is nie.

Tabel 3: Idees vir toepassing van Die Sambreelboek van Welwees (vervolg)

7. Evaluasie

As 'n dag goed afgeloop het vir jouself, skryf vyf redes neer waarom dit suksesvol was. Doen dieselfde vir 'n slegte dag. Bepaal hoe jy *Goeie-dae-dinge* kan herhaal en *Slegte-dae-dinge* kan uitskakel.

8. Samewerking

Vorm 'n groepie en kyk hoeveel motorname, filmsterre, lande, presidente, ensovoorts die groep saam kan onthou. Let daarop dat die groep wat as 'n span saamwerk, baie meer vermoeg as die enkeling.

9. Verbintenisse

Kies vyf dinge wat jy wil doen. Vertel jou ouers en vriende daarvan, en let daarop dat jou dryf groter is om die take af te handel as jy dit teenoor ander mense onderneem het.

10. Liedjie-speletjie

Kies onderwerpe vir geesteswelstand, byvoorbeeld ondersteuning, samewerking, selfbeeld ensovoorts. Probeer drie liedjies identifiseer waar die sanger oor elke onderwerp sing.

11. Flitskaarte

Maak kaartjies van die spreuke en plak dit teen opsigtelike plekke soos byvoorbeeld die yskas se deur of jou spieël op, en lees dit daagliks.

12. Ander

Kan jy aan nog ander idees dink?

Tabel 1: Kortbegrip van Welwees

No	Komponent	Aksie werkwoord *1	Elemente van hoofkomponent	Emosie van kleur
1.	Gebalanseerdheid	Opweeg	Selfondersoek Goeie oordeel Aanpasbaarheid en buigzaamheid Etiese uitlewning	Groen: Harmonie en balans
2.	Probleemhantering	Planmaak	Hantering van mislukkings Selfbeheersing Herstelvermoë Taalheid	Geel: Kreatiwiteit in denke Rasionalisering Vlugheid van gees
3.	Positiewe ingesteldheid	Skitter	Gesonde selfbeeld Selfmotivering Entoesiasme en humor Persoonlike ontwikkeling	Blou: Houding teenoor die lewe
4.	Ideale en doelwit oriëntasie	Koerskry	Formulering van ideale en doelwitte Beplanning en taakontleding Verwesenliking Aanvaarbaarheid van optrede	Rooi: Toewyding
5.	Gemeenskaplikheid	Uitleef	Sensitiwiteit en meelewing Aanvaarding van uniekheid Kommunikasie Handhawing van balans	Lila: Aanvaarding Verdraagsaamheid Volwassenheid
6.	Selfstandigheid	Deurdruk	Aanvaarding van verantwoordelikheid Selfbestuur Aktiewe leefwyse Aanvaarding van uitdagings	Oranje: Ambisie en dryfkrag

* 1 Die eerste letters van die werkwoorde in die lys vorm die anagram "OPSKUD", wat impliseer dat aksies wat geestelike welstand bevorder, deurlopend aandag moet kry.

Aantekeninge





**Welwees binne
maklike bereik**



4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die inhoudelike van die hulpmiddel sistemies begrond. Daarna is die toepassingsaspekte daarvan in die praktyk, bespreek. Die hulpmiddel is op so 'n wyse saamgestel dat dit verskeie teikengroepe kan dien. Hierbenewens het *Die Sambreelboek van Welwees* nie net 'n *ontwikkelingsfunksie* ten doel nie, maar kan dit ook ten opsigte van *voorkoming* 'n bydrae maak.

HOOFSTUK 5

KOPPELING TUSSEN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPMIDDEL EN DIE KONSTRUKTE WAARUIT DIT ONTWIKKEL IS

5.1 INLEIDING

Die inhoudelike van die Sambreelboek is nie net uit die literatuurstudie oor die onderwerp ontwikkel nie, maar 'n groot bydrae tot bevestiging en uitbreiding van die geïdentifiseerde akademiese idees is deur middel van die fokusgroepsessies verkry. Daar kan bykomend geredeneer word dat die idees wat deur middel van die fokusgroepsessies gegeneer is, deur die kernidees wat uit die LVK en ES konstrukte ontleen was, gerig is. Hierbenewens is die inhoud van die Sambreelboek ook 'n beredeneerde integrasie van die totale aantal idees wat verkry is uit die literatuurstudies en fokusgroepsessies ten opsigte van twee konstrukte, naamlik LVK en ES.

5.2 DIE TERUGKOPPELING TUSSEN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPMIDDEL EN LOKUS VAN KONTROLE

Die *Sambreelboek van Welwees* is 'n uitvloeisel van 'n navorsingsproses wat teruggekoppel kan word na die analise van 'n bepaalde persoonlikheidskonstruk (in die verband LVK). Hierdie resultaat verteenwoordig die idees van verskeie outeurs wat oor die LVK konstruk geskryf het. Wat op hierdie punt van belang is, is hoe die resultaat terugkoppel met die idees waaruit dit oorspronklik ontwikkel is. Deur die terugkoppeling kan die *suiwerheid* van die navorsingsproses sistemies gekontroleer word. Hiermee word bedoel dat die navorsers deur 'n kritiese terugblik wil bepaal of die oorspronklike akademiese fondasie behoue gebly het in die verwerkte resultaat. Die wetenskaplik-gefundeerde boodskap moet dus steeds weergegee word in die populêr-bemerkbare *Sambreelboek van Welwees*. Die navorsers het besluit om die

terugkoppeling na die oorspronklike analise te doen slegs deur verwysing na die primêre idees wat tydens die literatuurstudie geïdentifiseer en bespreek is.

Die Sambreelboek word aangebied in ses oorhoofse temas, met vier sub-temas wat onder elke oorhoofse tema resorteer. Die inhoudelike van die sub-temas word aangebied in 'n gedragspreuk-stellingformaat. Deur hierdie aanbiedingswyse het die navorsers gepoog om onderskeidings wat geïdentifiseer is tydens die aanvanklike bestudering van die konstuk, te reflekteer. Die temas verteenwoordig funksionele eenhede (ingesteldhede), terwyl die sub-temas die gedragsmanifestasies van laasgenoemde ondervang. In Tabel 5.2.1. word hierdie verteenwoordigende *bande* weerspieël. Die leser word ook verwys na paragraaf 3.5.2 (Deel 1).

Tabel 5.2.1: Terugkoppeling tussen die temas van die *Sambreelboek van Wetwees en LVK*

Sambreelboek TEMAS	Oorspronklike geïdentifiseerde idees oor LVK Funksionele eenhede
1. Gebalanseerdheid – <i>Opweeg</i>	Persepsie van kontrole
2. Probleemhantering – <i>Planmaak</i>	Deursettingsvermoë Persoonlike beheer
3. Positiewe Ingesteldheid – <i>Skitter</i>	Selfsiening
4. Ideale en doelwitoriëntasie – <i>Koerskry</i>	Doelwitingesteldheid
5. Gemeenskaplikheid – <i>Uitleef</i>	Interpersoonlike verhoudings Kreatiwiteit
6. Selfstandigheid – <i>Deurdruk</i>	Standvastigheid Produktiewe oriëntasie

Elkeen van die *Sambreelboek*-temas kan gekoppel word aan die LVK-funksionele eenhede. Gevolglik is die terugkoppeling vir die huidige navorsers bevestigend van die suiwerheid van die navorsingsproses.

5.3 DIE TERUGKOPPELING TUSSEN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPMIDDEL EN EGOSTERKTE

Wanneer daar gekyk word na die ontwikkelde hulpmiddel in geheel is dit steeds van belang om die egosterkte konstruk-onderbou akademies te kan herken. Met hierdie idee in gedagte is die terugkoppelingsmoontlikhede van die temas en sub-temas van die *Sambreelboek van Welwees* na die oorspronklike funksies en gedragsmanifestasies van egosterkte ook ondersoek. Die doel van hierdie terugkoppeling was om 'n bevestiging van die akademiese onderbou van die hulpmiddel te bewerkstellig. Die akademiese onderbou was by wyse van 'n literatuurondersoek geïdentifiseer. Bogenoemde proses sal dien as 'n bevestiging dat die navorsingsproses korrek verloop het. Dit sal ook 'n bevestiging wees dat die populêre en informele aard van die *Sambreelboek van Welwees* nie die wetenskaplikheid daarvan beïnvloed het nie.

Die finale hulpmiddel word in ses temas met vier sub-temas elk aangebied. Die temas en sub-temas is ontwikkel uit die resultaat van die fokusgroepsessies. Laasgenoemde was gebaseer op die oorspronklike tien idees wat verkry was uit die integrering van die funksies en gedragsmanifestasies van egosterkte (asook van LVK). Die gedragsmanifestasies word in die hulpmiddel as gedragsaksies aangebied in die vorm van gewone handelings, sosiale aksies, prakties-georiënteerde doelwitte, lewenslesse en slagspreuke.

In Tabel 5.3.1 word die terugkoppeling tussen die temas van die hulpmiddel en die funksies en gedragsmanifestasies van egosterkte gedoen.

Tabel 5.3.1: Koppeling tussen die temas van die *Sambreelboek van Welwees* en *Egosterkte*

Sambreelboek van Welwees	Oorspronklike geïdentifiseerde idees oor Egosterkte	
TEMAS	FUNKSIES	GEDRAGSMANIFESTASIES
1. Gebalanseerdheid – <i>Opweeg</i>	Aanpasbaarheid Realiteitstoetsing Integrering	Stres- en frustrasietoleransie
2. Probleemhantering – <i>Planmaak</i>	Wilskrag Emosionele kontrole	Uitstel van behoeftebevrediging Selfbeheersing
3. Positiewe ingesteldheid – <i>Skitter</i>	Effektiwiteit Sin van vaardigheid	Oordeel en soepelheid
4. Ideale en doelwit oriëntasie – <i>Koerskry</i>	Doelwitbereiking	Bestendigheid in waardes, houdings en belangstellings
5. Gemeenskaplikheid – <i>Uitleef</i>	Aanpasbaarheid Balans Sin van identiteit	Kalm en bedaard Minimum gebruik van verdedigingsmeganismes
6. Selfstandigheid – <i>Deurdruk</i>	Sin van identiteit	Selfstandige funksionering en ‘n aktiewe lewensingesteldheid

Elkeen van die temas kan gekoppel word aan die ES-funksionele eenhede en gedragsmanifestasies. Deur die temas, sub-temas en gedragspreuke is die navorsers van mening dat daar reg geskied het aan ES in sy verskillende abstraksievorme.

5.4 KOPPELING MET ANDER PERSOONLIKHEIDSKONSTRUKTE

Die eenheid wat gevorm word deur ‘n tema wat uitvloei in bepaalde sub-temas en gedragspreuke, weerspieël die onderskeibare, dog interafhanklike aard van die betrokke *groep* idees. Sodoende word gekoppel aan die wederkerige-beïnvloedende en onderskeibare funksies van LVK en ES wat in gedragsmanifestasies vergestalt. Die implikasie is dat indien ‘n persoon enkele

gedragspreuke van die Sambreelboek begryp en integreer, die effek daarvan neerslag kan vind in die persoon se totale persoonlikheidsfunksionering. ‘n Voorbeeld hiervan is die gedragspreuk *Vertrou op jou vermoëns en vaardighede om sukses mee te bereik* (tema: *Positiewe ingesteldheid*; sub-tema: *Gesonde selfbeeld*). Integrasie van hierdie idee kan sekerlik positief bydra tot die versterking van meer omvattende funksionele eenhede, soos in die geval van LVK (*Persoonlike beheer* en *Standvastigheid*) en in die geval van ES (*Selfstandige funksionering* en *Aktiewe lewensingesteldheid*).

Dit is ook van belang dat die idees wat verkry is vanuit verskeie persoonlikheidskonstrukte, in die hulpmiddel vir gesonde persoonlikheidsfunksionering in samehang en in verhouding tot mekaar beskryf word. Dit blyk dat LVK en ES inwerk op mekaar om persoonlikheidsfunksionering daar te stel. Om hierdie rede was dit sinvol om die konstruk LVK in samehang met ES in ‘n hulpmiddel te ontwikkel. In Tabel 5.4.1 word die wisselwerking tussen die twee konstrukte ten opsigte van bogenoemde aangedui.

Tabel 5.4.1: Wisselwerking tussen LVK en ES ten opsigte van verwante aspekte van gesonde persoonlikheidsfunksionering

Temas in Sambreelboek	Oorspronklik-geïdentifiseerde funksionele eenhede (‘n voorbeeld word in elke verband gegee)	
	LVK	ES
1. Gebalanseerdheid – <i>Opweeg</i>	Persepsie van kontrole	Aanpasbaarheid
2. Probleemhantering – <i>Planmaak</i>	Deursettingsvermoë	Wilskrag
3. Positiewe ingesteldheid – <i>Skitter</i>	Selfsiening	Effektiwiteit
4. Ideale en doelwitoriëntasie – <i>Koerskry</i>	Doelwitingesteldheid	Doelwitbereiking
5. Gemeenskaplikheid – <i>Uitleef</i>	Interpersoonlike verhoudings	Balans
6. Selfstandigheid – <i>Deurdruk</i>	Standvastigheid	Sin van identiteit

In bogenoemde verband word die leser ook verwys na paragrawe 3.5.2 (Deel I) en 4.4.1.1 (Deel I).

Lokus van kontrole en egosterkte word op die vlak van funksionele eenhede in verband gebring met verskeie ander konstrunkte van persoonlikheidsfunksionering soos selfgeldig, selfaktualisering, sosialisering en andere. Dus al word konstrunkte bygevoeg, met die implikasie dat temas/spreuke kan bykom of uitbrei, is die verwagting nie dat die uitbreiding op die vlak van funksionele eenhede aansienlik sal wees nie. Die verwagting is eerder dat die hulpmiddel reeds omvattend en insluitend van funksionele gedragseenhede is wat verskeie persoonlikheidskonstrukte verteenwoordig. Hiermee word nie geïmpliseer dat die verskillende persoonlikheidskonstrukte tautologies van aard is nie, maar bloot dat die funksionele eenhede en gedragsmanifestasies soos gereflekteer deur die spreuke, synde op 'n laer vlak van logiese tipering, verskeie persoonlikheidskonstrukte in samehang met verskillende kombinasies van mekaar, kan verteenwoordig.

5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die *Sambreelboek van Welwees* teruggekoppel aan die oorspronklike idees waaruit dit ontwikkel is. Deur hierdie terugkoppeling word die sirkel van die navorsingsproses voltooi op weg na operasionalisering.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING VAN DIE STUDIE

6.1 INLEIDING

Die doel van die hoofstuk is om 'n oorhoofse beskouing van die studie (Deel I en Deel II) weer te gee. Deur die beskouing word die studie in 'n groter konteks geplaas. Die doel en aard van die studie word onder die loep geneem. Toekomstige verwagtings wat gekoester word ten opsigte van die *Sambrelboek van Welwees* en aanbevelings in hierdie verband word gemaak.

6.2 KONTEKSPLASING VAN DIE STUDIE

Die proses van dataformasie word op die derde-orde-ontledingsvlak van betekenisgewing afgesluit (Keeney, 1983). Op hierdie vlak word konseptueel met die navorsing omgegaan. Die eindresultaat (hulpmiddel) word hierdeur in 'n groter konteks geplaas. Keeney (1983) verwys op hierdie vlak na metakonteksplasing.

In hoofstuk 1 (Deel I) is daar reeds 'n aanvang gemaak met konteksplasing naamlik, dat daar tans in die sielkunde 'n sterk premie geplaas word op geestesgesondheid, veral gesonde persoonlikheidsfunksionering, voorkomende sielkunde en gemeenskapsontwikkeling. Omdat die hulpmiddel teoreties en wetenskaplik begrond is, verwag die huidige navorsers dat die hulpmiddel van welwees gesonde persoonlikheidsfunksionering in breë sal bevorder en voorkomend tot patologie sal inwerk. Sodoende kan die hulpmiddel 'n bydrae lewer tot gemeenskapsontwikkeling.

Die afgelope dekade het groot verandering op politieke, ekonomiese en sosio-maatskaplike terreine in Suid-Afrika plaasgevind. Hierdie veranderings stel hoë eise aan bykans elke persoon in Suid-Afrika. Tradisionele sekuriteite waarin persone gesosialiseer was, het grootliks verval. Hierdie toedrag van sake vereis

van persone om vaardighede aan die dag te lê wat voorheen nie van soveel belang was nie. Die individu moet dus toegerus word om te midde van 'n veranderende samelewing steeds sinvol te kan funksioneer.

6.3 'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE AARD EN DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Hierdie afdeling behels 'n kritiese beskouing van die navorsing ten opsigte van die bydraes en beperkings daarvan. Die navorsers is van mening dat die fisiese hulpmiddel wat saamgestel is, wel die primêre doel van die navorsing aangespreek het, naamlik om 'n gebruikersvriendelike sensitiseringshulpmiddel van gesonde persoonlikheidsfunksionering in die hand van die opvoeder te plaas. Met bogenoemde as rugsteun sal die navorsingsproses in totaliteit vervolgens krities bespreek word.

Die keuse van die sisteembenadering as denkraamwerk wat die studie gerig het, wyk af van die tradisioneel humanistiese denkraamwerk waaruit persoonlikheidsontwikkeling oor die algemeen beskou word. Persoonlikheidsontwikkeling word tradisioneel gesien as 'n proses van die individu. Binne hierdie tradisionele siening word individue dikwels geïsoleer van die omstandighede waarbinne hulle hul bevind. Die individu word dus beskou as reagerend op sy of haar omgewing. Hierteenoor plaas die sisteembenadering die individu binne sy of haar omstandighede, dus interaksioneel met sy of haar omstandighede, eerder as reagerend daarop. Met ander woorde, die individu is blootgestel aan 'n verskeidenheid faktore wat sy of haar funksionering medebepaal en waar hy of sy weer 'n invloed op het. Deur die gebruik van hierdie benadering beweer die navorsers geensins dat alle faktore wat 'n individuele funksionering medebepaal, in die hulpmiddel ingesluit is nie. Die inhoud van die hulpmiddel is egter daarop gerig om die prosesse van interaksie tussen die individu en sy of haar omgewing te verbeter. Die navorsers gee volle erkenning daaraan dat daar buite die huidige hulpmiddel ander faktore kan wees wat aanvullend nagevors behoort te word.

Die keuse van die twee konstrakte van persoonlikheidsfunksionering, ES en LVK, was arbitrêr tog deurdag in terme van praktykervaring, toetsmateriaal en huidige behoeftes wat in die mark geïdentifiseer is. Die resultate wat ten opsigte van die twee konstrakte verkry is, het grootliks gekorreleer en andersins mekaar ook aangevul.

Die keuse van navorsingsmetode sal waarskynlik vanuit die tradisioneel empiriese metodiek kritiek ontlok in terme van die beperking ten opsigte van die verskeidenheid van veranderlikes wat 'n invloed op die hulpmiddel se ontwikkeling kon gehad het. Vir die huidige navorsers was die onbeperkte, maar in-diepte deelname (soos deur die naturalistiese benadering ondersteun) van min verteenwoordigende rolspelers van verskeie opvoedingsgroepe van meer waarde as die manipulerings van veranderlikes. In wese kom dit daarop neer dat die hulpmiddel ontwikkel is deur diegene wat dit die waarskynlikste in opvoedingsituasies sal toepas. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die fokus van die navorsing eerder was om die essensie van welwees raak te vat, as om verskillende groepe respondente se eienskappe en opinies met mekaar te vergelyk, met die doel om veralgemenings te kan maak.

Die getal respondente was in wese min as gevolg van die kwalitatiewe karakter van die navorsing. Die proses van navorsing by wyse van fokusgroepsessies was intensief en tydrowend. Bogenoemde was egter noodsaaklik sodat 'n rykheid van bydraes geakkommodeer kon word vir optimale hulpmiddelontwikkeling.

Die steekproef het bestaan uit opvoeders. Die respondente word as verteenwoordigend beskou van die totale opvoedkundige populasie in terme van die gebalanseerde verspreiding van hul opvoedkundige kwalifikasies. Die keuse om respondente te selekteer uit die breë populasie eerder as die kliniese populasie, was juis daarop gerig om voorkomende en ontwikkelende bydraes te verkry, eerder as om slegs bydraes ten opsigte van patologie en die genesing daarvan te verkry.

Die metode van data insameling was beide ongestruktureerd (spontane bydraes) en gestruktureerd (vyf-puntskaal), binne die aanvanklike tien konstrunkte, terwyl die response opgevolg is met semi-gestruktureerde fokusgroepsessies (besprekings). Die navorsers het dus 'n volledige, omvattende pad binne hierdie metode geloop om soveel as moontlik, en so ryk as moontlik data te bekom. Die navorsers het konserwatief gepoog om sover moontlik al die bydraes van die respondente in die hulpmiddel te akkommodeer.

Die verwerking van die bydraes van die respondente het eerstens behels dat dit kwalitatief geklassifiseer en gekategoriseer is. Die insluitbaarheid van die items is statisties bevestig, asook die kategorisering daarvan. Bogenoemde proses het verseker dat die inhoudelike van die hulpmiddel in bruikbare eenhede georden kon word. Die wyses waarop die ontledings uitgevoer is, kon binne die sisteemteorie regverdig word.

Vanuit die agtergrond dat hierdie noodsaaklike inligting hoofsaaklik net in akademies onverteerbare vorm beskikbaar is, was die doel van die navorsing juis om 'n gebruikersvriendelike hulpmiddel daar te stel. In hierdie verband was die konsephulpmiddel voorgelê aan opvoedkundiges wat dit in die praktyk toegepas en geëvalueer het. Die doel hiervan was om die bruikbaarheid van die hulpmiddel te evalueer. Die finale hulpmiddel is in die populêre idioom geskryf en word in 'n kleurvolle en kompakte boekvorm aangebied. Die teikenmark is dus eerstens die breë opvoedkundige populasie, en tweedens akademici. Vandaar dat die inslag van die proefskrif primêr prakties is, maar met 'n teoretiese ankering en 'n wetenskaplike verantwoording.

Deur bogenoemde kritiese bespreking het idees ten opsigte van die langtermyn-toepassing en uitbreiding van die hulpmiddel na vore gekom. Vervolgens sal hierdie idees in terme van aanbevelings genoem word.

6.4 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word gemaak:

- * Vir die verifiëring van die gekose konstruksie van persoonlikheid mag dit sinvol wees om 'n soortgelyke proses op alternatiewe konstruksie toe te pas.
- * Dit kan sinvol wees om 'n longitudinale studie ten opsigte van die mate van gesonde persoonlikheidsfunksionering waartoe persone in staat is, te onderneem. Die hulpmiddel kan op die gegewe groep toe gepas word en die effek daarvan oor tyd gemeet word.
- * Die hulpmiddel is geskryf vir die breë populasie en daar kan dus verwag word dat in sommige groepe, met unieke eienskappe en behoeftes, veranderinge in die interpretasie en gebruik daarvan mag voorkom. In sodanige gevalle kan die hulpmiddel as 'n basis gebruik word en aanpassings behoort na behoefte gemaak te word.
- * Die huidige hulpmiddel is 'n sensitiseringshulpmiddel en 'n volgende sinvolle ontwikkeling wat aanbeveel word is dat ouderdomstoepaslike werksboeke hieruit ontwikkel word. Sodanige werksboeke kan byvoorbeeld praktiese voorbeelde, oefeninge, vrae om kennis te toets, ensovoorts bevat.
- * In die laaste fase van die navorsingsproses het die huidige navorsers vrae vanuit die bedryf gekry ten opsigte daarvan om die hulpmiddel in 'n meetinstrument van gesonde persoonlikheidsfunksionering om te skakel. Die moontlikheid hiervan behoort verder ondersoek te word.

6.5 SLOT

Hierdie studie is die vervulling van 'n leemte wat die navorsers as sielkundiges oor 'n tydperk in die praktyk ervaar het. Die ervaring van bogenoemde leemte is ook deur ander opvoeders teenoor die navorsers uitgespreek. Bogenoemde het by die navorsers 'n toenemende dringendheid laat ontstaan om hierdie leemte aan te spreek. Die noodsaaklikheid hiervan was aan die een kant daarin geleë om aan pasiënte of kliënte 'n groter mate van vaardighede te leer om hul persoonlikheidsfunksionering te verhoog. Aan die ander kant is daar egter 'n groter bydrae daarin gesien naamlik, om as deel van 'n breër gemeenskapstaak, gesonde persoonlikheidsfunksionering by die algemene bevolking te verhoog. Die studie is uiteengesit in twee volumes naamlik, Deel I: Egosterkte en lokus van kontrole: 'n Sisteemteoretiese studie vir die ontwikkeling van 'n



opvoedkundige sensitiseringshulpmiddel (Ilse de Beer), en Deel II: Die ontwikkeling en evaluasie van 'n sensitiseringshulpmiddel vir opvoeders in gesonde persoonlikheidsfunksionering (Renché Nel).

Die konstrukte egosterkte en lokus van kontrole het die akademiese begroning van die studie gevorm. Egosterkte as konstruk was vir die huidige navorsers in besonder van belang aangesien die konstruk die vermoë van die sisteem om sy of haar innerlike behoeftes in balans te bring en te hou met die konteks waarbinne hul funksioneer, onderskryf. Lokus van kontrole as konstruk onderskryf weer die persoonlike verantwoordelikheid van die sisteem om hierdie balans te handhaaf. Na die navorsers se mening werk hierdie twee persoonlikheidskonstrukte sterk ondersteunend en aanvullend tot mekaar mee.

Die studie het vanuit die naturalisties interpreterende denkraamwerk plaasgevind en is vergestalt in die sisteembenadering. Die ontwikkeling van die hulpmiddel binne hierdie benadering het 'n verdere leemte aangespreek naamlik, dat 'n sisteem (persoon) nie los van sy of haar konteks kan verander of ontwikkel nie. Die hulpmiddel is ontwikkel met in agneming van die sirkulêre gang van die lewe.

Die twee persoonlikheidskonstrukte (egosterkte en lokus van kontrole) en die sistematiese begroning het die basis gevorm vir die daarstel van die hulpmiddel vir gesonde persoonlikheidsfunksionering in die vorm van die *Sambreelboek van Welwees*. Die navorsers is van mening dat hierdie boek 'n bydrae sal lewer om eersgenoemde behoeftes en leemtes aan te spreek.

BIBLIOGRAFIE

Allport, G.W. (1961). Patterns of growth in personality. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Altshuler, R. & Kassinove, H. (1975). The effects of skill and chance instructional sets, schedule of reinforcement, and sex on children's temporal persistence. Child Development, 46, 258-262.

American Psychological Association (APA) (1981). Publication manual of the American Psychological Association. (3^{de} uitgawe) Washington.

Antonovsky, A. (1982). Health, stress and coping. London: Jossey-Bass.

Antonovsky, A. (1987). Unraveling the mystery of health. San Francisco: Jossey-Bass.

Bailey, K.D. (1978). Methods of social research. New York: Macmillan.

Bandura, A. (1979). A social learning theory. New York: Prentice-Hall.

Barron, F. (1953). Ego strength scale which predicts responses to psychotherapy. Journal of Consulting Psychology, 17(4), 327-330.

Bateson, G. (1972). Steps to an ecology of mind. New York: Ballantine.

Bateson, G. (1979). Mind and nature. A necessary unity. New York: Dutton.

Beck, S.J. & Ollendick, T.H. (1976). Personal space, sex of experimenter and locus of control in normal and delinquent adolescents. Psychological Reports, 38, 383-387.

Bellak, L. & Goldsmith, L.A. (1984). The broad scope of ego function assessment. New York: Wiley.

Bielfeld, R.I. (1997). An ecosystemic understanding of the meaning of home: A psychological study. Ongepubliseerde meesterstesis, Departement Sielkunde: Universiteit van Pretoria.

Bothma, A.C. & Schepers, J. M. (1997). The role of locus of control and achievement motivation in the work performance of black managers. Journal of Industrial Psychology, 23(3), 44-52.

Burns, D.P. (1991). Focusing on ego strengths. Archives of Psychiatric Nursing, 5(4), 202-208.

Caplan, G. (Ed.) (1961). Prevention of mental disorders in children. New York: Basic Books.

Caplan, G. (1974). Support Systems and community mental health. New York: Behavioural Publications.

Caplan, G. (1989). Population-oriented psychiatry. New York: Human Sciences Press.

Cattell, R.B. (1957). Personality and motivation structure and measurement. New York: World Book.

Cattell, R.B. & Tatsuoka, M.W. (1980). Handbook for the sixteen personality questionnaire. Champaign institute for personality and ability testing. Illinois: Mifflin.

Cernovsky, Z. (1984). Ego strength scale level and correlates of MMPI elevation: Alcohol abuse versus MMPI scores in treated alcoholics. Journal of Clinical Psychology, 40, 1502-1509.

Chandler, T.A. (1975). Locus of control: A proposal for change. Psychology in the Schools, 12, 334-339.

- Cohen, J.M. & Cohen, M.J. (1960). The New Penguin Dictionary of Quotations. England: Viking.
- Combrink, J. (1993). Daar is 'n spreekwoord wat sê - uit ander tale en uit Afrikaans. Pretoria: Van Schaik.
- Corsini, R.J. & Wedding, D. (1989). Current psychotherapies. United States of America: F.E. Peacock.
- Covey, S.R. (1989). The seven habits of highly effective people. London: Simon & Schuster.
- Covey, S.R. (1990). Principle-centered leadership. London: Simon & Schuster.
- Cronbach, L.J. (1975). Beyond the two disciplines of scientific psychology. American Psychologist, 30, 116-127.
- Dawson, J. (1999). The Turtle Pages. Afgetrek 25 Januarie 1999 van die Wêreldwye Web: <http://www.geocities.com/Heartland/Plains/3550/index.html>
- Donnelly, J.H., Ivancevich, J.M. & Gibson, J.L. (1994). Fundamentals of management. New York: Irwin / Mc-Graw.
- Ducette, J. & Wolk, S. (1972). Locus of control and extreme behaviour. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 39 (2), 253-258.
- Duke, M.P. & Fenhagen, E. (1975). Self-parental alienation and locus of control in delinquent girls. Journal of Genetic Psychology, 127, 103-107.
- Eitzen, D.S. (1974). Impact of behavior modification techniques on locus of control of delinquent boys. Psychological Reports, 35, 1317-1318.

Epstein, R. & Komorita, S.S. (1971). Self-esteem, success-failure, and locus of control in Negro children. Developmental Psychology, 4, 2-8.

Erchul, W.P. (Red.) (1993). Consultation in community, school and organizational practice. Washington: Taylor and Francis.

Erikson, E.H. (1968). Identity: Youth and crisis. New York: Norton.

Fagan, M. (1979). Courage of Jay van Deventer. Reader's Digest, 150(898), 25-30.

Felner, R.D., Leonard, A.J., Moritsugu, J.N. & Faber, S.S. (Reds) (1983). Preventive psychology, theory, research and practice. New York: Pergamon Press.

Fiedeldej-Van Dijk, C. (1993). Differentiation as a basis for research methodology: Developing the indingilizi structured observation technique. Doctoral thesis – Department of Psychology: University of Pretoria.

Fiedeldej-Van Dijk, C. (1997). User guidelines for research methodology in the social sciences: An ecosystemic theoretical perspective. In: M. Terre Blanche & J. Kruger (red), The body politic: Proceedings of the 2nd annual South African qualitative methods conference (pp. 183-188). Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.

Fishman, D.B. (1991). Introduction to the experimental versus the pragmatic paradigm in evaluation. Evaluation and Program Planning, 14, 353-363.

Frank, M. (Red) (1982). Primary prevention for children and families. New York: Haworth Press.

Freud, S. (1938). The transformations of puberty. In A.A. Brill (Red), The basic writings of Sigmund Freud, (p. 604). New York: Norton.

Friedman, M. & Rosenman, R.H. (1974). Type A: Your behavior and your heart. New York: Knopf.

Fromm, E. (1955). The sane society. New York: Rinehart.

Gahlaut, D. Srivastava, V.K. & Rastogi S.W. (1993). A pre and postoperative evaluation of ego strength in neurosurgical and surgical patients. Indian Journal of Clinical Psychology, 20(2), 119-121.

Gilmore, T. (1978). Locus of control as a mediator of adaptive behavior in children and adolescents. Canadian psychological review. 19(1), 1-26.

Groenewald, A.E. (1995). Toeriste se belewenisse van waterlandskappe in die Nasionale Krugerwildtuin: 'n Ekosistemiese studie. Ongepubliseerde meersterstesis. Departement Sielkunde: Universiteit van Pretoria.

Guba, E.G. & Lincoln, Y.S. (1989). Fourth generation evaluation. London: Sage.

Gudykunst, W.B. & Kim, Y.Y. (1984). Methods for intercultural communication research. London: Sage.

Guntrip, H. (1973). Psychoanalytic theory, therapy and the self. New York: Basic Books.

Haley, J. (1980). Leaving home. New York: McGraw-Hill.

Hanson, B.G. (1995). General systems theory beginning with wholes. Canada: Taylor & Francis.

Hayes, R. (1995) Colour in Media. Afgetrek 21 Januarie 1999 van die Wêreldwye Web: <http://www/rcc/ryerson.ca/schools/rta/brd038/papers/1995/rhayes.htm>

Hoffman, L. (1981). Foundation of family therapy. New York: Basic Books.

Ittenbach, R.F. & Harrison, P.L. (1990). Predicting ego strength from problem solving ability of college students. Measurement and Evaluation in Counseling and Development, 23, 128-136.

Janoski, M.L. (1984). The ecosystemic perspective in clinical assessment and intervention. In W.A. O'Connor & B. Lubin (Ed.), Ecological approaches to clinical and community psychology (pp. 41-56). New York: John Wiley & Sons.

Jourard, S.M. (1963). Personal adjustment and approach through the study of healthy personality. London: The Macmillan.

Kane, R.P. (1982). The family role in primary prevention. In M. Frank (Ed.), Primary prevention for children and families (pp. 27-34). New York: Haworth Press.

Keeney, B.P. (1983). Aesthetics of change. New York: Guilford.

Kendall, P.C., Finch, A.J. & Mahoney, J. (1976). Factor specific differences in locus of control for emotionally disturbed and normal children. Journal of Personality Assessment, 40, 42-45.

Kluckhohn, C. & Murray, H.A. (1948). Personality in nature, society and culture. New York: Knopf.

Kobasa, S.C. (1982). Commitment and coping in stress resistance among lawyers. Journal of Personality and Social Psychology. 42, 707-717.

Kobasa, S.C. (1979). Stressful life events, personality and health: An inquiry into hardiness. Journal of Personality and Social Psychology. 37, 1-11.

La Montagne, L.L. & Hepworth, J.T. (1991). Issues in the measurement of children's locus of control. Western Journal of Nursing Research, 13(1), 67-83.

Lefcourt, H.M. (1982). Locus of control: Current trends in theory and research. (2^{de} uitgawe). Hillsdale, New Jersey: Lawrence Erlbaum.

Levenson, H. & Miller, J. (1976). Multidimensional locus of control in sociopolitical activists of conservative and liberal ideologies. Journal of Personality and Social Psychology, 33, 199-208.

Levine, R.L. & Fitzgerald, H.E. (Eds.) (1992). Analysis of dynamic and psychological systems: Basic approaches to general systems, dynamic systems, and cybernetics. New York: Plenum Press.

Levine, R.L. & Fitzgerald, H.E. (Eds.) (1992). Analysis of dynamic and psychological systems: Methods and applications. New York: Plenum Press.

Lifshitz, M. (1973). Internal-external locus of control dimension as a function of age and the socialization milieu. Child Development, 44, 538-546.

Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. (1985). Naturalistic inquiry. London: Sage.

Louw, D.A. (1990). Menslike Ontwikkeling. (2^{de} uitgawe). Pretoria: HAUM.

Maddi, S. (1980). Personality theories: A comparative analysis. Homewood: Dorsey Press.

Masterpasqua, F. & Perna, P.A. (Eds.) (1997). The psychological meaning of chaos. Translating theory into practice. Washington, D.C.: APA.

McMullin, E. (1974). Two faces of science. Review of Metaphysics, 27(6), 267-285.

Miller, S.B. (1987). A comparison of methods of inquiry. Bulletin of the Menninger Clinic. A Journal for the Mental Health Professions, 51(6), 505-518.

Millon, T. (1973). Theories of psychopathology and personality. Philadelphia: Saunders.

Minuchin, S. (1974). Families and family therapy. London: Tavistock.

Mischel, W. (1976). Introduction to personality. New York: Holt, Rinehart en Winston.

Muller, P., Claassen, G. & Van Tonder, M. (1983). Die Groot Afrikaanse Aanhalingsboek. Kaapstad: Human & Rousseau.

Nahemow, I. & Mann, G. (1982). Primary prevention interventions with families that have young children: Theory and practice. In M. Frank (Ed.), Primary prevention for children and families (pp. 13-19). New York: Haworth Press.

Nehrke, M.F., Bellucci, G. & Gabriel, S.J. (1978). Death anxiety, locus of control and life satisfaction in the elderly: toward a definition of ego integrity. Omega, 8(4), 359-368.

Nixon, S.J. & Kanak, N.J. (1982). Ego strength and methods of learning associations. Bulletin of the Psychonomic Society, 19(4), 205-208.

Patton, M.Q. (1990). Qualitative evaluation and research methods. Newbury Park: Sage.

Perry, W., Viglione, D. & Braff, D. (1992). The ego impairment index and schizophrenia: A validation study. Journal of Personality Assessment, 59(1), 165-175.

Perry, W. & Viglione D. (1991). The ego impairment index as a predictor of outcome in melancholic depressed patients treated with tricyclic antidepressants. Journal of Personality Assessment, 56(3), 487-501.

Phares, E.J. (1976). Locus of control in personality. New Jersey: General Learning Press.

Phares, E.J. (1984). Introduction to personality. Ohio: C.E. Merrill.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. (1979). Psigologie woordeboek. (2^{de} uitgawe). Johannesburg: McGraw-Hill.

Price, R.H., Ketterer, R.F., Bader, B.G. & Monahan, J. (1980). Prevention in mental health. Beverly Hills: Sage Publications.

Reid, D.W. (1984). Participatory control and the chronic-illness adjustment process. In Lefcourt, H.M. (Red.). Research with the locus of control construct, 3, 361-389. Orlando, FL: Academic Press.

Reimanis, G. (1974). Effects of locus of reinforcement control modification procedures in early graders and college students. Journal of Educational Research, 68, 124-127.

Rosenbaum, M. (Red.) (1990). Learned resourcefulness. New York: Springer.

Rotter, J. (1975). Some problems and misconceptions related to the construct of internal versus external control of reinforcement. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 43, 56-67.

Rotter, J.B. (1966). Generalized expectancies for internal versus external control of reinforcement. Psychological Monographs, 80(1), whole no. 609, 1-28.

Sanford, N. (1970). Issues in personality theory. San Francisco: Jossey-Bass.

Schmidt, L. & Hunter, J.E. (1998). The validity and utility of selection methods in personnel psychology: Practical and theoretical implications of 85 years of research findings. Psychological Bulletin, 124(2), 262-274.

Schorr, D. & Rodin, J. (1984). Motivation to control one's environment in individuals with obsessive-compulsive, depressive and normal personality traits. Journal of Personality and Social Psychology, 46, 1148-1161.

Seifert, K.L. & Hoffnung, R.J. (1987). Child and adolescent development. Boston: Houghton Mifflin.

Sharpe, D.T. (1974). The Psychology of Color and Design. Chicago: Nelson-Hall.

Shneiderman, M.V. (1988). Empirical studies of procedures for forming group expert judgements. Moscow: Plenum.

Shore, M.F. Milgram, N.A. & Malasky, C. (1971). The effectiveness of an enrichment program for disadvantaged young children. American Journal of Orthopsychiatry, 41, 442-449.

Simpson, J.A. & Weiner, E.S.C. (1989). The Oxford English Dictionary. (2^{de} uitgawe). Oxford: Clarendon Press.

Smit, G.J. (1981). Psigometrika. Pretoria: HAUM.

Stewart van Leeuwen, M.S. (1985). The person in psychology. London: Inter-Varsity Press.

Strickland, B.R. (1973). Delay of gratification and internal locus of control in children. Journal of Consulting and Clinical Psychology, 40, 338.

Strumpfer, D.J.W. (1991, March). Self-direction. University of Cape Town, Cape Town. Extracted from: Strumpfer, D.J.W. (1988, September). Salutogenesis: A new paradigm. Paper presented at annual congress, Psychological Association of South Africa, Bloemfontein.

Strumpfer, D.J.W. (1995). The origins of health and strength: from *salutogenesis* to *fortigenesis*. South African Journal of Psychology, 25(2), 81-87.

Sykes, W. (1990). Validity and reliability in qualitative market research: A review of the literature. Journal of the Market Research Society, 32, 289-328.

Tyler, J.D. & Holsinger, D.N. (1975). Locus of control differences between rural American Indian and white children. Journal of Social Psychology, 95, 149-155.

Wagener, J.L. & Taylor, S.E. (1986). What else could I have done? Patients' responses to failed treatment decisions. Health Psychology, 5, 481-496.

Watzlawick, P., Weakland, J. & Fisch, R. (1974). Change: Principles of problem formation and problem resolution. New York: Norton.

White, R.W. (1957). Adler and the future of ego psychology. Journal of Individual Psychology, 13, 112-124.

Zytoskee, A., Strickland, B.R. & Watson, J. (1971). Delay of gratification and internal versus external control among adolescents of low socio-economic status. Developmental Psychology, 4, 93-98.

BYLAE A

EVALUASIE VAN 'N KONSEPHULPMIDDEL OOR GESONDE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

Inleidende verduideliking en motivering tot deelname

Die doel van hierdie werksdokument is om u insette vir 'n konsephulpmiddel oor gesonde persoonlikheidsfunksionering te verkry. Gesonde funksionerende persone word gekenmerk aan hulle vaardighede wat hul in staat stel om gebalanseerd in hul wêreld te kan leef. Hierdie hulpmiddel sal opvoeders help om hul bestaande kennis oor die onderwerp uit te brei en prakties toepasbaar te maak.

Hierdie werksdokument is 'n konsep waaruit die hulpmiddel saamgestel sal word. U insette as geïdentifiseerde kundige op dié terrein is belangrik, sodat ons hierdie materiaal tot op so 'n vlak kan ontwikkel dat dit toeganklik vir opvoeders in die breë is.

Wat van u verwag word:

- * Maak u vertrouwd met elkeen van die tien kernidees wat omskryf word
- * Skryf u eie idees oor die tien kernidees, in die ruimte wat daarvoor voorsiening maak
- * Beoordeel dan die daaropvolgende stellings op 'n vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak waar:

0 = 0% (geen bydrae)

1 = 1 – 20% (bykans geen bydrae)

2 = 21 – 40% (klein bydrae)

3 = 41 – 60% (matige bydrae)

4 = 61 – 80% (groot bydrae)

5 = 81 – 100% (wesentliche bydrae)

- * Laastens moet u kommentaar lewer oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidees, asook die geformuleerde gedragstellings.

I. DOELWITBEREIKING

Dit is die vermoë om 'n doelwit wat waardevol, belangrik of noodsaaklik is te kan bereik, terwyl ander mense se regte en behoeftes in ag geneem word.

1. Beskryf kortliks die gedrag wat u dink nodig is om bogenoemde kernidee te verwesenlik:

i.

ii.

iii.

iv.

v.



2. Beoordeel die volgende stellings op die vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak (hou aangehegte skaal byderhand).

GEDRAG WAT DOELWITBEREIKING ONDERSTEUN		0	1	2	3	4	5
i.	Stel jou korttermyn doelwitte konkreet, met ander woorde formuleer spesifiek wat jy nou wil bereik.						
ii.	Stel jou langtermyn doelwitte konkreet, met ander woorde formuleer spesifiek wat jy mettertyd wil bereik.						
iii.	Werk aktief aan die bereiking van jou doelwitte, met ander woorde deel dit wat jy wil bereik in hanteerbare take op.						
iv.	Stel die moeiliker doelwitte voorop, met ander woorde identifiseer en voltooi die moeiliker dele van die taak eerste.						
v.	Stel jouself positief in, met ander woorde glo dat jy jou doelwitte sal kan bereik.						
vi.	Visualiseer sukses, met ander woorde sien voor jou geestesoog hoe jy jou doelwitte reeds bereik het.						
vii.	Neem die mense om jou in ag wanneer jy doelwitte formuleer, met ander woorde vergewis jou van hulle belange en behoeftes.						
viii.	Verwag die gevolge van jou doelwitte, met ander woorde oorweeg die moontlikheid dat jou doelwitte jouself of ander kan benadeel.						

3. Gee asseblief u kommentaar oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidee, asook die geformuleerde gedragstellings:

II. PERSOONLIKE BEHEER

Dit is om verantwoordelikheid vir jou eie gedrag te aanvaar, sowel as die gevolge wat dit vir jouself en vir ander kan inhou.

1. Beskryf kortliks die gedrag wat u dink nodig is om bogenoemde kernidee te verwesenlik:

i. _____

ii. _____

iii. _____

iv. _____

v. _____

2. Beoordeel die volgende stellings op die vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak (hou aangehegte skaal byderhand).							
GEDRAG WAT PERSOONLIKE BEHEER ONDERSTEUN		0	1	2	3	4	5
i.	Tree verantwoordelik op, met ander woorde dink voor jy doen.						
ii.	Kom jou ondernemings na, met ander woorde doen wat jy belowe het.						
iii.	Bring jou gevoelens en denke in balans met mekaar, met ander woorde as jy dink oor sake, maak seker dat jy jou gevoelens ook in ag neem.						
iv.	Korttermynbehoefte moet opgeweeg word teen langtermynvoordele, met ander woorde pas wat jy wil bereik aan of stel dit uit vir groter gewin, indien nodig.						
v.	Handhaaf die oortuiging dat jy keuses het, met ander woorde al het jy nie altyd beheer oor jou omstandighede nie, kan jy altyd kies hoe jy daarvoor dink en voel.						
3. Gee asseblief u kommentaar oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidee, asook die geformuleerde gedragstellings:							

III. REALITEITSTOETSING

Dit is die vermoë om, terwyl jy waarnemings maak en idees vorm, te besef en te waardeer dat daar baie verskillende waarnemings en sienings oor dieselfde sake, mense en dinge kan bestaan. Jou gedrag moet met inagneming hiervan, toepaslik wees.

1. Beskryf kortliks die gedrag wat u dink nodig is om bogenoemde kernidee te verwesenlik:

i.

ii.

iii.

iv.

v.

2. Beoordeel die volgende stellings op die vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak (hou aangehegde skaal byderhand).

GEDRAG WAT REALITEITSTOETSING ONDERSTEUN		0	1	2	3	4	5
i.	Wees oortuig dat jy jouself binne jou omgewing kan handhaaf, met ander woorde weet dat jy 'n bydrae kan maak ten spyte van jou eie tekortkomings en beperkings.						
ii.	Beoordeel die toepaslikheid van jou gedrag, met ander woorde pas dit wat jy sê en doen by die situasie aan.						
iii.	Wees sensitief vir die atmosfeer wat in 'n situasie heers, met ander woorde let op na wat ander sê en doen sodat jy sal weet watter stappe die situasie verg en dit wat jy dink, voel, sê en doen daarvolgens kan rig.						
iv.	Waardeer die uniekheid van mense, met ander woorde hou daarvan dat mense verskillend dink, doen en voel.						
v.	Aanvaar die maak van foute as deel van menslikheid met ander woorde vergewe ander hulle foute, erken en vergewe jou eie foute, leer daaruit en indien moontlik, stel dit reg.						
vi.	Beoordeel die sosiaal-aanvaarbaarheid van jou gedrag, met ander woorde wees ingestel op terugvoer uit jou omgewing oor die opbouendheid van dit wat jy sê en doen.						
vii.	Leef optimaal in jou wêreld, met ander woorde buiten jou eie bydraes, identifiseer en gebruik jou hulpbronne om die beste van 'n situasie te maak.						

3. Gee asseblief u kommentaar oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidee, asook die geformuleerde gedragstellings:

IV. BUIGSAAMHEID VAN DENKE EN GEDRAG

Dit is die vermoë om buigsaam te wees deur verskillende alternatiewe te kan oorweeg, sodat toepaslike oplossings gegenerer en aanpassings gemaak kan word in die wêreld waarin jy leef.

1. Beskryf kortliks die gedrag wat u dink nodig is om bogenoemde kernidee te verwesenlik:

i. _____

ii. _____

iii. _____

iv. _____

v. _____

2. Beoordeel die volgende stellings op die vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak (hou aangehegde skaal byderhand).											
GEDRAG WAT BUIGSAAMHEID VAN DENKE EN GEDRAG ONDERSTEUN						0	1	2	3	4	5
i.	Beskou sosiale interaksies as 'n deelnemende proses, met ander woorde wees bereid om te neem van en te gee aan ander.										
ii.	Akkommodeer verskeidenheid in mense, met ander woorde aanvaar dat jou gevoelens of opinies nie die enigste of noodwendig die korrekte is, of hoef te wees nie.										
iii.	Vermy stereotipes, met ander woorde neem genoeg feite in ag voordat jy sê en doen.										
iv.	Wees buigsaam in die handhawing van reëls, met ander woorde maak plek vir die uitsondering op die reël, of beskou die reël as 'n riglyn.										
3. Gee asseblief u kommentaar oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidee, asook die geformuleerde gedragstellings:											



V. PERSOONLIKE STAMINA

Dit is die vermoë om, met inagneming van jou fisiese en sosiale realiteite, toegewyd vol te hou met dit wat jy wil bereik.

1. Beskryf kortliks die gedrag wat u dink nodig is om bogenoemde kernidee te verwesenlik:

i. _____

ii. _____

iii. _____

iv. _____

v. _____

2. Beoordeel die volgende stellings op die vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak (hou aangehegde skaal byderhand).												
GEDRAG WAT PERSOONLIKE STAMINA ONDERSTEUN						0	1	2	3	4	5	
i.	Aanvaar die onvoorspelbaarheid van die lewe, met ander woorde beskou inligting en gebeure wat anders uitwerk as wat jy verwag het, as anders en nie noodwendig as negatief nie.											
ii.	Lê volharding aan die dag, met ander woorde hou doelgerig vol met opbouende aktiwiteite, ten spyte van stres, frustrasies, behoeftes en emosies.											
iii.	Monitor jou gedrag sodat dit nie gedisorganiseerd raak nie, met ander woorde vra jouself voortdurend af of jou gedrag steeds op koers en toepaslik is.											
iv.	Wees daarop ingestel om self rigting aan jou lewe te gee, met ander woorde beskou jou eie pogings en insette as die belangrikste faktore vir sukses of mislukking.											
v.	Persoonlike ideale moet in lyn wees met sosiale realiteite, met ander woorde toets of dit wat jy wil bereik opbouend vir almal is.											
3. Gee asseblief u kommentaar oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidee, asook die geformuleerde gedragstellings:							<hr/> <hr/> <hr/>					

VI. PRODUKTIEWE INGESTELDHEID

Dit is 'n ingesteldheid om jou persoonlike ervaring voortdurend uit te brei en lewenskragtig te leef, sodat jy optimaal in jou wêreld kan funksioneer.

1. Beskryf kortliks die gedrag wat u dink nodig is om bogenoemde kernidee te verwesenlik:

i.

ii.

iii.

iv.

v.



2. Beoordeel die volgende stellings op die vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak (hou aangehegde skaal byderhand).							
GEDRAG WAT PRODUKTIEWE INGESTELDHEID ONDERSTEUN		0	1	2	3	4	5
i.	Leef aktief, met ander woorde neem deel aan 'n verskeidenheid van gesprekke en aksies.						
ii.	Streef daarna om sosiaal betrokke by ander te wees, met ander woorde luister en slaan ag op ander se gevoelens en gedagtes.						
iii.	Betrek ander by jou wêreld, met ander woorde vertel vir belangrike persone van dit wat jy voel en dink.						
iv.	Leef lewenskragtig, met ander woorde wees aktief in die uitlewing en verbetering van jou vaardighede, werkroetines, belangstellings en stokperdjies.						
v.	Hanteer komplekse eise en verantwoordelikhede produktief, met ander woorde voer moeilike take uit deur hulle af te breek in hanteerbare stappe en hulpbronne te gebruik.						
3. Gee asseblief u kommentaar oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidee, asook die geformuleerde gedragstellings:							

VII. POSITIEWE SELFSIENING

Dit is die vertroue dat jy op 'n regmatige plek in jou wêreld aanspraak kan maak en dat jy 'n sinvolle bydrae kan lewer.

1. Beskryf kortliks die gedrag wat u dink nodig is om bogenoemde kernidee te verwesenlik:

i. _____

ii. _____

iii. _____

iv. _____

v. _____

2. Beoordeel die volgende stellings op die vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak (hou aangehegde skaal byderhand).												
GEDRAG WAT POSITIEWE SELFSIENING ONDERSTEUN						0	1	2	3	4	5	
i.	Wees positief ingestel ten opsigte van jou vaardighede en vermoëns, met ander woorde glo dat <i>jy kan</i> .											
ii.	Brei jou selfaanwending voortdurend uit, met ander woorde fokus op jou sterkpunte en talente en wend dit aan.											
iii.	Sien die maak van foute as menslik, met ander woorde moenie vasgevang bly in foute wat jy gemaak het nie, maar fokus daarop om daaruit te leer.											
iv.	Beskou wedersydse afhanklikheid as deel van menswees, met ander woorde aanvaar dat alle mense, insluitende jy, met tye ander mense hulp mag gebruik.											
3. Gee asseblief u kommentaar oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidee, asook die geformuleerde gedragstellings:												

VIII. INTERPERSOONLIKE EFFEKTIWITEIT

Dit is die vermoë om verhoudings op so 'n wyse te handhaaf dat dit nie ten koste van jouself of ander sal wees nie.

1. Beskryf kortliks die gedrag wat u dink nodig is om bogenoemde kernidee te verwesenlik:

i.

ii.

iii.

iv.

v.



2. Beoordeel die volgende stellings op die vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak (hou aangehegde skaal byderhand).							
GEDRAG WAT INTERPERSOONLIKE EFFEKTIWITEIT ONDERSTEUN		0	1	2	3	4	5
i.	Vermyn en/of beperk negatiewiteit in jou sosiale uitlwing, met ander woorde bou jou verhoudings eerder op as dat jy dit afbreek.						
ii.	Klaar misverstande tussen jou en ander mense op, met ander woorde praat reguit en eerlik met ander indien jy van hulle verskil.						
iii.	Wees empaties, met ander woorde leef jou in ander se gedagtes en gevoelens in.						
iv.	Oorweeg die sinvolheid van die ondersteuning wat jy gee en ontvang, met ander woorde beoordeel of wedersydse bydraes tot voordeel van beide partye is.						
v.	Aanvaar kommunikasie as die basis van verhoudings, met ander woorde hou gereelde en betekenisvolle interaksie met ander.						
vi.	Wees ingestel op die atmosfeer wat in sosiale situasies heers, met ander woorde pas jou gedrag aan by dit wat jy in die situasie waarneem.						
3. Gee asseblief u kommentaar oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidee, asook die geformuleerde gedragstellings:							

IX. OUTONOMIE

Dit is die oortuiging dat alle mense oor die potensiaal beskik om outonoom te kan funksioneer.

1. Beskryf kortliks die gedrag wat u dink nodig is om bogenoemde kernidee te verwesenlik:

i.

ii.

iii.

iv.

v.

2. Beoordeel die volgende stellings op die vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak (hou aangehegde skaal byderhand).							
GEDRAG WAT OUTONOMIE ONDERSTEUN		0	1	2	3	4	5
i.	Neem verantwoordelikheid vir jou lewe, met ander woorde al kan jy nie altyd jou omstandighede kies nie, het jy 'n keuse hoe jy daarvoor dink en voel.						
ii.	Wees daarop ingestel om nie weerloos te staan teen die invloed van nuwe inligting en gebeure nie, met ander woorde dink aan wat nuwe inligting en gebeure vir jou kan beteken.						
iii.	Wees selfstandig, met ander woorde tree self op 'n realistiese wyse op.						
iv.	Handhaaf jou persoonlike outonomie op so 'n wyse dat dit jou nie van ander vervreem nie, met ander woorde tree self maar op 'n opbouende wyse op.						
3. Gee asseblief u kommentaar oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidee, asook die geformuleerde gedragstellings:							

X. INTEGRASIEVERMOë

Dit is die vermoë om dubbelsinnigheid te verdra en om situasies op waarskynlikhede, eerder as sekerhede, te evalueer.

1. Beskryf kortliks die gedrag wat u dink nodig is om bogenoemde kernidee te verwesenlik:

i.

ii.

iii.

iv.

v.



2. Beoordeel die volgende stellings op die vyf-puntskaal volgens die mate waartoe dit 'n bydrae tot die kernidee maak (hou aangehegde skaal byderhand).												
GEDRAG WAT INTEGRASIEVERMOë ONDERSTEUN						0	1	2	3	4	5	
i.	Versoen jousef met teenstrydighede, met ander woorde beleef andersheid as anders en nie noodwendig as bedreigend nie.											
ii.	Beskou tekortkomings as menslik, met ander woorde aanvaar jou eie asook ander se tekortkomings.											
iii.	Plaas gebeure in konteks, met ander woorde verreken alle moontlike faktore wat tot gebeure kan bydra.											
iv.	Aanvaar die kompleksiteit van menslike gedrag en sosiale situasies, met ander woorde leer om 'n verskeidenheid van inligting en eise gelyktydig te hanteer.											
3. Gee asseblief u kommentaar oor die tegniese formulering (taal, woordkeuse, ensovoorts) van die kernidee, asook die geformuleerde gedragstellings:							<hr/> <hr/> <hr/>					

BYLAE B

BIOGRAFIESE GEGEWENS VAN FOKUSGROEPE

GROEP A = 6 Ouers
Vroulik
Almal getroud, is ouers van kinders
Ouderdomsgroep: 34 - 51 jaar

Respondent 1 = 34 jaar (A1)
2 = 51 jaar (A2)
3 = 50 jaar (A3)
4 = 43 jaar (A4)
5 = 29 jaar (A5)
6 = 38 jaar (A6)

GROEP B = 6 Laerskoolonderwysers
Vroulik
Almal getroud, is ouers van kinders
Ouderdomsgroep: 35 - 43 jaar

Respondent 1 = 40 jaar (B1)
2 = 35 jaar (B2)
3 = 40 jaar (B3)
4 = 43 jaar (B4)
5 = 41 jaar (B5)
6 = 35 jaar (B6)

GROEP C = 6 Hoërskoolonderwysers
Vroulik - 4 getroud, is ouers van kinders
- 2 ongetroud
Ouderdomsgroep: 26 - 45 jaar

Respondent 1 = 45 jaar (C1)
2 = 34 jaar (C2)
3 = 36 jaar (C3)
4 = 26 jaar (C4)
5 = 43 jaar (C5)
6 = 42 jaar (C6)

GROEP D = 6 Ouers
Vroulik, almal getroud, is ouers van kinders
Ouderdomsgroep: 30 - 43 jaar

Respondent 1 = 30 jaar (D1)
2 = 40 jaar (D2)
3 = 38 jaar (D3)
4 = 41 jaar (D4)
5 = 43 jaar (D5)
6 = 36 jaar (D6)

GROEP E = 4 Professionele persone (sielkundiges)
Vroulik
Almal is ouers - 1 enkelouer
- 3 getroud
Ouderdomsgroep: 37 - 60 jaar

Respondent 1 = 55 jaar (E1)
2 = 60 jaar (E2)
3 = 37 jaar (E3)
4 = 48 jaar (E4)

GROEP F = 4 Professionele persone (sielkundiges)
Vroulik, almal is getroud - 3 ouers
- 1 kinderloos
Ouderdomsgroep: 28 - 40 jaar

Respondent 1 = 38 jaar (F1)
2 = 28 jaar (F2)
3 = 40 jaar (F3)
4 = 37 jaar (F4)

BYLAE C

VERKLARING VAN KODERING

1. 5-PUNTSKAAL

I. GEDRAG WAT DOELWITBEREIKING ONDERSTEUN

- I (i) = Stel jou korttermyn doelwitte konkreet met ander woorde, formuleer spesifiek wat jy nou wil bereik.
- I (ii) = Stel jou langtermyn doelwitte konkreet met ander woorde, formuleer spesifiek wat jy mettertyd wil bereik.
- I (iii) = Werk aktief aan die bereiking van jou doelwitte met ander woorde, deel dit wat jy wil bereik in hanteerbare take op.
- I (iv) = Stel die moeiliker doelwitte voorop met ander woorde, identifiseer en voltooi die moeiliker dele van die taak eerste.
- I (v) = Stel jouself positief in met ander woorde, glo dat jy jou doelwitte sal kan bereik.
- I (vi) = Visualiseer sukses met ander woorde, sien voor jou geestesoog hoe jy jou doelwitte reeds bereik het.
- I (vii) = Neem die mense om jou in ag wanneer jy doelwitte formuleer met ander woorde, vergewis jou van hulle belange en behoeftes.
- I (viii) = Berei jouself voor vir die gevolge van jou doelwitte met ander woorde, oorweeg die moontlikheid dat jou doelwitte jouself of ander kan benadeel.

II. GEDRAG WAT PERSOONLIKE BEHEER ONDERSTEUN

- II (i) = Tree verantwoordelik op met ander woorde, dink voor jy doen.
- II (ii) = Kom jou ondernemings na met ander woorde, doen wat jy belowe het.
- II (iii) = Bring jou gevoelens en denke in balans met mekaar met ander woorde, as jy dink oor sake maak seker dat jy gevoelens ook in ag neem.
- II (iv) = Korttermynbehoefes moet opgeweeg word teen langtermynvoordeel met ander woorde, pas wat jy wil bereik aan of stel dit uit vir groter gewin indien nodig.
- II (v) = Handhaaf die oortuiging dat jy keuses het, met ander woorde, al het jy nie altyd beheer oor jou omstandighede nie kan jy altyd kies hoe jy daarvoor dink en voel.

III. GEDRAG WAT REALITEITSTOETSING ONDERSTEUN

- III (i) = Wees oortuig dat jy jouself binne jou omgewing kan handhaaf met ander woorde, weet dat jy 'n bydrae kan maak ten spyte van jou eie tekortkomings en beperkings.
- III (ii) = Beoordeel die toepaslikheid van jou gedrag met ander woorde, pas dit wat jy sê en doen by die situasie aan.
- III (iii) = Wees sensitief vir die atmosfeer wat in 'n situasie heers met ander woorde, let op na wat ander sê en doen, sodat jy sal weet watter stappe die situasie verg en dit wat jy dink, voel, sê en doen daarvolgens kan rig.
- III (iv) = Waardeer die uniekheid van mense met ander woorde, hou daarvan dat mense verskillend dink, doen en voel.

- III (v) = Aanvaar die maak van foute as deel van menslikheid met ander woorde, vergewe ander hulle foute, erken en vergewe jou eie foute, leer daaruit en indien moontlik, stel dit reg.
- III (vi) = Beoordeel die sosiaal-aanvaarbaarheid van jou gedrag met ander woorde, wees ingestel op terugvoer uit jou omgewing oor die opbouendheid van dit wat jy sê en doen.
- III (vii) = Leef optimaal in jou wêreld, met ander woorde buiten jou eie bydraes, identifiseer en gebruik jou hulpbronne om die beste van 'n situasie te maak.

IV. GEDRAG WAT BUIGSAAMHEID VAN DENKE EN GEDRAG ONDERSTEUN

- IV (i) = Beskou sosiale interaksies as 'n deelnemende proses met ander woorde, wees bereid om van ander te neem en te gee.
- IV (ii) = Akkommodeer verskeidenheid in mense, met ander woorde aanvaar dat jou gevoelens of opinies nie die enigste of noodwendig die korrekte is, of hoef te wees nie.
- IV (iii) = Vermy stereotipes met ander woorde, neem genoeg feite in ag voordat jy sê en doen.
- IV (iv) = Wees buigsaam in die handhawing van reëls met ander woorde, maak plek vir die uitsondering op die reël, of beskou die reël as 'n riglyn.

V. GEDRAG WAT PERSOONLIKE STAMINA ONDERSTEUN

- V (i) = Aanvaar die onvoorspelbaarheid van die lewe met ander woorde, beskou inligting en gebeure wat anders uitwerk as wat jy verwag het, as anders en nie noodwendig as negatief nie.



- V (ii) = Lê volharding aan die dag met ander woorde hou doelgerig vol met opbouende aktiwiteite, ten spyte van stres, frustrasies, behoeftes en emosies.
- V (iii) = Monitor jou gedrag sodat dit nie gedisorganiseerd raak nie met ander woorde, vra jouself voortdurend af of jou gedrag steeds op koers en toepaslik is.
- V (iv) = Wees daarop ingestel om self rigting aan jou lewe te gee met ander woorde, beskou jou eie pogings en insette as die belangrikste faktore vir sukses of mislukking.
- V (v) = Persoonlike ideale moet in lyn wees met sosiale realiteite met ander woorde, toets of dit wat jy wil bereik opbouend vir almal is.

VI. GEDRAG WAT PRODUKTIEWE INGESTELDHEID ONDERSTEUN

- VI (i) = Leef aktief, met ander woorde, neem deel aan 'n verskeidenheid van gesprekke en aksies.
- VI (ii) = Streef daarna om sosiaal betrokke by ander te wees, met ander woorde, luister en slaan ag op ander se gevoelens en gedagtes.
- VI (iii) = Betrek ander by jou wêreld met ander woorde, vertel vir belangrike persone van dit wat jy voel en dink.
- VI (iv) = Leef lewenskragtig, met ander woorde wees aktief in die uitlewing en verbetering van jou vaardighede, werkroetines, belangstellings en stokperdjies.
- VI (v) = Hanteer komplekse eise en verantwoordelikhede produktief met ander woorde, voer moeilike take uit deur hulle af te breek in hanteerbare stappe en hulpbronne te gebruik.

VII. GEDRAG WAT POSITIEWE SELFSIENING ONDERSTEUN

- VII (i) = Wees positief ingestel ten opsigte van jou vaardig-
hede en vermoëns met ander woorde, glo dat *jy*
kan.
- VII (ii) = Brei jou selfaanwending voortdurend uit met
ander woorde, fokus op jou sterkpunte en talente
en wend dit aan.
- VII (iii) = Sien die maak van foute as menslik met ander
woorde, moenie vasgevang bly in foute wat jy
gemaak het nie, maar fokus daarop om daaruit te
leer.
- VII (iv) = Beskou wedersydse afhanklikheid as deel van
menswees met ander woorde, aanvaar dat alle
mense, insluitende jy, met tye ander mense se hulp
mag gebruik.

VIII. GEDRAG WAT INTERPERSOONLIKE EFFEKTIWITEIT
ONDERSTEUN

- VIII (i) = Vermy en/of beperk negatiwiteit in jou sosiale
uitlewing met ander woorde, bou jou verhoudings
eerder op as dat jy dit afbreek.
- VIII (ii) = Klaar misverstande tussen jou en ander mense op
met ander woorde, praat reguit en eerlik met ander
indien jy van hulle verkil.
- VIII (iii) = Wees empaties met ander woorde, leef jou in
ander se gedagtes en gevoelens in.
- VIII (iv) = Oorweeg die sinvolheid van die ondersteuning wat
jy gee en ontvang met ander woorde, beoordeel of
wedgesydse bydraes tot voordeel van beide partye
is.
- VIII (v) = Aanvaar kommunikasie as die basis van verhou-



dings met ander woorde, hou gereelde en betekenisvolle interaksie met ander.

VIII (vi) = Wees ingestel op die atmosfeer wat in sosiale situasies heers met ander woorde, pas jou gedrag aan by dit wat jy in die situasie waarneem.

IX. GEDRAG WAT OUTONOMIE ONDERSTEUN

IX (i) = Neem verantwoordelikheid vir jou lewe, met ander woorde, al kan jy nie altyd jou omstandighede kies nie, het jy 'n keuse hoe jy daarvoor dink en voel.

IX (ii) = Wees daarop ingestel om nie weerloos te staan teen die invloed van nuwe inligting en gebeure nie met ander woorde, dink aan wat nuwe inligting en gebeure vir jou kan beteken.

IX (iii) = Wees selfstandig met ander woorde, tree self maar op 'n realistiese wyse op.

IX (iv) = Handhaaf jou persoonlike outonomie op so 'n wyse dat dit jou nie van ander vervreem nie, met ander woorde, tree self maar op 'n opbouende wyse op.

X. GEDRAG WAT INTEGRASIEVERMOë ONDERSTEUN

X (i) = Versoen jousef met teenstrydighede met ander woorde, beleef andersheid as anders en nie noodwendig as bedreigend nie.

X (ii) = Beskou tekortkomings as menslik met ander woorde, aanvaar jou eie, asook ander se tekortkomings.

X (iii) = Plaas gebeure in konteks met ander woorde, verreken alle moontlike faktore wat tot gebeure kan bydra.

X (iv) = Aanvaar die kompleksiteit van menslike gedrag en sosiale situasies met ander woorde, leer om 'n verskeidenheid van inligting en eise gelyktydig te hanteer.

2. SPONTANE BYDRAES

I. DOELWITORIËNTASIE

I DOELFOR = Formulering van doelwitte
I INVLOED = Antisipeer invloed / in ag neem van ander
I MOTIVEE = Motiveer jousef
I BEPLANN = Doen deeglike beplanning
I DEURSET = Deursettingsvermoë, vasbyt

II. PERSOONLIKE BEHEER

II VERANT = Persoonlike verantwoordelikheid
II SELFBE = Selfbeheersing
II INTROS = Introspeksie, ken en aanvaar jousef
II HULPBR = Gebruik hulpbronne
II ERKENN = Gee erkenning aan ander
II KONFLK = Hantering van foute, mislukkings, kritiek en konflik
II VOLHAR = Volharding, deursettingsvermoë

III. REALITEITSTOETSING

III KONTE = Onthou jy is deel van 'n groter geheel, plaas gebeure in konteks
III VERSK = Mense dink en doen verskillend
III ANDER = Neem ander in ag, erken hul bydrae
III VERWY = Vorm 'n verwysingsraamwerk waarteen jy realiteite kan toets
III ONDER = Onderskeidingsvermoë - onderskei tussen koring en kaf

III ATMOS	=	Lees atmosfeer in sosiale situasies
III SELFG	=	Selfgeldig, handhaaf jouself
III FOUTE	=	Beskou foute / mislukkings as deel van die lewe
III INTRO	=	Introspeksie, is my gedrag in lyn / aanvaarbaar?

IV. BUIGSAAMHEID VAN DENKE EN GEDRAG

IV VERSKI	=	Aanvaar dat alle mense verskil
IV HANTEE	=	Aanvaar dat daar meer as een manier is om 'n saak te hanteer
IV INTROS	=	Hou introspeksie, is jou gedrag en denke deurdag
IV INGEST	=	Positiewe lewensingesteldheid
IV BUIGSA	=	Reëls moet aanpasbaar wees en buigsaam toegepas word
IV VERAND	=	Aanvaar verandering en aanpassing, dit is deel van die lewe
IV FOUTEB	=	Erken jou foute, leer daaruit
IV SELFBE	=	Selfvertroue en 'n gesonde selfbeeld rus jou toe om aanpassings te kan maak
IV HUMORS	=	Humor vergemaklik aanpassing
IV KENNIS	=	Brei jou kennis en vaardighede uit
IV MIMPUL	=	Moenie impulsief reageer nie, kontroleer jou emosies en gedrag
IV SENSIT	=	Wees taktvol en lê sensitiwiteit teenoor ander aan die dag
IV BALANS	=	Handhaaf 'n balans tussen jou eie en ander se opinies / insette (albei is belangrik)
IV ONDERS	=	Onderskeidingsvermoë, beoordeel die toepaslikheid van gedrag

V. PERSOONLIKE STAMINA

V VOLHARD	=	Volhard ten spyte van terugslae, volhard doelgerig
V POSINGE	=	Glo in jouself, glo 'ek kan'
V BALANSH	=	Handhaaf 'n balans tussen jou werk en jou ontspanning
V KEUSED0	=	Kies jou doelwitte só dat dit realities en haalbaar is en wees oortuig dat dit is wat jy wil bereik
V MOTIVER	=	Bly gemotiveerd, moedig jouself aan en put ook motivering uit ander
V HULPBRO	=	Maak gebruik van hulpbronne en ondersteuningsisteme
V BEPLANN	=	Beplanning moet deurlopend geskied, sodat jy op koers sal bly
V FIKSHEI	=	Fisiese, intellektuele en geestelike <i>gesondheid en fiksheid</i> dra by tot persoonlike stamina
V VERANTW	=	Leef verantwoordelik ten opsigte van keuse wat jy gemaak het, pas selfbestuur toe en wees ook verantwoordelik in jou interaksie met ander

VI. PRODUKTIEWE INGESTELDHEID

VI SOSIAL	=	Wees positief by ander / gemeenskap betrokke, maak 'n bydrae, maar neem ook van ander, wees aktief en verantwoordelik in sosiale interaksie
VI PERONT	=	Wees ingestel op persoonlike groei en ontwikkeling, brei jou vaardighede en kennis uit
VI AKTIEF	=	Wees aktief, doen dit nou, neem deel, gryp die oomblik



VI BEPLAN	=	Doen deeglike beplanning ten opsigte van jou doelwitte
VI DEURSE	=	Deursettingsvermoë, vasbyt selfs in die lig van struikelblokke
VI BALANS	=	Leer om koring van kaf te onderskei, handhaaf dan 'n balans daartussen
VI MOTIVE	=	Bly gemotiveerd en bly positief ingestel
VI SELFVR	=	Selfverwesenliking en selftevredenheid, stel jouself in om dit wat jy doen na jou beste vermoë te doen en te geniet
VI VERANT	=	Neem verantwoordelikheid ten opsigte van wat jy doen en die effek daarvan

VII. POSITIEWE SELFSIENING

VII SELFA	=	Positiewe selfsiening en selfaanvaarding, skat jouself na waarde en glo in jouself
VII ANDER	=	Lê waardering vir ander se insette aan die dag en wees self daarop ingestel om positief by ander betrokke te wees
VII BALAN	=	Wees gebalanseerd ten opsigte van jou verwagtings, die bydraes wat mense lewer, en die verskil in opinies
VII VERAN	=	Jy is self verantwoordelik om jou eie lewe te bestuur en vir jouself geluk te skep
VII FOUTE	=	Sien foute, kritiek en mislukkings as deel van die lewe, hanteer dit en plaas dit agter jou
VII AKTIE	=	Wees aktief ingestel, doen dinge en ontwikkel jouself
VII MOTIV	=	Motiveer jouself en laat ander jou ook motiveer
VII HUMOR	=	Kweek 'n sin vir humor en lag soms vir jouself

VIII. INTERPERSOONLIKE EFFEKTIWITEIT

- VIII UNIK = Respekteer dat mense verskil en akkomodeer dit
- VIII INTE = Handhaaf die siening dat mense mekaar nodig het, pas jou verhoudings op, wees bereid om te gee en te neem in jou verhoudings
- VIII SENS = Wees sensitief ten opsigte van ander se behoeftes en gevoelens
- VIII BALN = Handhaaf 'n balans in jou verhoudings ten opsigte van betrokkenheid en privaatheid, asook konsiderasie vir ander, sowel as vir jouself
- VIII JOUS = Ken en aanvaar jouself ten opsigte van jou vermoë om sinvol in jou verhoudings te kan staan
- VIII KONT = Handhaaf persoonlike kontrole in jou verhoudings, lê selfbeheersing aan die dag wanneer jy in interaksie met ander mense is
- VIII KOMM = Beskou kommunikasie as 'n belangrike onderbou van interpersoonlike verhoudings, let op na 'hoe' jy kommunikeer

IX. OUTONOMIE

- IX SELFST = Streef selfstandigheid na, fokus daarop om selfwerkzaam en onafhanklik te wees, glo in jou vermoë om selfstandig te kan wees
- IX BALANS = Evalueer die gebalanseerdheid van jou selfstandigheid sodat dit nie lei tot isolasie of ooraafhanklikheid nie

- IX VERANT = Neem die verantwoordelikheid om selfstandig te wees, kies om jou denke, gedrag en emosies so te bestuur dat jy jou selfstandigheid verhoog
- IX TOERUS = Rus jousef toe om selfstandig te wees, brei jou kennis en vaardighede uit, assosieer met mense en dinge wat jou selfstandigheid verhoog
- IX RMODEL = In die uitleef van jou selfstandigheid wees 'n rolmodel vir ander
- IX DELEGR = Delegeer en motiveer, betrek ander mense mense en vertrou hulle

X. INTEGRASIEVERMOë

- X ONVOORS = Aanvaar dat die lewe onvoorspelbaar is en dat daar geen waarborge bestaan nie
- X WAARDES = Maak jou aanpassings en toegewings in lyn met jou persoonlike waardesisteem
- X HANTEER = Tree op en neem besluite met die kennis en insig tot jou beskikking, oorweeg verskeie opsies en plaas gebeure in konteks
- X KOMMUNI = Akkommodeer ander se sienings, gaan kompromieë aan waar nodig
- X FOUTEAA = Aanvaar dat almal foute maak en verdra dit
- X HOPTERU = 'Hop terug', verwerk terugslae en leer daaruit

BYLAE D

VOLLEDIGE LYS VAN DIE ITEMS SOOS DEUR DIE SPONTANE BYDRAES
GEGENEREER

1. DOELWITORIËNTASIE

I DOELFOR	By die formulering van jou doelwitte, maak seker wat jy wil bereik en hoekom jy dit wil bereik (wat spesifiek en hoekom dit belangrik is); stel jou doelwitte hoog genoeg / <i>the sky is the limit</i> ; realisties / haalbaar in die omstandighede; jou doelwitte moet gebalanseerd wees in terme van jou drome, prioriteite en realiteite; doelwitte moet in lyn wees met persoonlike waardesisteen; doelwitte moet opbouend wees / positiewe bydrae tot die gemeenskap en samelewing lewer
I INVLOED	Antisipeer die invloed op jou en ander se lewens; wees sensitief ten opsigte van ander se behoeftes.
I MOTIVEE	Motiveer jousef : stel jousef positief in dat jy suksesvol sal wees; glo "ek kan"; glo dat jou doelwitte binne jou bereik is; raak entoesiasies; sien uit na die bereiking van jou doelwitte; onthou om die reis te geniet; maak dit lekker; hou die noodsaaklikheid daarvan in gedagte; positiewe selfpraat; geestelike en emosionele inspirasie; persoonlike stiltetye vir inspirasie; hou einddoel voor oë / visualiseer sukses; gee erkenning aan sukses / vordering / afhandeling van take; elke sukses is 'n stappie op pad; slaan ag op opbouwende kritiek; soepelheid / aanpasbaarheid deur periodieke evaluasie van vordering, hersiening van doelwit of plan van aksie, maak seker jy bly in lyn met jou doelwitte, hou boek van vordering.
I BEPLANN	Doen deeglike beplanning; formuleer jou doelwitte byvoorbeeld stappe, metodes, strategieë; evalueer die situasie ten opsigte van die bereikbaarheid van jou doelwitte in terme van vermoëns, vaardighede, kwalifikasies, ondervinding, hulpbronne, byvoorbeeld is raad en hulp van kenners en rolmodelle beskikbaar, finansies, aanleg, kwalifikasies, ensovoorts; bepaal prioriteite, verdeel in lang- en korttermyn take, breek groter geheel in kleiner take op; tydsbeplanning: deel op in fases; vermy bottelnek, laat ruimte vir ander verpligtinge; rooster vir afhandeling van take; verkry (belangrike) ander se samewerking / ondersteuning / positiewe gesindheid; beginstrategie is relatief byvoorbeeld moeilike / maklike / lekker / bekend - eerste; gaan oor tot aksie, begin daadwerklik, goed begin is half gewin, vertrekpunt.

I DEURSET	Deursettingsvermoë; volharding; vasbyt; toewyding; persoonlike stamina; bly doelgerig; neem 'n besluit dat jy nie van stryk gebring sal word nie; bly gefokus op jou doelwit; volhard ten spyte van teleurstellings of mislukkings; opstaan na val; leer uit ondervinding; behou humor.
-----------	---

2. PERSOONLIKE BEHEER

II VERANT	<p>Persoonlike verantwoordelikheid; aanvaar jy staan aan stuur van jou eie boot; is self verantwoordelik vir die gevolge van jou dade; aanvaar dat, afgesien van jou omstandighede, jy steeds keuses kan uitoefen; dra gevolge van jou keuses; keuse wat jy maak moet jy mee saamleef; jy het keuses, maar jy moet dit self neem; beskou gedrag in terme van keuses wat gemaak moet word; ontwikkel die insig dat alle gedrag gevolge het; identifiseer jou persoonlike aandeel in aangeleenthede ten opsigte van jou verantwoordelikheid; aanvaar die verantwoordelikheid ten opsigte van persoonlike gelukskepping; moenie meer verantwoordelikheid aanvaar as wat jy kan behartig, sonder om jou waagmoed in te boet nie.</p>
II SELFBE	<p>Selfbeheersing; beheer jou gedagtes; monitor die inhoud van jou gedagtes; wat en hoe jy dink bepaal wie en wat jy is; dink oor hoe jy praat, tel jou woorde; besin eer jy begin; beheer jou emosies; antisipeer gevolge - vir jouself en ander; neem tyd om jou optredes te beplan; tree so op dat jy te alle tye selfrespek kan behou; ontleed jou gevoelens rondom besluite; beoordeel eers 'n situasie voordat jy 'n opinie gee; lê selfbeheersing aan die dag; moenie dat jou emosies jou lewe oorheers nie; stel emosies ondergeskik aan denke; beheer alle inkomende boodskappe; wees realisties, met ander woorde, is jy redelik, is jou gedrag toepaslik en haalbaar; wees nie liggeraak nie; sit 'n saak in perspektief; tree nie op terwyl jy ontsteld is nie; oordink saak rustig voor jy optree; nie impulsief optree nie; tydsverloop; besef ook jy mag ontlaai; tree konsekwent op.</p>
II INTROS	<p>Hou introspeksie; maak vrede met jouself; aanvaar jouself; ken jou eie sterk en swak punte; brei jou selfkennis uit (vermoëns en beperkings); selfevaluering; handhaaf die siening dat dit van minder belang is wat jy het, maar van groter belang is hoe jy jou omstandighede hanteer; moenie krediet toe-eien wat jy nie verdien nie; glo in jou besluite en standpunte; aanvaar krediet vir persoonlike suksesse; moenie verval in selftwyfel nie; lê selfvertroue aan die dag; glo in jouself; maak vrede met jou beperkings en tekortkominge; bou op jou sterk eienskappe.</p>
II HULPBR	<p>Gebruik hulpbronne; kry hulp as jy dit nodig het; bou op die sterk punte van ander en van die situasie.</p>

II ERKENN	Gee erkenning aan ander mense; ag ander mense; behandel ander mense met respek en waardigheid; toon begrip vir diegene om jou; wees konsidererend; maak vrede met anders se beperkings en tekortkomiinge; tree so op dat ander jou respekteer; weet jy is 'n rolmodel; versprei 'n <i>aangename geur</i> ; tree so teenoor ander op dat jy onmisbaar raak; handhaaf jouself op so 'n wyse dat dit nie ten koste van ander persone of hul gevoelens is nie; gee krediet aan al die rolspelers; integriteit is belangrik; kom jou verpligtinge en ondernemings na; maak keuse maar neem ander mense en omstandighede in ag; wend dit waarmee jy suksesvol is tot groter voordeel van jouself en ander aan; as jy nie kans sien vir iets nie, leer om 'nee' te sê; soms moet jy dink wat die beste vir jouself is.
II KONFLK	Konflikhantering; neem 'n wilsbesluit dat jy nie die skuld van jou foute op ander sal pak nie, of verantwoordelikheid vir ander se foute sal aanvaar nie (blaming); leer af om verskonings te maak; maak self jou foute reg; aanvaar blaam vir persoonlike mislukking; werk aan jou foute; mislukkings of swakhede moet so hanteer word dat dit 'n minimale effek op self of ander het; hanteer mislukkings en kritiek met waardigheid en grootmoedigheid; beskou kritiek as deel van die lewe en gebruik dit tot jou voordeel; identifiseer jou persoonlike aandeel in terme van mislukking en skuld wat gedra moet word; veg die saak en nie die man nie; moenie van 'n verskil 'n geskil maak nie; handhaaf 'n ingesteldheid om konflik te hanteer; voorsien probleme; weet daar is alternatiewe oplossings; maak aanpassings indien nodig.
II VOLHAR	Volharding; vasbyt; moenie tou opgooi na mislukkings nie; lê deursettingsvermoë aan die dag.

3. REALITEITSTOETSING

III KONTE	Onthou jy is deel van 'n groter geheel; plaas gebeure in konteks; hou altyd in gedagte dat daar binne die perke van die moontlike opgetree moet word; aanvaar dat realiteite nie vir alle mense en vir alle tye dieselfde is nie.
III VERSK	Meer as een manier van dink en doen om dieselfde eindproduk te behaal; respekteer ander se opinies, houdings en menings; tolereer en verdra dat ander van jou kan verskil; ander dink en redeneer waarskynlik anders oor sake, aanvaar hulle soos hul jou moet aanvaar; aanvaar dat alle mense se menings kan verskil; niemand is noodwendig verkeerd nie; wees <i>oop kop</i> ; 'n siening dat net jy reg is of ander altyd reg is, isoleer jou; jy alleen het nie al die antwoorde en kennis nie; ag elke persoon as 'n unieke wese; wees positief ingestel op die waarde van jou eie, sowel as ander se bydrae; alle mense beskik nie oor dieselfde vermoëns nie; party is beter of swakker as jy; moenie bedreig voel deur verskille nie; wees buigsaam en aanpasbaar; steek jou trots in jou sak - wees emosioneel sterk genoeg om te erken as iemand se idee beter as joune is; hanteer 'n saak sonder om persoonlik te raak - dryf die saak nie die persoon nie; stel jouself emosioneel daarop in om steeds beskaaf te bly al is jy ook in 'n geskil betrokke.
III ANDER	Neem ander in ag ten opsigte van denke, menings, dade; bepaal die mening van ander mense oor 'n bepaalde saak en neem dit in ag; neem mense in ag met besluite wat jy neem en dinge wat jy doen; gee ander ook kans om hul mening te lug; wees daarop ingestel om nie ander se standpunte summier af te skiet nie; gee erkenning aan ander mense vir hul bydrae; wees ingestel op ander persone se sienings; nie krities / veroordelend / afbrekend wees nie, wees opbouend ingestel; ontwikkel 'n sosiale gewete; moet nooit so vasklou aan jou eie siening dat jy nie ander mense se idees kan akkommodeer nie; vermy bevooroordeling van ander en om etikette aan mense te heg.
III VERWY	Verwysingsraamwerk: Wees daarop ingestel om jouself voortdurend uit te brei sodat verskraalde denke en kennis jou nie pootjie nie; gebruik dit wat sinvolle menings of sienings is om jou eie idees of gedagtes te versterk; toets jou gedagtes en gedrag deur verskeie menings in te win voordat jy tot 'n slotsom kom; weeg voor- en nadele teen mekaar op; slaan ag op ander mense se bydraes

	<p>en standpunte; luister goed voordat jy tot 'n konklusie kom; vorm 'n verwysingsraamwerk waarteen realiteite getoets kan word deur belang te stel in mense, dinge, gebeure en die omgewing om jou; verbreed jou eie verwysingsraamwerk, win soveel as moontlik feitelike inligting in; wees ingestel op wat om jou aangaan; tap by ander, wees oop vir ander, dit kan jou help om meer betroubare of realistiese realiteitstoetsing te doen.</p>
III ONDER	<p>Onderskeidingsvermoë: Tref 'n onderskeid tussen feite, inligting en opinies, asook belangrikhede en onbelangrikhede; ondersoek, klassifiseer en herrangskik feite sodat nuwe konstruktiewe en kreatiewe idees gegenerer kan word; identifiseer eie gebreke / sterkpunte sodat jy 'n oordeelsvermoë kan ontwikkel om situasies wat tot jou nadeel kan strek te vermy; balanseer negatiewe gedrag met 'n persoon se positiewe eienskappe; weeg verskeie moontlikhede of opsies op met betrekking tot dieselfde saak, kies dan die mees toepaslike of relevante opsie; handhaaf 'n balans tussen individualiteit en sosialiteit; handhaaf 'n balans tussen konformering en uniekheid; probeer die gevolge van jou dade voorsien; doen realiteitstoetsing, nie net by voorbaat nie, maar ook by nabaat, met ander woorde, as jy weer 'n kans kry sou jy dieselfde sê en doen; beoordeel situasies / sieninge so objektief as moontlik, retrospektief en introspektief.</p>
III ATMOS	<p>Gevoel / Aanvoeling / Sensitiwiteit / Atmosfeer : Probeer sensitief met mense omgaan; toon insig en begrip vir ander mense, wees empaties; toon deernis; wees 'n goeie luisteraar onthou jy het twee ore om mee te luister en net een mond om mee te praat; probeer dink hoe jy in dieselfde situasie sou opgetree of gevoel het as jy byvoorbeeld verskil van 'n ander persoon se mening; onthou dat daar altyd motivering is vir 'n persoon se optrede, hetsy goed of sleg; <i>gun elke mens 'n stukkie son</i>; leer 'n situasie opsom; let op na die atmosfeer binne die situasie; onthou jou persoonlike waarnemings is subjektief en dikwels emosioneel gekleur; lees atmosfeer; wees sensitief vir ander se reaksies, gevoelens en die atmosfeer.</p>
III SELFG	<p>Selfgelding: Handhaaf jouself tussen ander (selfhandhawing); ontwikkel jou eie menings oor sake; moenie jou eie waarnemings onderskat nie; glo in jouself; jy is geregtig op jou eie sienings en oortuigings; wees positief ingestel ten opsigte van jou persoonlike insette en bydraes; bou 'n positiewe selfbeeld, as jy goed voel</p>

	oor jousef sal jy verskille makliker kan aanvaar.
III FOUTE	Wees van opinie dat nie alle situasies hanteerbaar sal wees nie; beskou mislukkings as deel van die lewe, moenie jousef daaroor kasty nie of daaroor wroeg nie; foute kan gemaak word, dit is nie noodwendig die einde van die wêreld nie; moenie foute as blokkasies sien nie, leer daaruit, groei positief daaruit en herstel wat jy kan; geen mens is foutloos nie; indien jy 'n fout gemaak het probeer dit dadelik regstel of volgende keer verbeter; sien 'n geleentheid of 'n uitdaging in elke probleem; deur humoristies na moeilike situasies / foute te kyk, word dit dikwels meer hanteerbaar.
III INTRO	Introspeksie : wees bereid om jou eie waarnemings krities te beoordeel en aan te pas indien nodig; toets die sosiaal-aanvaarbaarheid van jou gedrag aan die sosiale terugvoer wat jy kry; probeer om buite jousef te staan en die effek wat jou gedrag op ander het evalueer; neem die wet van gemiddeldes as riglyn waarteen jy jou gedrag meet of in konteks plaas; wees bereid om die sosiaal-aanvaarbaarheid van jou sienings te toets; sosiale kontrole, moet nooit wensdenkery en persoonlike voorkeure as die werklikheid aanvaar nie.



4. BUIGSAAMHEID VAN DENKE EN GEDRAG

IV VERSKI	Aanvaar dat mense verskil; neem die verskeidenheid of andersheid van mense in ag; neem die uniekheid van ander mense in ag; plaas jouself in 'n ander se posisie en poog om sy/haar gevoelens of idees te begryp en te visualiseer; stel jouself in 'n ander se skoene; jou persoonlike standpunte is belangrik, sowel as ander se sieninge; verskil sonder om jou wil af te dwing - bepaal 'n middeweg waar nodig; wees sensitief ten opsigte van die uniekheid van ander se denke, opvattinge, oortuigings, optredes en gevoelens.
IV HANTEE	Aanvaar dat daar meer as een oplossing vir 'n probleem is; vermy tonnelvisie deur na 'n saak in sy geheel te kyk, die oplossing is dalk haalbaar langs 'n ander weg. Oorweeg die beste alternatiewe en wees oop vir ander idees; oordink verskeie opsies deur 'n lys van alternatiewe oplossings op te stel sodat die voor- en nadele daarvan opgeweeg kan word; ondersoek alternatiewe wanneer probleme opgelos moet word; die persoon moet oor die vermoë beskik om verskillende situasies te kan beoordeel en indien nodig aanpassings te maak; wees kreatief : onthou dat situasies op verskeie maniere hanteer kan word en dat take op verskillende wyses aangepak kan word; wees oop vir oortuiging; aanvaar dat jy of ander nie noodwendig altyd reg is nie; wees ontvanklik vir ander se idees; moenie vooroordele hê nie; bedink 'n saak vanuit 'n ander se siening voordat jy reageer.
IV INTROS	Hou introspeksie, is jou gedrag en denke kortsigtig of goed deurdag; soms moet jy ander se belange voor joune stel vir groter / latere gewin.
IV INGEST	Stel jouself daarop in om iets positiefs uit elke situasie te haal; 'n positiewe uitkyk op die lewe sal aanpasbaarheid meehelp; ontwikkel 'n ingesteldheid dat nuwe / ander situasies of inligting 'n groeigeleentheid vir jou kan inhou.
IV BUIGSA	Beskou reëls dat dit kan verander indien dit 'n positiewe bydrae kan maak (buigsaamheid en aanpasbaarheid); reëls kan verander as daar grondige redes daarvoor is, sonder dat beginsels prysgegee word; reëls is belangrik vir 'n ordelike verloop, maar moet buigsaam toegepas word; 'n uitsondering op 'n reël moet op gesonde oordeel geskied; handhaaf 'n balans wat jou roetine aanbetref, nie verslaaf wees daaraan nie, maar dit ook kan tolereer.

IV VERAND	Aanvaar verandering of aanpassings as nodig en moontlik - moenie dit as 'n fout of 'n ramp sien nie; onthou dat ons in 'n tegnologiese gevorderde tyd leef en dat ons wêreld en realiteite elke dag verander, ons moet dus aanpasbaar wees; wees bereid om aanpassings ten opsigte van jou denke of gedrag te maak, indien dit nie strook met realiteitstoetsing nie; verskuif jou doelwitte, indien veranderde situasies dit vereis; ken jou doelwit / of waarheen jy oppad is sodat wanneer / indien jy moet aanpassings maak jy dit sinvol kan doen.
IV FOUTEB	Wees bereid om toe te gee wanneer jy verkeerd was; foute moet gesien word as 'n geleentheid om te leer; erken jou foute.
IV SELFBE	'n Gesonde selfbeeld dra by tot buigsaamheid of aanpasbaarheid; as jy onseker voel oor jouself sal jy sukkel om aanpassings en toegewings te maak; ken en glo in jouself; leef nederig, maar met selfvertroue / selfgeldend.
IV HUMORS	Humorsin kan aanpassing vergemaklik.
IV KENNIS	Brei algemene kennis uit, 'n gebrek aan kennis kan jou insig beperk; brei jou vaardighede uit; stel jouself oop vir nuwe ervarings; aanvaar dat nuwe invloede en nuwe kennis jou denke, gedrag en gevoelens kan rig, verander of beïnvloed; stel jou daarop in om uit sosiale interaksie te leer; brei jou kennis uit van die wêreld en omgewing waarin jy leef sodat jy goed ingelig gaan wees; onthou dat 'n mens voortdurend in 'n proses van leer is en selfs van die onwaarskynlikste persoon iets kan leer.
IV MIEPUL	Moenie impulsief reageer nie, oordink eers dinge; vergewis jou eers van die feite en formuleer dan jou eie opinie; moenie impulsief, oorhaastig of halsoorkop optree nie; vermy opvliëndheid; kalmte en rustigheid dra by tot buigsaamheid; dink en beplan voor jy doen; luister met aandag sodat jy presies weet wat ander aan jou wil oordra; teleurstellings moet jy emosioneel beheersd kan hanteer; ontwikkel jou antisiperingsvermoë.
IV SENSIT	Takt en sensitiwiteit; wees sensitief vir ander se reaksies teenoor jou; neem sowel jou eie as ander se gevoelens in ag; besef die belangrikheid van nieverbale kommunikasie; lees die atmosfeer.
IV BALANS	Wees bereid om na ander se menings te luister, kommunikeer oor die saak, maar jy hoef nie altyd saam te stem / of 'n kompromie aan te gaan nie; gebruik ander se opinies - jou persoonlike opinie is nie noodwendig die enigste of belangrikste opinie

	nie (twee is beter as een); onthou jy het nog altyd 'n keuse, probeer balans handhaaf ten opsigte van bogenoemde; streef daarna om gebalanseerd met sake, dinge en mense om te gaan; handhaaf 'n balans; ek weet wat ek wil maar advies en hulp is welkom; wees saak- en nie persoongeoriënteer nie.
IV ONDERS	Ontwikkel en gebruik jou onderskeidingsvermoë (reg / verkeerd; beste / verkeerde keuse; toepaslikheid / nietoepaslik); beoordeel die effektiwiteit van hanteringswyses, vervang uitgediende hanteringswyses met skeppende nuwe metodes; moenie hardkoppig vasklou aan jou eie idees nie, beoordeel die meriete daarvan.

5. PERSOONLIKE STAMINA

<p>V VOLHARD</p>	<p>Volharding; behou die vermoë om te volhard; volhard sonder om moed op te gee; doelgerig volhou ten spyte van terugslae; neem 'n wilsbesluit dat jy met 'n spesifieke taak of doelwit sal volhou totdat dit voltooi of bereik is; aanvaar dat alles nie altyd lekker is nie; volhard en wees doelgerig; hou aan met dit wat jy gekies of onderneem het (deursettingsvermoë en selfdissipline lei tot taakvoltooiing); bly volhard, hou aan ten spyte van dit wat op jou pad kom of gebeur (wilskrag); bly gefokus op dit wat jy wil bereik; beskou terugslae as hekkies om te oorkom en nie as mislukkings nie; beskou teenkanting as 'n geleentheid om te groei; aanvaar en verwerk terugslae anders dreineer dit energie of laat jou van koers af gaan; hou voor oë dat die onvoorsiene mag gebeur en bly op die doelwit gefokus; wanneer teenspoed ervaar word, neem een tree op 'n keer tot jou momentum weer daar is.</p>
<p>V POSINGE</p>	<p>Handhaaf 'n siening van aanhouer wen; glo in jousef, sê vir jousef 'ek kan' en hou aan om dit te sê al kom daar teenspoed; tree met passie op; wees entoesiasies; fokus op jou potensiaal, eerder as op jou beperkings; sien jousef as 'n rolmodel; dit wat jy glo is jy, kry jou kop reg, wees positief ingestel in alles wat jy aanpak; streef dit wat jy wil bereik toegewyd na; doen positiewe selfpraat, naamlik <i>ek kan, ek glo in myself, dis die moeite werd, ek wil dit behaal, dis aangenaam / positiewe bydrae, dis nie so sleg of erg nie</i>; kry 'n positiewe leuse; gebruik positiewe taal en praat oor positiewe onderwerpe.</p>
<p>V BALANSH</p>	<p>Moenie toewyding en harde werk oordryf nie ('over kill') behou perspektief; handhaaf 'n balans tussen werk en ontspanning; om stamina in stand te hou moet rustye ingewerk word; staan tyd af aan stiltetye / oordenking / filosofering; maak tyd vir jousef om te ontlaai; aanvaar dat jou krag van dag tot dag nie dieselfde is nie.</p>
<p>V KEUSED</p>	<p>Maak seker dat jy oortuig is wat jy wil doen of wil bereik en om watter rede (met ander woorde dat dit om welke rede ook al die moeite werd is om jou tyd en energie daarin te bestee); stel realistiese doelwitte, moenie die onmoontlike najaag nie; oorweeg doelwitte of take wat aanpas by jou vermoëns; wees bereid om waagmoed aan die dag te lê deur ook nuwe of moeiliker take aan te pak; maak</p>

	<p>kosteberekening (realiteitstoetsing) voordat take of projekte aangepak word; onrealistiese doelwitte of ideale kan jou emosioneel dreineer; persoonlike ideale moet in lyn wees met sosiale realiteite.</p>
V MOTIVER	<p>Motivering: beloon jouself as jy sekere mylpale bereik het dit versterk stamina / volharding / uithouvermoë; motiveer jouself deur kort-kort op jou vordering ag te slaan; onthou om die reis oppad na die doelwit te geniet; selfaanmoediging deur eindresultaat as bereikbaar te sien; visualiseer sukses; bly gemotiveerd; 'n mens word soms moedeloos, maar moenie tou opgooi nie; vir selfmotivering gee positiewe erkenning aan reeds behaalde suksesse; identifiseer rolmodelle wat as motivering vir jou kan dien; sorg dat jy gereeld in kontak is met ander persone wat dieselfde belange as jy het, so inspireer mense mekaar; vir selfmotivering kan ander as klankbord dien; besoek inspirerende mense en of plekke.</p>
V HULPBRO	<p>Hulpbronne: maak gebruik van ondersteuningsisteme / strukture wanneer nodig; onthou dat mense se persoonlike stamina verskil, wees dus realities wanneer jy met ander persone moet saamwerk; gebruik die kennis en vaardighede van ander; delegeer waar nodig.</p>
V BEPLANN	<p>Beplanning: doen daaglik, weeklik en maandeliks beplanning; wees georganiseerd dit vergemaklik die verloop van sake; kontroleer deurlopend of jy nog in lyn is met jou beplanning; probeer om ten alle koste by jou beplanning te hou; werk volgens 'n tydskaal; skep nuwe geleenthede, indien blokkasies voorkom; evalueer jou gedrag of jy nog op koers is; hou doelwit voor oë - hersien indien nodig; maak 'n lys / opname van aspekte wat doelwitbereiking sal bevorder; lys bogenoemde in volgorde van prioriteite en fokus op die belangrikste aspekte (dagboek); onafgehandelde take moet heringedeel word by werksprogram.</p>
V FIKSHEI	<p>Fisiese en intellektuele gesondheid / fiksheid; selfkennis hier rondom; ken jou eie beperkinge; sorg vir fisiese fiksheid - 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees; belangrikheid van fisiese ontlading; intellektuele stimulasie (lees, projekte); dieet moet gebalanseerd wees; breinkrag word so geoptimaliseer; sien om na jou fisiese en geestelike gesondheid; gesonde lewenswyse; liggaamlike gesondheid; fiksheid beïnvloed jou geestelike welstand.</p>

V VERANTW	Neem verantwoordelikheid vir besluite wat jy geneem het; moenie die skuld vir ander gee as jy misluk het nie (blaming); hou gereeld introspeksie en maak aanpassings indien nodig; ken jou vermoëns en beperkinge; gebruik dit en bestuur dit; leer 'n situasie opsom; wat is die atmosfeer binne die situasie; onthou jou persoonlike waarnemings is subjektief en dikwels emosioneel gekleur; lees atmosfeer; jy is self verantwoordelik vir jou lewe, mislukkings of suksesse; herken en erken die goeie dinge in die lewe.
-----------	--

6. PRODUKTIEWE INGESTELDHEID

VI SOSIAL	<p>Wees positief teenoor jou sosiale verantwoordelikheid; glo jy het die vermoë om 'n verskil te maak en om so op te tree dat jou aksies 'n rimpeleffek op die samelewing het; leer by ander mense en put uit hulle ervaring; wees bereid om na ander mense se opinies te luister; deel met ander mense en besef ook dat jy ander mense nodig het; wees bereid om betrokke en van hulp te wees; identifiseer leemtes in jou omgewing; wees daarop ingestel om die wêreld vir jouself en vir ander aangenaam te maak; wees 'n staatmaker, mense moet op jou kan peil trek; poog om 'n bydrae te lewer tot die samelewing waarin jy leef; moenie jouself afsonder van jou gemeenskap en medemens nie; gebruik sosiale situasies om jouself volgens te evalueer; wees sensitief vir sosiale terugvoer; wees 'n rolmodel en leer van rolmodelle; stel jouself beskikbaar om jou kennis en vernuf met ander te deel; isolasie van ander lei tot stagnasie, <i>no man is an island</i>.</p>
VI PERONT	<p>Wees op persoonlike groei en ontwikkeling ingestel; wees bereid om jou vaardighede en belangstellings uit te brei en jou visie te verbreed; wees ingelig, lees wyd, bly op hoogte, stel belang in die dinge wat om jou gebeur; wees bereid om nuwe idees uit te toets en dinge aan te pak (ongeach of jy slaag of nie); bly in voeling met gebeure om jou deur jou kennis en insig te verbreed en te verdiep; wees betrokke by 'n verskeidenheid aktiwiteite in jou gemeenskap; wees betrokke in jou wêreld; voorkom stagnasie deur nuwe uitdagende doelwitte te stel, opleiding of aanleer van nuwe dinge; water wat stilstaan verrot, beweeg en groei met nuwe idees en uitdagings; mens is nooit te oud om iets nuuts te leer nie of nuwe dinge te ervaar nie, wees leergierig ingestel en moenie stagneer nie; verryk jou wêreld deur jou eie, sowel as ander, se belangstellings te deel; vergroot jou wêreld deur lees, reise en kennisinsameling sodat jou bydrae sinvol en van waarde kan wees.</p>
VI AKTIEF	<p>Neem aktief deel aan jou gemeenskap, medemens en omgewing; wees produktief ingestel; <i>Carpe Diem</i>, lewe die lewe, neem deel, moenie uitstel nie, doen dit nou, leef met volle oorgawe; moenie bang wees om produktief te wees of bang wees vir nuwe uitdagings nie; pak elke verantwoordelikheid met 'n positiewe gesindheid aan; moenie bang wees om te waag nie; lê waagmoed aan die dag; benut elke geleentheid, gryp die oomblik; sien 'n nuwe of vreemde opdrag as 'n uitdaging waaruit jy iets</p>

	<p>nuuts kan leer; wees positief in die aanpak van nuwe take; beskou die lewe as 'n uitdaging; wees entoesiasies in wat jy aanpak; hê 'n verwondering oor wat die lewe vir jou inhou; dis jou verantwoordelikheid en keuse of jy geleentheid gaan aangryp; gryp die oomblik, geleentheid herhaal hulself nie; stel jou daarop in dat jy al die kansen in die lewe moet aangryp, omdat jy net eenkeer lewe; wees lewenskragtig sodat jy aksies buite jouself kan genereer.</p>
VI BEPLAN	<p>Bepanning: Stel doelwitte konkreet, spesifiek en dus duidelik voor oë; benader moeilike take stap vir stap; breek take in hanteerbare dele op; koppel bogenoemde aan tyd; bepaal jou prioriteite, jy mag dit van tyd tot tyd verander; evalueer jou eie produktiwiteit en waak teen vertragingstaktiek en uitstellery.</p>
VI DEURSE	<p>Deursettingsvermoë: Hanteer 'n krisis en handel dit af; beweeg verder en moenie toelaat dat dit jou strem nie; voltooi dit waarmee jy begin; hou vol met moeilike take; moenie moed opgee as daar struikelblokke is nie; moenie wegdeins van komplekse of moeilike krisissituasies nie, werk daardeur, dit verbreed jou persoonlike ervaring en groei; beskou teenspoed en probleme as leerervarings en doen volgende keer beter.</p>
VI BALANS	<p>Balans / Onderskeidingsvermoë: Jy hoef nie alles te doen nie, selekteer take na gelang van behoeftes en belangstellings; aanvaar dat jy soms foute maak; selekteer opbouende interaksie - onderskeidingvermoë; hou 'n balans tussen jou eie en ander se belange en aktiwiteite; moenie jou te veel kwel oor wat ander van jou dink nie; wees ingestel op 'n groter saak; moenie dat moeite of die mate van aangenaamheid of onaangenaamheid, jou pootjie nie; sien jou werk en ander daaglikse aktiwiteite as noodsaaklik, maak vrede daarmee en poog om werklik bevrediging daaruit te put.</p>
VI MOTIVE	<p>Motivering en positiewe ingesteldheid: Motiveer jouself deur jou sukses met ander te deel; behou jou positiewe ingesteldheid al kry jy teenkating; sien terugslae as geleentheid tot persoonlike groei (no pain no gain); bly te alle tyd blymoedig; geniet dit wat jy doen; probeer altyd positief wees by jou werk en in jou persoonlike lewe; hanteer moeilike take met 'n tikkie humor; sorg dat jou persoonlike lewe opgeruimd is, met ander woorde moenie emosionele bagasie saamdra nie; leef vir persoonlike suksesse, hoe gering ookal, dit sal as motivering dien; leer jouself dat hoe meer jy doen, hoe meer kan jy doen, hoe meer wil jy doen.</p>
VI SELFVR	<p>Selfverwesening; selftevredenheid; streef altyd na selfverwesening, met ander woorde om jouself te ervaar as goed in dit wat jy doen, byvoorbeeld goeie ma /</p>

	onderwyser; identifiseer jou sterkpunte en leef dit uit; wees seker van jouself; stel jouself in om dit wat jy doen na jou beste te doen; wees daarop ingestel om jou gawes en talente optimaal te gebruik, so groei jyself en bou jy ander; sprei 'n aangename geur; ontwikkel 'n ingesteldheid dat jy as individu 'n verskil kan en moet maak.
VI VERANT	Neem van verantwoordelikheid; handhaaf 'n ingesteldheid van persoonlike beheer / verantwoordelikheid; jy is in beheer sodat jy doelbewus kan genereer; besef dat jou aksies 'n rimpeleffek het.

7. POSITIEWE SELFSIENING

VII SELFA	Positiewe Selfsiening / Selfaanvaarding: Aanvaar jouself soos jy is; maak vrede met jou tekortkominge; glo in jouself; glo dat jou insette 'n verskil kan maak; weet dat dit binne jou vermoë is om 'n verskil te maak, hierdeur kry jy 'n gevoel van beheer en dit help dat die lewe jou nie oorspoel nie; wees positief teenoor jouself; geniet dit wat jy doen en voel waardevol; glo jy is hier vir 'n doel en dat jy reeds oor die vermoëns beskik om dit te kan bereik; waardeer jou uniekheid, aanvaar dat jy die reg het om jouself te wees; waardeer jou eie vermoëns; skat jouself na waarde; glo in jouself, as jy dit nie doen nie hoe kan jy verwag ander moet; jou geestelike ingesteldheid is belangrik; bepaal jou skeppingsdoel of sin vir jou lewe, leef dit uit; voel waardevol; aanvaar jou eie tekortkominge.
VII ANDER	Stel jouself daarop in om positief in ander se lewens betrokke te wees; positiewe interaksie; soek na die positiewe in alle mense en situasies en fokus daarop; vind vervulling daarin om ander te help en by te staan; aanvaar hulp van ander met opregte dankbaarheid; aanvaar dat alle mense uniek is en die reg het om hulself te wees; maak gebruik van ander mense se hulp; lê waardering vir ander mense se insette aan die dag; besef dat jou siening van ander by kan dra tot die vorming van hulle selfsiening; wees daarop ingestel dat jou lewe tot ander se voordeel sal wees; handhaaf die siening dat elke mens die reg op 'n plek in die lewe het; beskou alles wat jy van mense kry (op emosionele vlak) as 'n bonus; wees sensitief ingestel ten opsigte van ander se behoeftes; beskou jou eie teenwoordigheid of betrokkenheid as belangrik of waardevol; handhaaf die beskouing dat jou betrokkenheid by ander nie toevallig is nie; leef gebalanseerd saam met jou naaste, mense het mekaar nodig; wees gemaklik met die idee dat mense afhanklik is van mekaar.
VII BALAN	Balans: Dit is belangrik om gebalanseerd te wees; moenie onrealistiese verwagtings koester nie, dan kan jy nie teleurgestel word nie, verydelde verwagtings (té veel of onrealistiese verwagtings) kan jou negatief stem; ken mense en weet dat elkeen primêr dieselfde behoeftes, verlange en twyfel ervaar (mense is mense); beskou 'n sinvolle bydrae as relatief - klein of groot bydraes is betekenisvol, die eindresultaat is afhanklik van albei; beskou jou persoonlike bydrae, al is dit hoe gering, as waardevol; jy moet bereid wees om jouself soms op die agtergrond te stel; gee jou eie opinie al verskil dit van ander s'n - elkeen is geregtig op sy eie opinie; vra hulp as dit nodig is, moenie net

	op jousef aangewese wees nie.
VII VERAN	Verantwoordelikheid: Jy is verantwoordelik om jou eie lewe te bestuur; jy is self verantwoordelik vir jou geluk, moenie wag vir ander om jou gelukkig te maak nie (wees realities, nie sinies nie); aanvaar dat dit jou taak is om jousef te ontwikkel en te verbeter, weier om jousef af te takel; maak 'n doelbewuste keuse om positief te wees; werk daaraan om jou vermoëns en talente te ontwikkel en verbeter; lewer jou beste; ken jousef, sterk- en swakpunte - bou die sterkpunte uit en wend dit aan tot voordeel van jousef en ander, erken jou swakpunte en werk daaraan; doen laasgenoemde deur realiteitstoetsing, ervaring en terugvoer; fokus op dit waarmee jy vertrouwd is en dit wat jy geniet; beoefen doelbewus selfstandigheid deur in jousef te glo en jousef na waarde te skat; identifiseer negatiewe punte sodat jy dit kan kontroleer in situasies waar dit tot jou nadeel kan wees; glo in jou kreatiwiteit en gebruik dit; onderhou jou selfbeeld; gebruik jou talente en brei dit uit.
VII FOUTE	Hantering of bestuur van foute, mislukkings en kritiek: Onthou dat alle mense foute maak; sien foute as 'n geleentheid om te leer en nie as 'n ramp nie; oefen jousef om kritiek positief te evalueer en nie onnodig fyngewoelig te wees nie; aanvaar dat jy soms foute sal maak; as jy 'n fout gemaak het, verander dit as jy kan, anders styg bokant dit uit (sit dit agter jou); sien mislukkings as 'n uitdaging; moenie hiperkrities op jousef wees nie; wees realities ten opsigte van jou tekortkominge, aanvaar dit, maar wend 'n doelbewuste poging aan om dit te verbeter; plaas kritiek in konteks, haal die goeie daaruit.
VII AKTIE	Wees aktief ingestel; moenie uitstel met take nie, begin dadelik; pak die bul by die horings; druk jou eie stempel op die lewe af; wees ingelig omtrent 'n wye verskeidenheid van onderwerpe, verbreed jou algemene kennis.
VII MOTIV	Motivering: Wees daarop ingestel om jousef te motiveer en ontvanklik te wees vir die motiverende insette van ander; gee krediet aan jousef vir klein oorwinnings, deur die bereiking van 'klein' doelwitte; ontwikkel 'n gevoel van 'ek kan' en 'ek is op pad'; lê waardering aan die dag vir die goeie in die lewe; dink positief; bou 'n positiewe selfbeeld; wees positief ingestel; sien jousef as produktief, naamlik wat ek doen maak 'n verskil / het 'n effek; monitor jou gedagtes; wat en hoe jy dink is jy; kry 'n persoonlike motiverende leuse; positiewe selfpraat; glo jy kan.
VII HUMOR	Kweek 'n sin vir humor en lag soms vir jousef.

8. INTERPERSOONLIKE EFFEKTIWITEIT

VIII UNIK	Respekteer mense se diversiteit of uniekheid en akkommodeer dit; moenie van ander verwag om presies soos jy te dink of te doen nie; neem mense se verwysingsraamwerke en persepsies in ag, lê begrip aan die dag; probeer rede verstaan vir ander se optrede; dis nie nodig om 'n ja-broer te wees om aanvaar te word nie.
VIII INTE	Handhaaf 'n ingesteldheid dat mense mekaar nodig het; wees daarop ingestel om ander te ondersteun en te bemoedig; stel belang in ander mense se doen en late; werk aan jou verhoudings, pas it op; ondersteun en help mekaar veral in krisis en moeilike tye; gebruik jou kennis, gawes en middele tot bevordering van jou gemeenskap se belange; wees bereid om van jouself in verhoudings te gee; neem deel aan gemeenskapsaktiwiteite; die verhouding moet tot voordeel van almal wees; die verhouding moet sinvol wees / tot 'stigting' van iets wees; wees daadwerklik in jou kontak met ander; maak opbouende bydraes in ander se lewens; wederkerigheid in verhoudings; wedersydse betrokkenheid in mekaar se lewens is essensieel; onthou dat verhoudings na twee kante toe werk; jou positiewe ingesteldheid kring uit na ander om jou; beskou verhoudings as kosbaar; toon waardering en dankbaarheid teenoor ander, respekteer ander; lê goeie maniere aan die dag; dit is in jou mag om atmosfeer te skep; ag verhoudings; wees oop vir die idees en menings van ander; ontvang met dankbaarheid insette van jou medemens; wees gemaklik met die idee dat jy ander nodig het en hulle vir jou nodig het (interafhanklikheid).
VIII SENS	Wees sensitief vir die behoeftes van ander; neem ander se gevoelens in ag; streef daarna om objektief maar steeds simpatiek teenoor ander te wees (empatie); wanneer jy verskil van ander moet dit positief en meelewend wees, so demonstreer jy jou integriteit; wees ingestel op atmosfeer; probeer langtermyn gevolge antisipeer byvoorbeeld die invloed wat dit op jou verhoudings kan hê; respekteer ander se gevoelens; wees opreg in verhoudings; stel jouself empaties in; deur gebruik te maak van jou verbeelding kan jy jouself in 'n ander se skoene stel; wees eerlik maar sensitief vir ander se gevoelens; laat ander toe om hulself in jou teenwoordigheid te wees; aanvaar dat ander se gevoelens en idees net so belangrik vir hulle is as vir jou.
VIII BALN	Handhaaf balans in jou verhoudings; wees beskikbaar maar behou ook afstand /

	<p>privaatheid; wees konsidererend maar nie noodwendig altyd die minste nie; gaan voluit in verhoudings maar sonder om jousef af te skeep; behoeftebevrediging moet nie ten koste van ander wees nie; handhaaf 'n balans te opsigte van individualiteit en sosialiteit; handhaaf 'n treinspoor beginsel ten opsigte van jou verhoudings, met ander woorde, handhaaf 'n gesonde afstand in jou verhoudings. kyk na 'n saak in sy geheel.</p>
<p>VIII JOUS</p>	<p>Ken en aanvaar jousef ten opsigte van jou vermoë om sinvol en suksesvol in verhoudings te kan staan; ken jousef ten opsigte van verhoudings; ken jousef, is jy 'n groepsmens of 'n alleenmens; selfkennis is noodsaaklik; hou introspeksie, is jy voorwaardelik of onvoorwaardelik by ander betrokke; selfaanvaarding vergemaklik die aanvaarding van ander; wees positief ingestel teenoor jousef, jou ingesteldheid teenoor jousef beïnvloed jou interpersoonlike effektiwiteit; vertrou jousef en vertrou jou vermoë om persoonlik buigzaam te wees, hierdeur skep jy 'n basis vir jousef waarop jy kan uitreik na ander; glo dat jy aanvaarbaar vir ander is, met jou sterk en swakpunte.</p>
<p>VIII KONT</p>	<p>Handhaaf persoonlike kontrole in jou verhoudings : dink voor jy praat / of doen; plaas 'n wag voor jou mond; nie impulsief / dadelik reageer nie; vra om verskoning wanneer dit nodig is; wees eerlik en opreg; praat en sorteer geskille so gou as moontlik uit; moenie oorsensitief wees en alles persoonlik opneem nie, so kan die beste bedoelings as negatief beleef word; opbouende eerlikheid skep wedersydse vertroue; handhaaf 'n ingesteldheid dat jy met ander mense praat en nie oor hulle nie; geskille met ander moet aangespreek en nie geïgnoreer word nie; as jy te na gekom is, hanteer die situasie deur die saak uit te praat en die persoon te vergewe; leer die kuns aan om met ander te verskil sonder om afbreek aan iemand se waardigheid te doen; doen nie aan ander wat jy nie aan jousef gedoen wil hê nie; wees diplomaties selfs in geskil situasies; staak verhoudings wat afbrekende kritiek of kommunikasie tot gevolg het; moenie oorheersend / baasspelerig optree nie en moenie toelaat dat ander jou so behandel nie; aanvaar dat jy 'n rol in verhoudings te speel het en dat dié rol van jousef afhang of dit positief sal wees / nie; wees bereid om op te offer indien die situasie daarna vra; aanvaar verantwoordelikheid vir jou gedrag, wees bereid om verskoning te vra indien nodig, wees bereid om verduidelikings te gee vir geopenbaarde gedrag; moenie onnodig tyd afstaan aan negatiwiteit nie; met tyd kom</p>

	<p>raad; let op na die gevolge van jou gedrag; moenie onttrek as jy nie saamstem nie; neem standpunt in sonder om te oorheers; moenie die 'ek' voorop stel nie 'ekkerig'; elke mens het die reg om nee te sê; pasop vir selfbejammering en ontrekking; handhaaf jouself en tree positief op ongeag daarvan of jy gemaklik voel in die situasie of nie; stel emosies ondergeskik aan verhoudings byvoorbeeld broers; leer uit vorige ervaring en pas jou gedrag daarby aan; in jou kontak met ander hou bepaalde riglyne in gedagte (byvoorbeeld jou geloof, die land se wette, belangrike ander, ens.); wees verdraagsaam en konsidererend teenoor ander, vermy die gee van negatiewe kritiek.</p>
VIII KOMM	<p>Beskou kommunikasie as 'n belangrike onderbou van interpersoonlike verhoudings; die vermoë om te luister is belangrik vir gesonde verhoudings; verbaal en nie-verbale kommunikasie is 'n belangrike skakel tussen mense; oogkontak is belangrik; jou glimlag kan 'n brug tussen mense vorm; kommunikasie moet oop, sag, reguit en eerlik wees; kommunikasie moet positief wees; stel jouself ten doel om na ander te luister; skerp jou kommunikasievaardighede (verbaal en nie-verbaal) op, sodat die boodskappe wat jy wil oordra ander reg bereik.</p>



9. OUTONOMIE

IX SELFST	<p>Streef selfstandigheid na en leef dit uit; neem selfstandige besluite en bring dit tot uitvoer; fokus daarop om selfwerksaam, doelgerig en effektief te wees in dit wat jy doen; staan op jou eie bene; wees onafhanklik; bestuur self jou lewe; neem jou eie besluite; raak betrokke of skep situasies waar jy jou selfstandigheid kan uitleef; bly op koers, bly gerig; wees selfstandig, leer om jou persoonlike sake self te hanteer; glo in jou vermoë om jouself te kan bestuur; besluit dat die meeste probleme oorkombaar is en ruim so die vrees uit die weg om selfstandig op tree en die gevolge van jou optrede te aanvaar; vertrou jou intuïsie en jou insig; glo dat die kennis en insig waaroor jy beskik, asook innerlike krag jou sal help om in 'n krisissituasie selfstandig en korrek op te tree; ongeag jou vermoë, ag jouself kosbaar; ken jou talente en gebruik dit tot jou beste; jy het die reg op 'n opinie of siening.</p>
IX BALANS	<p>Leef jou selfstandigheid gebalanseerd uit; die uitlewing van jou outonomie moet realisties binne die beperkings van jou lewe wees; besef dat persoonlike outonomie relatief tot die situasie en behoefte is; evalueer die gebalanseerdheid van jou outonomie sodat dit nie lei tot isolasie / vervreemding of oorafhanklikheid nie; toets jou outonomie aan die realiteite en gegewe van / in die situasie; in die uitlewing van jou outonomie, besef dat mense op mekaar aangewese is; staan op jou regte, maar op 'n sosiaal-aanvaarbare wyse; handhaaf die siening dat jy steeds, afgesien van jou selfstandigheid, 'n verrykende effek op ander se lewens kan hê (en hulle op joune); neem jou eie besluite sonder om ander te na te kom, leef jou outonomie verantwoordelike uit; leef selfstandig maar wees bereid om ander se raad te aanvaar; 'n persoon behoort so op te tree dat sy selfstandigheid nie selfgerig raak en tot nadeel van ander is nie; kontroleer jou eie optrede sodat jy ander nie van hul selfstandigheid beroof, of van hulle afhanklik word nie; laat ruimte vir nuwe denkwyses, inligting en take binne die uitlewing van jou selfstandigheid; selfstandigheid beteken nie om ander te boelie nie.</p>
IX VERANT	<p>Neem die verantwoordelikheid om selfstandig te leef; verskuif jou fokus vanaf jou omstandighede na dit wat jy daarvan kan maak; alle mense het keuses; poog om in beheer van jou eie gedagtes te wees; neem die verantwoordelikheid om negatiewe realiteite en omstandighede op 'n positiewe wyse te bestuur; sien elke verleentheid as</p>

	<p>'n geleentheid; staal jousef deur moeilike omstandighede; sien nuwe uitdagings as 'n geleentheid om jousef te verryk / te ontwikkel; jy oefen jou keuses uit en neem verantwoordelikheid vir jou keuses; jy bepaal self hoe jy gaan optree; neem verantwoordelikheid vir jou eie gedrag; versterk diegene om jou se selfstandige optrede; neem die verantwoordelikheid om fisiese en emosionele bydraes te maak; maak die beste van elke situasie waarin jy is; probeer eers self oplossings vir jou probleme soek, voordat jy ander daarmee vermoei; wees voorbereid om met jou besluit saam te leef; aanvaar die verantwoordelikheid van jou gedrag; onthou dat jy in beheer is van jou gevoelens; toets die toepaslikheid van jou siening gereeld.</p>
IX TOERUS	<p>Rus jousef toe om selfstandig te wees; handhaaf 'n ingesteldheid tot persoonlike groei en vooruitgang; bekwaam of brei jousef uit op verskeie terreine deur byvoorbeeld opleiding of uitbreiding van kennis; wees entoesiasies oor nuwe uitdagings; behou 'n waaghouding; handhaaf selfvertroue; streef selfvervulling na, dit versterk selfverwesenliking; leef in harmonie met jousef; assosieer met selfstandige en positiewe mense; doen dinge wat effens moeiliker as jou gewone aktiwiteit is, met ander woorde as jy slaag word jy selfstandiger; selfkennis is noodsaaklik; ontwikkel probleemoplossende denke en vermoëns.</p>
IX RMODEL	<p>Besef dat die uitlewing van jou selfstandigheid as voorbeeld moet dien; wees 'n rolmodel; handhaaf 'n duidelike stel waardes en norme in die uitlewing van jou selfstandigheid.</p>
IX DELEGR	<p>Delegeer en motiveer; dis nie nodig om alles alleen te probeer vermag nie, betrek ander mense en vertrou hulle; spits jou daarop toe om deur jou denke en dade ander in hul selfstandigheid te bemagtig.</p>

10. INTEGRASIEVERMOë

<p>X ONVOORS</p>	<p>Aanvaar dat die wêreld moeilik en onvoorspelbaar is; hou in gedagte dat geen waarborge in die lewe bestaan nie; aanvaar dat daar nie altyd antwoorde op alle vrae is nie; besef dat elke mens uniek is, vandaar die oorsprong van dubbelsinnigheid / verskille in sieninge en verskille in interpretasies; besef dat daar dikwels teenstrydige idees binne een sosiale opset is; raak gemaklik met jou eie, asook ander se onvolmaaktheid; maak vrede met dit wat jy nie kan verander nie; beskou mense as komplekse wesens, onthou dat geen twee mense presies dieselfde oor gebeure dink of voel nie; aanvaar onsekerhede as deel van die lewe; aanvaar dat jy nie altyd suksesvol sal wees nie; aanvaar die uniekheid van mense en dat hierdie uniekheid tot verskille in denke en dae kan lei; aanvaar ook verskille in mense se leefstyle en sienswyses; waardeer die lewe soos dit is, moenie slegs die perfekte as goed waardeer nie; aanvaar dat die lewe gekompliseerd is; wees positief teenoor die ingewikkeldheid van sake en beskou dit eerder as multidimensioneel.</p>
<p>X WAARDES</p>	<p>Aanpassings en toegewings behoort binne die riglyne van persoonlike waardes en normes gemaak word; om die andersheid van mense / situasies te kan tolereer moet jy weet wie en wat jy is; sien jouself as meer waardevol as jou omstandighede; aanvaar wie en wat jy is; neem ander se sienings in ag, maar neem steeds jou eie besluite binne jou persoonlike waardesistiem.</p>
<p>X HANTEER</p>	<p>Probeer situasies of sake vanuit ander se perspektiewe ook te beredeneer; tree op en neem besluite met die insig tot jou beskikking; dink en doen op jou voete; wees versigtig om aannames sonder die nodige kennis en inligting te maak; moenie oorhaastig besluite neem of optree nie, oordink verskeie opsies of moontlikhede; moenie dink jy weet wat 'n ander persoon dink nie, verkry feite of toets jou idees; probeer vasstel wat ander mense se motiewe is; plaas gebeure binne die konteks waarin dit voorgekom het; ken 'n waarskynlikheid aan elke moontlike oplossing of gedrag toe en evalueer dan wat die beste toepaslike optrede sal wees; stel jouself daarop in om aan te pas by moeilike en veranderde omstandighede; handhaaf 'n ingesteldheid van 'oop vir enige gebeurlikheid' eerder as 'n rigiede uitkyk; wees soepel / buigzaam nie rigied nie; wees oop om by ander mense te leer; plaas sake in 'n groter geheel; hanteer elke persoon, situasie of gebeurtenis op sy eie meriete,</p>

	moenie vergelykings tref nie; aanvaar dat alles nie swart of wit is nie; kweek en troetel jou sin vir humor.
X KOMMUNI	Dra jou idees subtiel oor, in stede daarvan om dit te direk of aanvallend te doen (hierdeur breek jy weerstand af en maak jy ander ontvanklik vir jou idees); waar nodig gaan kompromieë aan deur ander te ontmoet op 'n gemeenskaplike of onderhandelde vlak; akkommodeer mekaar, jou siening / mening is nie noodwendig die enigste of regte een nie; interaksie / kommunikasie behels 'n proses waarin albei partye bydraes lewer - gee / neem / verskil / pas aan / leer / groei; dink voor jy praat; tree kalm en doelgerig op.
X FOUTEAA	Aanvaar dat almal foute maak, geen persoon is foutloos nie; verdra mekaar se foute en tekortkominge, aanvaar almal maak foute, jy kan nie altyd reg wees nie, aanvaar dit.
X HOPTERU	'Hop terug' / veerkragtig / springmat; glo jy kan enige situasie wat op jou pad kom, hanteer; sien in elke verleentheid 'n geleentheid; die maak van foute of terugslae kan 'n ervaringsgeleentheid / groeigeleentheid wees; pas aan by terugslae en leer daaruit; ontwikkel die vermoë om jouself te buffer teen teleurstelling, of teenstrydighede.

BYLAE E

'N VOLLEDIGE LYS VAN DIE GEMIDDELDES EN STANDAARDAFWYKINGS
VAN DIE ITEMS VAN DIE VYF-PUNTSKAAL EN DIE FREKWENSIES VAN DIE
SPONTANE BYDRAES

VYF-PUNTSKAAL		
ITEM	\bar{x}	s
IS1	4.78	0.60
IS2	4.81	0.53
IS3	4.75	0.50
IS4	3.65	1.20
IS5	4.87	0.42
IS6	4.62	0.49
IS7	4.31	0.85
IS8	4.18	0.89
IIS1	4.87	0.33
IIS2	4.87	0.33
IIS3	4.53	0.50
IIS4	4.31	0.73
IIS5	4.84	0.44
IIIS1	4.59	0.61
IIIS2	4.75	0.43
IIIS3	4.65	0.54
IIIS4	4.68	0.53
IIIS5	4.78	0.49
IIIS6	4.62	0.55
IIIS7	4.50	0.72
IVS1	4.78	0.42
IVS2	4.84	0.36
IVS3	4.59	0.61
IVS4	4.53	0.62
VS1	4.56	0.61
VS2	4.83	0.44
VS3	4.62	0.55
VS4	4.65	0.54
VS5	4.34	0.86
VIS1	4.53	0.76
VIS2	4.40	0.83
VIS3	4.12	0.94
VIS4	4.84	0.44
VIS5	4.65	0.70
VIIS1	5.00	0
VIIS2	4.78	0.42
VIIS3	4.78	0.49

SPONTANE BYDRAES	
ITEM	f
I DOELFOR	19
I MOTIVEE	21
I BEPLANN	29
I DEURSET	16
I INVLOED	5
II VERANT	24
II SELFBE	22
II INTROS	21
II HULPBR	1
II ERKENN	15
II KONFLK	8
II VOLHAR	3
III KONTE	3
III VERSK	19
III ANDER	17
III VERWY	19
III ONDER	6
III ATMOS	7
III SELFG	7
III FOUTE	9
III INTRO	8
IV VERSKI	5
IV HANTEE	21
IV INTROS	5
IV INGEST	3
IV BUIGSA	12
IV VERAND	8
IV FOUTE	4
IV SELFBE	6
IV HUMORS	2
IV KENNIS	10
IV MIMPUL	8
IV SENSIT	3
IV BALANS	6
IV ONDERS	7
V VOLHARD	23
V POSINGE	11

BYLAE F

DIE GEINTEGREERDE ITEMS VAN DIE VYF-PUNTSKAAL EN SPONTANE BYDRAES VOLGENS RANGORDES

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
III (iv): [VIII UNIK; IV VERSKI; III VERSK]	4.68	0.53	35	30.54	1
V (ii): [VI DEURSE; I DEURSET; II VOLHAR]	4.84	0.44	25	26.08	2
II (ii): II VERANT	4.87	0.33	25	25.92	3
VII (iii): II VOLHARD	4.78	0.49	23	24.84	4
VI (v): IX SELFST	4.65	0.70	24	24.55	5
VII (ii): [VII VERAN; VIII JOUS]	4.78	0.42	21	24.01	6
[IV HANTEE; III ANDER]	0.00	0.00	38	24.00	7
X (ii): [III FOUTE; X FOUTEAA]	4.71	0.45	20	23.30	8
[VII (vi): VI (i)]; VI SOSIAL	4.62	0.64	19	22.14	9
III (vii): [VI AKTIEF; V HULPBR; II HULPBR]	4.50	0.76	19	21.60	10
IV (ii): VIII SENS	4.84	0.36	15	21.28	11
II SELFBE: IV MIMPUL	0.00	0.00	30	20.00	12
IX TOERUS: VI PERONT	0.00	0.00	30	20.00	13
I BEPLANN	0.00	0.00	29	19.50	14
IV (i): X KOMMUNI	4.78	0.42	11	19.01	15
IV (iv): IV BUIGSA	4.53	0.62	12	18.51	16
VII SELFA	0.00	0.00	26	18.00	17
III (ii): III INTRO; IV INTROS	4.75	0.43	7	16.93	18
VIII KONT	0.00	0.00	21	15.50	19
II INTROS	0.00	0.00	21	15.50	20
I MOTIVEE	0.00	0.00	21	15.50	21
[I (vii); III (vi)]; IX RMODEL	4.46	0.70	6	15.17	22
IX (iv): III KONTE	4.78	0.42	3	15.01	23
VII ANDER	0.00	0.00	20	15.00	24
VII (i)	5.00	0.00	0	15.00	25
III VERWY	0.00	0.00	19	14.50	26
IX VERANT	0.00	0.00	19	14.50	27
I DOELFOR	0.00	0.00	19	14.50	28
V BEPLAN	0.00	0.00	18	14.00	29
X ONVOORS	0.00	0.00	18	14.00	30
II (i)	4.89	0.33	0	13.95	31
VI (iii): IV BALANS	4.12	0.94	6	13.89	32
VIII (v)	4.84	0.36	0	13.78	33
X (iv)	4.84	0.36	0	13.78	34
I (viii): I INVLOED	4.18	0.89	5	13.64	35
VI (iv)	4.84	0.44	0	13.58	36
II (v)	4.84	0.44	0	13.58	37
VIII (i)	4.78	0.42	0	13.51	38
IX (iii): V (iv)	4.78	0.42	0	13.51	39
IX (i): I (v)	4.84	0.47	0	13.51	40
VIII KOMM	0.00	0.00	17	13.50	41
III (v)	4.78	0.49	0	13.34	42
X (I)	4.75	0.50	0	13.25	43
[I (i); I (ii)]	4.79	0.56	0	13.18	44
X (iii)	4.71	0.52	0	13.12	45

ITEM	VYF-PUNTSKAAL		SPONTANE BYDRAE	TOTAAL	RANGORDE
	\bar{x}	s			
IX (ii)	4.68	0.53	0	13.04	46
I (vi)	4.62	0.49	0	13.02	47
V MOTIVER	0.00	0.00	16	13.00	48
V (iii)	4.62	0.55	0	12.87	49
II (iii)	4.53	0.50	0	12.81	50
III (i)	4.59	0.61	0	12.66	51
IV (iii)	4.59	0.61	0	12.66	52
V (i)	4.56	0.61	0	12.60	53
VIII (ii)	4.78	0.79	0	12.59	54
VI (v)	4.65	0.70	0	12.55	55
II ERKENN	0.00	0.00	15	12.50	56
[VIII (iii): VI (ii)]	4.54	0.71	0	12.31	57
[VIII (vi): III (iii)]	4.51	0.74	0	12.17	58
X HANTEER	0.00	0.00	14	12.00	59
II (iv)	4.31	0.73	0	11.79	60
VIII (vi)	4.53	1.01	0	11.54	61
V (v)	4.34	0.86	0	11.53	62
VII FOUTE	0.00	0.00	13	11.50	63
VIII INTE	0.00	0.00	13	11.50	64
[I (iii): I (iv)]	4.20	0.85	0	11.28	65
IX BALANS	0.00	0.00	12	11.00	66
X WAARDES	0.00	0.00	12	11.00	67
V POSINGE	0.00	0.00	11	10.50	68
VI SELFVR	0.00	0.00	10	10.00	69
IV KENNIS	0.00	0.00	10	10.00	70
V VERANTW	0.00	0.00	9	9.50	71
VI BEPLAN	0.00	0.00	9	9.50	72
V KEUSED0	0.00	0.00	8	9.00	73
VII MOTIV	0.00	0.00	8	9.00	74
II KONFLK	0.00	0.00	8	9.00	75
VIII BALN	0.00	0.00	8	9.00	76
VII AKTIE	0.00	0.00	8	9.00	77
III ATMOS	0.00	0.00	7	8.50	78
III SELFG	0.00	0.00	7	8.50	79
IV ONDERS	0.00	0.00	7	8.50	80
VII BALAN	0.00	0.00	7	8.50	81
VI MOTIVE	0.00	0.00	6	8.00	82
IV SELFBE	0.00	0.00	6	8.00	83
V BALANSH	0.00	0.00	6	8.00	84
III ONDER	0.00	0.00	6	8.00	85
V FIKSHEI	0.00	0.00	5	7.50	86
IX DELEGR	0.00	0.00	4	7.00	87
X HOPTERU	0.00	0.00	4	7.00	88
IV FOUTEB	0.00	0.00	4	7.00	89
IV SENSIT	0.00	0.00	3	6.50	90
IV INGEST	0.00	0.00	3	6.50	91
VI BALANS	0.00	0.00	3	6.50	92
IV HUMORS: VII HUMOR	0.00	0.00	3	6.50	93
VI VERANT	0.00	0.00	2	6.00	94

BYLAE G

'N VOORBEELD VAN DIE NAVORSERS SE OOREENSTEMMING EN VERSKIL
IN DIE INTERPRETASIE VAN SPESIFIEKE ITEMS IN 'N BEPAALDE TEMA EN
SUB-TEMAS

Beide navorsers was van mening dat die items wat handel oor verantwoordelikheid in die tema deurdruk (selfstandigheid) tuis hoort. 'n Enkele verskil het by die indeling van die items in sub-temas voorgekom. 'n Ooreenkoms is by wyse van beredenering bereik.

Die items is as volg in die betrokke sub-temas ingedeel:

SUB-TEMA	NAVORSER 1	NAVORSER 2	OOREENGEKOME INDELING
Aanvaarding van verantwoordelikheid	VI VERANT II (ii) II VERANT II (I) V VERANTW	VI VERANT II (ii) II VERANT II (i)	VI VERANT II (ii) II VERANT II (i)
Selfbestuur	IX (iii)	V VERANTW IX (iii)	V VERANTW IX (iii)

Bogenoemde is 'n voorbeeld van die groot mate van ooreenstemming wat tussen die navorsers se interpretasie voorgekom het.

BYLAE H

30 Julie 1999

Beste Opvoeder

Dit is vir ons belangrik dat die bruikbaarheid van die *Sambreelboek van Welwees* deur u as opvoeders wat hieruit waarde mag vind, geëvalueer word.

Baie dankie dat u uself bereid verklaar het om ons in dié verband behulpsaam te wees.

Die onderstaande instruksies is van toepassing:

1. Lees asseblief die Sambreelboek deur, en let daarop dat die instruksies vir toepassing in die inleidende gedeelte van die boek bespreek word. Handige idees vir toepassing word ook ingesluit in Tabel 3 van die boek.
2. Elke tema bestaan uit vier sub-temas. U moet ten minste twee, of verkieslik meer sub-temas van u keuse uit elke tema toepas.
3. In geval waar u met hoërskool leerlinge werk moet hulle asseblief die meegaande terugvoervraelys voltooi.
4. Voltooi hierna asseblief die meegaande evaluasielys noukeurig.

Baie dankie vir u bydrae.

Renché Nel en Ilse de Beer

BYLAE I

VRAELYS AAN OPVOEDERS

Voltooi asseblief die onderstaande vraelys nadat u die opvoedkundige hulpmiddel deurgewerk en toegepas het:

1. OORSIGTELIK

1.1 Spontane kommentaar: Wat dink u van die *Sambreelboek van Welwees*?

1.2 In watter opsig is u normaalweg betrokke by die opvoeding van ander mense?

1.3 Hoe is u van mening dat die stimulering van gesonde persoonlikheidsfunksionering 'n belangrike deel vorm van die opvoedkundige taak?

1.4 Vind u waarde in die *Sambreelboek van Welwees* as hulpmiddel by die stimulering van gesonde persoonlikheidsfunksionering?

HOEGENAAMD NIE

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

HEELTEMAL

2. TEGNIESE AANBIEDING

2.1 Spontane kommentaar: Wat dink u van die tegniese aanbieding van die *Sambreelboek van Welwees*?

Wat is u indruk ten opsigte van die volgende aspekte rakende die tegniese aanbieding van die *Sambreelboek van Welwees*? Merk u antwoord op die vyf-puntskaal waar een dui op sinvol en bruikbaar en vyf dui op sinneloos en onbruikbaar.

2.2 Die uitleg van die *Sambreelboek van Welwees* in temas:

SINNELOOS/ONBRUIKBAAR

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 SINVOL/BRUIKBAAR

Rede: _____

2.3 Die uitleg van die *Sambreelboek van Welwees* in sub-temas:

SINNELOOS/ONBRUIKBAAR

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 SINVOL/BRUIKBAAR

Rede: _____

2.4 Aanwending van kleur om die ses temas van die *sambreelboek* te beklemtoon:

SINNELOOS/ONBRUIKBAAR

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 SINVOL/BRUIKBAAR

Rede: _____

2.5 Die gebruik van spreuke om die inhoudelike oor te dra:

SINNELOOS/ONBRUIKBAAR

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 SINVOL/BRUIKBAAR

Rede: _____

2.6 Elke spreuk begin met 'n werkwoord, die doel hiervan is om persoonlike betrokkenheid by die leser te stimuleer. Is dit na jou mening sinvol?

SINNELOOS/ONBRUIKBAAR

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 SINVOL/BRUIKBAAR

Rede: _____

2.7 Die gebruik van ingevoegde gelamineerde bladsye vir selfstudie?

SINNELOOS/ONBRUIKBAAR

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 SINVOL/BRUIKBAAR

Rede: _____

2.8 Enige ander kommentaar oor die tegniese versorging:

3. GEBRUIK VAN SIMBOLIEK

3.1 Spontane kommentaar: Wat dink u van die gebruik van simboliek in die *Sambreelboek van Welwees*?

3.2 Die simboliese gebruik van 'n sambreel as 'n beskermende huls reflekteer die voordele van geestesgesondheid. Wat dink u hiervan?

SINNELOOS/ONBRUIKBAAR

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 SINVOL./BRUIKBAAR

Rede: _____

3.3 Die bekende fabel van die skilpad en haas as leermeester en leerling beklemtoon persoonlikheidsontwikkeling en groei. Wat dink u hiervan?

SINNELOOS/ONBRUIKBAAR

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 SINVOL./BRUIKBAAR

Rede: _____

3.4 Die anagram “OPSKUD” dra die boodskap van dringendheid van die stimulering van gesonde persoonlikheidsfunksionering oor. Wat dink u hiervan?

SINNELOOS/ONBRUIKBAAR

1	2	3	4	5
---	---	---	---	---

 SINVOL./BRUIKBAAR

Rede: _____

4. TOEPASLIKHEID VAN DIE INHOUD

4.1 Spontane kommentaar: Wat dink u van die toepaslikheid van die inhoud van die *Sambreelboek van Welwees*?

4.2 Is u van mening dat die *Sambreelboek van Welwees* toepasbaar en bruikbaar in verskeie ontwikkelingsfases van die mens kan wees?

JA	<input type="checkbox"/>	NEE	<input type="checkbox"/>
----	--------------------------	-----	--------------------------

Gee asseblief u kommentaar hieroor?

4.3 Noem in watter ontwikkelingsfases van die mens die inhoud van die *Sambreelboek van Welwees* toepasbaar en bruikbaar is:

4.4 Die doel van die *sambreelboek* is nie noodwendig om dit in alle omstandighede van A to Z deur te werk en toe te pas nie, maar eerder om volgens behoefte toepaslike dele uit te haal. Sal u verskillende temas en sub-temas na gelang van omstandighede kan identifiseer en toepas vir elke ontwikkelingsfase hierbo genoem? Skryf jou idees hier rondom neer:

4.5 'n Lys van toepassingsvoorbeelde word in die laaste afdeling van die boek weergegee. Stimuleer hierdie idees u tot die ontwikkeling van unieke, praktiese hantering van die temas en sub-temas?

4.6 Watter van hierdie voorbeelde sal u kan gebruik in die toekoms?

Baie dankie vir u bereidwilligheid om ons met hierdie projek behulpsaam te wees. Ons sal die vraelys by u kom afhaal wanneer u dit voltooi het.

RENCHÉ NEL & ILSE DE BEER
Te. (012) 667 6093 (014) 743 0218

